Breytenbach 42-43

VAN ZYL SLABBERT OOR DIE SAUK

# vrye weekblad

24 JUNIE - 7 JULIE 1993 ● R5,00

ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE



# DIE NUWE SA: SCENARIO'S, VRESE EN VOORUITSIGTE

**Springbokke teen Franse: Die McIntosh-faktor**

**En nou vir 'n bruin volkstaat**

**Die NP trek 'n stertriem aan**

**Breyten Breytenbach is weer Buiten Buitengewoon**

ISSN 1015-9649



IN AFRIKA, HET ONS DIE REISKUNS GENEEM EN DIT VLERKE GEGEE.

In die vroegste tye het die mens opgekyk en sy arms uitgestrek ... want dit was sy droom om te vlieg soos 'n arend.

Ons, die mense van Afrika, het die droom geneem en dit omskep in iets baie besonders. Want in hierdie wydgestrekte land het ons meer omtrent die reiskuns geleer as enigiemand anders.

Kom beleef 'n wêreld van weelde, gerief en warmte.

In ons strewe om die vliegkuns in 'n buitengewone ervaring te omskep, is ons beloon deur die lesers van Brittanje se *Executive Travel*-tydskrif. Hulle het ons vyf jaar na mekaar aangewys as die lugredery van hul keuse na Afrika. Maar vir die Suid-Afrikaanse Lugdiens eindig dit nie daar nie, want ons wil die reiskuns verby die gewone grense neem.

Ons het dit vlerke gegee.

SAL
SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

'n Divisie van Transnet Beperk

LINDSAY SMITHERS-FCB 7412

vrye weekblad

2 5 J U N I E 1 9 9 3

# INHOUD

## TWEEDE REEKS. NO. 1

4 Kortbegrip
9 Die NP arriveer in Afrika
11 Wat trek witmense na Inkatha?
17 Ses fotograwe kies hul beste foto's
21 Preserveermiddels: Pasop wat jy eet
23 Bruin nasionalisme: 'n Volkstaat?
26 Boerkindertjies en 'n Engelse oom in die veld
30 Koos Vermeulen waak teen die Geel Gevaar
32 Somalië: 'n Alfabet vir 'n land vol digters
34 Vrede: 'n Rugvryfoorlog sonder einde
36 Films: Swart Cowboys terug in die saal
38 Musiek: Bach en beat onder dieselfde dak
42 Boeke
45 Briewe

# RUBRIEKE


8 Vlieg in die salf
12 Brolloks en Bittergal
20 Lewenstyl
41 Koopkrag
41 Vrouefront
46 Vrye keuse
48 Ontdek 'n eetplek
48 Wynproe
49 Fynproe
50 Klipoog

# SPORT

51 Rugby: Die McIntosh-faktor
52 Tennis: Gaan Boris bars?

# LAASTE SÊ

54 Van Zyl Slabbert oor die SAUK-raad



13 Don't worry, be happy: Gaan jy beter af wees in die Nuwe Suid-Afrika as in die oue? Hoeveel van jou vrese is net in jou kop? (Detail uit poster deur Aleksander Tarasov, uit The Posters of Glasnost and Perestroika. Penguin)



28 Werkswinkel, Pearston, deur Walter Meyer. Nóg avant-garde, nóg polities-korrek, maar Meyer maak sy merk.

Hier hou jy hom in jou hande: die eerste uitgawe van Vrye Weekblad die Nuustydskrif. Ons verskyn voortaan tweeweekliks, so die volgende uitgawe is op 8 Julie. Vrye Weekblad is by die meeste takke van die CNA landwyd beskikbaar, maar ook by boekwinkels en kafees. Die beste manier om seker te maak jy mis nie 'n uitgawe nie, is om in te teken en dit voor die naweek in jou posbus of by jou voordeur te laat aflewer. Daar is 'n spesiale inteken-aanbod op bladsy 16. Probleme met beskikbaarheid kan by Nicolette Viljoen by tel (011) 836 2151 aangemeld word.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Breestraat 153, Johannesburg. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Pretoria-kantoor se nommer is (012) 83-4879.
VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.

# **kort**begrip

## *Mense se dinge*

**WAAGHALSE:** Reg in die bek van die resessie doen Cosmopolitan Jane weer haar ding - met drie suksesvolle tydskrifte in haar stal het Jane Raphaely en Volker Kühnel, die waaghalsige tweeling van die tydskrifmark, hul vierde glanstydskrif, House and Leisure, op die rakke gekry. "We're not packing, we're publishing" sê die vrou wat die negentigerjare só takseer: nesmaak, kokonne vorm, geld aan huisgoed uitgee eerder as aan klere en mooimaakgoed.

**BENOEM:** As vise-rektor vir die Universiteit van Stellenbosch: prof Bernard Lategan, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, en prof Walter Claasen, direkteur van Navorsingsadministrasie. Die verkiesing vind op 25 Junie plaas.

**DOOD:** Prof Hennie Maree, 55, rektor van die Pretoriase Onderwyskollege en president van die SA Onderwysersfederasie aan hartversaking, ná 'n kwaai griepaanval.

**DOOD:** Dr Hennie Grové, 73, voormalige direkteur van Hospitaaldienste van die TPA en lid van die tugkomitee van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, aan hartversaking tydens 'n vakansie in die Krugerwildtuin.

**DOOD:** James Hunt, 45, charismatiese renjaer en formule een-wêreldkampioen in 1976.

**AANGESTEL:** Piet Coetzer, LP vir Springs en hoofdirekteur Inligting van die NP, David Chuenyane, NP-organiseerder in Soweto, en dr Lucas Nel, ministeriële verteenwoordiger, as nuwe LUK's vir Transvaal .

**AANGESTEL:** Gerrie Sonnekus, voormalige Springbok-agsteman, as eerste direkteur ontwikkeling en afrigting van die Vaaldriehoekse Rugbyspan.

**AANGESTEL:** Prof Marinus Wiechers, 55, hoof van die departement Staats- en Volkerereg en bekende grondwetkenner, as rektor van Unisa in die plek van prof Cas van Vuuren, wat uittree.

## S O S Ê H U L L E

"Ons vermoor nie wittes omdat ons hulle haat nie, maar uit liefde. Ons wil die apartheidduiwel uit hul koppe kry."
**VUMA TIKINCA,** *Apla se streekbevelvoerder in Umtata*

"Vroue is mos beter as mans daarmee om lank stil te sit en dieselfde ding te doen."
*Kmdt* **HANNES GROBLER,** *waarnemende bevelvoerder van die Pantserskool in Bloemfontein oor die opleiding van vroue in die weermag, veral vir take soos die bemanning van 'n rekenaar*

"Sou die PAC ooit 'n leier kon vind met die vermoë om skares te lok soos wat Chris Hani kon, sal die droom van 'n veelrassige Suid-Afrika byna sekerlik verdwyn in 'n wolk van traangas."
*SA korrespondent* **TOM CARVER** *in die* New Statesman & Society

"Daar is soveel onsekerheid in hierdie oorgang na magsdeling dat baie Afrikaners verward begin skarrel. Hulle bedank uit die AB of spring bont in die politiek rond. Dis half tragies-komies, eintlik, en 'n bietjie pateties."
**PROF PIETER DE LANGE,** *voorsitter van die Afrikaner Broederbond*

"Ek het gehoor wat julle sing. Die jeug het 'n reg om kwaad te wees... Ek vra net dat die jeug sy woede reg kanaliseer."
**NELSON MANDELA,** *president van die ANC, by 'n Sowetodag saamtrek waar die skare "Kill the Boer, kill the farmer" gesing het*

"Nooit weer moet kinders in die politieke spervuur beland omdat grootmense nie met mekaar praat nie en doof is wanneer met hulle gepraat word. Ons oë moet nie gesluit wees vir die lesse van 1976 nie."
**LEON WESSELS,** *minister van Mannekrag oor 16 Junie 1976*

"'n Mens kan in sokker ons verkleinde rol sien, ons sosiale uitputting, ons onvermoë om te vernuwe... Ons het rumatiek van die siel in dié land en dit word uitgedruk deur ons nasionale span."
**ROGAN TAYLOR,** *'n leergees by die Universiteit van Leicester se Center for Football Research, na Engeland se sokkerspan se skokneerlaag teen die Amerikaners met 2-0*

# WOORDE VIR DIE WINTER

BREYTEN BREYTENBACH, wie se bundel *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* pas verskyn het, is een van die sprekers op 'n Winterforum wat op 16 en 17 Julie deur die departement Afrikaans en Nederlands aan Wits aangebied word.

Breytenbach, Martin Versfeld, Frederik van Zyl Slabbert en Neville Alexander open die forum met die bespreking "Minderheidstaal, minderheidsletterkunde".

Breytenbach sal ook praat oor "Local is lekker - Afrikaans se posisie in die Suid-Afrikaanse letterkunde".

'n Verrassing onder die sprekers - oor onderwerpe wat wissel van "Feminisme in die Afrikaanse letterkunde" tot "Die 'fyn lyn' tussen fiksie en werklikheid" - is die skrywer Dan Roodt. Roodt, wat in die vroeë tagtigerjare naam gemaak het met onder meer die - vinnig verbode - politieke satire *Sonneskyn & Chevrolet* en daarna jare lank in Frankryk gebly het, praat oor "Die lus om te behaag - Erotiek: Sensasie of subversie?"

Roodt is al 'n ruk terug in die land en werk as ekonoom vir 'n voorste bank.

Ander sprekers is Marianne de Jong, Johann de Lange, Hans du Plessis, Corlia Fourie, Jakes Gerwel, Jeanne Goosen, Ryk Hattingh, Koos Human, JC Kannemeyer, Antjie Krog, Wilhelm Liebenberg, Ernst Lindenberg, Charles Malan, Frans Marx, John Miles, Glen Moss, Andries Oliphant, Koos Prinsloo, Riana Scheepers, Hettie Scholtz, Martin Versfeld, Louise Viljoen, Helize van Vuuren en Marita van der Vyver.

Om die forum by te woon kos R60 (geselligehede inkluis) en belangstellendes moet hulle voor 30 Junie inskryf by die departement van Afrikaans en Nederlands, Poskantoor WITS 2050. Tel (011) 716-3741, faks (011) 403-2317.

- JOHANNES BRUWER

## H E T J Y G E W E E T ?

Die oorspronklike Ku Klux Klan is in 1866 in die geheim in die Amerikaanse Suide gestig om swartmense te terroriseer wat dit durf waag het om te gaan stem nadat die Konfederale magte die vorige jaar in die Amerikaanse Burgeroorlog verslaan is. Dié organisasie is tussen die jare 1869 en 1871 ontbind. Die huidige Ku Klux Klan is in 1915 gestig.

# kortbegrip



Kubaanse soldate tydens 'n militêre parade op hul fietse. Voor die val van die Oos-Blok was dié parades 'n magsvertoon van krygstuig en tenks. Fidel Castro se regering het laasweek aangekondig hy gaan die weermag baie kleiner maak weens die desperate stand van die ekonomie. (Foto: AP)

## Sonder suiker, sonder olie

Kuba se kruppel ekonomie het die laagste moontlike hou gekry wat die sosialistiese regering van dié revolusionêre eiland dalk stadig op sy knieë gaan dwing: sy suikerproduksie is vanjaar die helfte van wat dit verlede jaar was.

Suiker is Kuba se belangrikste uitvoerproduk. Dit is egter meer as dit: Kuba ruil 1,5 ton suiker vir 2 tot 3 miljoen ton petrol by Rusland. Verlede jaar se produksie was 7 miljoen ton; vanjaar s'n ver onder die 4 miljoen ton. Dit beteken byna alle buitelandse kontrakte is gekanselleer - dié met Rusland inkluis. Die regering blameer die swaar reën en vloede vir die misoes. Daar is reeds 'n ernstige tekort aan brandstof in Kuba.

## CIB-VELDTOG TEEN SLABBERT

DIE storm om Van Zyl Slabbert en die nuwe SAUK-raad kring uit. Die Campaign for Independent Broadcasting het 'n veldtog begin om Slabbert se geloofwaardigheid te bevraagteken.

Vandeesweek se noodvergadering van die Raad is belê om 'n vergadering te bespreek tussen die CIB en vyf raadslede op 12 Junie waarvan Slabbert nie geweet het nie.

Slabbert het aan die 23 raadslede - twee het bedank - afskrifte gestuur van 'n beweerde notule van daardie vergadering, tesame met die notule van besluite van die eerste raadsvergadering.

Raadslede teenwoordig by die vergadering met die CIB was Ndjabule Ndebele (die oorspronklike voorsitter), Fatima Meer, Fikile Bam, Brigalia Bam en Ruth Tomaselli. Raymond Louw, Neil Coleman en Peter Mayibuye van die ANC was ook ander andere teenwoordig.

Uit die notule blyk dit dat die CIB 'n verbete veldtog begin het om in medewerking met 'n aantal raadslede te sorg dat Ndebele heraangestel word as voorsitter - as eerste stap om die sewe oorspronklike benoemdes heraangestel te kry in 'n vergrote raad van 32.

Dit is bekend dat Slabbert verskeie gesprekke met FW De Klerk sowel as Nelson Mandela gevoer het oor die krisis en die gebrek aan legitimiteit van die Raad.

Tydens die skrywe hiervan is dit nog nie bekend of 'n politieke kompromie tussen De Klerk en Mandela bereik is nie. 'n Moontlike minimum-vereiste van die ANC is die aanstelling van Ndebele en die bedanking van Gertina Cilliers en Hendrik Bartels. Daar is beswaar teen Cilliers weens haar voorsitterskap van Dameskring, die vroulike Broederbond, en teen Bartels weens sy verbintenis met Sanlam, wat 'n aandeel in M-Net besit. Die ANC dring ook aan dat Franklin Sonn en Enos Mabuza, wat sonder konsultasie bedank het, weer aangestel moet word. (Sien berig op bladsy 54.)

- HENNIE SERFONTEIN

## BEGIN VAN NP SE GROOT GEVRY

DIE NP-saamtrek verlede naweek op Pietersburg is die begin van 'n fyn beplande veldtog om steun te wen onder die meer konserwatiewe en tradisionele plattelandse swart bevolking. Dit word amptelik ontken, maar 'n senior NP-parlementslid wat ten nouste betrokke is by die strategiese spel, sê reguit: "Ons het net 20 persent van die swart stem nodig om te keer dat die ANC die verkiesing met 'n absolute meerderheid wen. Dit maak dus sin om te konsentreer op die miljoene potensiële swart ondersteuners vir óf die NP self, óf vir 'n breë alliansie onder NP-leierskap."

Die Pietersburg-saamtrek was die eerste openbare bevestiging van so 'n veldtog, waaraan langer as 'n jaar gewerk is. Dit volg op 'n reeks ontmoetings tussen Pik Botha, Transvaalse leier van die NP, en senior stamkapteins in Oos-Transvaal.


Die NP het reeds 'n stuk of twaalf swart streekdirekteure in Natal en Transvaal aangestel wat net op swartmense konsentreer, asook 20 heeltydse amptenare in Natal en Transvaal en drie in die Vrystaat.

'n Sleutelfiguur in die beplanning was David Chuenyane, voormalige lid van Apla en die PAC wat byna 30 jaar in die VSA gewoon het, waar hy hom as teoloog en ingenieur bekwaam het. Hy het verlede jaar teruggekeer om direkteur te word van die veldtog in Soweto, en is pas aangestel as lid van die Transvaalse Uitvoerende Komitee.

Die "rally" in Pietersburg was duidelik 'n magsvertoon. Oor die feit dat daar minder mense opgedaag het as wat verwag is, het Botha gesê: "Ons het beplan vir 10 000 mense en hier het 7 000 opgedaag. Die ander kon nie kom nie weens intimidasie."


Feit bly staan dat die teenwoordiges vanoor die hele Noord-Transvaal in busse aangery is. Daar was nie baie mense van die naburige Seshego met sy 100 000 inwoners nie. Die vraag is: sal die NP só 'n saamtrek in Soweto of ander stedelike townships kan hou?

- HENNIE SERFONTEIN



'n VVO-helikopter hang oor die reeds verwoeste motorpark van die Somaliese krygsheer genl Mohammed Farrah Aidid in Mogadisjoe. Die bloedige botsings tussen vredesmagte van die VVO en Somali-burgerlikes en volgelinge van Aidid is slegte nuus vir die VVO se vredespogings en het 'n militêre ingryping in Bosnië nog meer onwaarskynlik gemaak. Die VVO kan ook nie meer bybly by al die vredesoperasies nie. "Ons is in 'n oorgangsperiode van stabiele vredesbewaring na dinamiese vredesafdwinging, maar ons het nie tyd om aan te pas nie," sê die assistent sekretaris-generaal van die VVO belas met vredesoperasies, Iqbal Reza van Pakistan. (Foto: AP)

## Goldstone oor Cuna



Joao Cuna

'N KOMITEE van die Goldstone-kommissie het bevind dat geen stawende getuienis bestaan vir die relaas wat die Mosambiekse droster Joao Cuna verlede jaar aan *Vrye Weekblad* van 'n aanval op ANC-ondersteuners in Natal gegee het nie.

Cuna, 'n agent vir Militêre Intelligensie en handlanger van die BSB-voorbok Ferdi Barnard, se storie het gelei tot die ontmaskering van die geheime Direktoraat Koverte Insameling.

Cuna, wat uit vrees herhaaldelik geweier het om sy getuienis te voltooi, het ná sy inhegtenisname beweer die ANC het hom verplig om die storie aan *Vrye Weekblad* te vertel. Die Goldstone-kommissie het dié bewering ook verwerp.

** Vrye Weekblad se redakteur se kommentaar: Die kommissie se ondersoek na die Cuna-geval was uiters onbevredigend en oppervlakkig. Dit is jammer dat die kommissie nie bloot bevind het dat hy nie 'n bevinding oor die saak kan maak nie, want daar is steeds meer vrae as antwoorde oor die hele episode. Ons ervaring is dat Cuna as mens 'n algehele metamorfose ondergaan het tussen die tyd dat ons met hom gesels het en sy verskyning voor die kommissie.*

*Oor die mees kritieke vraag spreek die kommissie hom nie uit nie: as hy nie betaal is vir sy storie nie en niemand hom aangehits het om dit te doen nie, waarom sou hy uit die bloute as agent van 'n berugte MI-eenheid by Vrye Weekblad opdaag en so 'n storie in besonderhede versin? En dit terwyl al die ander inligting wat hy rondom die verhaal vertel het, nou waar bewys is?*


**FORUM ON THE ROLE AND FUNCTION OF PSYCHOLOGY IN A NEW SOUTH AFRICA**

3 AND 4 SEPTEMBER 1993

A Forum is to be held on 3 and 4 September 1993 to address urgent issues regarding the role and Function of Psychology in a New South Africa.

The Forum will be a working Forum and the participants will form part of the process of formulating recommendations for the Role and Functions of Psychology in a Future South Africa.

All interested organisations or parties can apply to attend. If you are interested to attend please submit your application BEFORE 9 JULY 1993 TO THE FOLLOWING:

The Credentials Committee
Forum on Psychology
Private Bag 29356
SUNNYSIDE
0132

Estelle du Plessis or Adriaan Woudstra
Tel: (012) 3414313
Fax: (012) 3410510

Please indicate clearly your link with or interest in Psychology as this will be used for the issuing of invitations.


# 'N PISTOOL VIR POUSE

SKOOLGAAN en skoolhou in Amerika is nie maklik nie. Navorsing het glo onthul dat 100 000 skoolkinders elke dag 'n vuurwapen saam met hul boeke en toebroodjies inpak.

Sowat 1 000 onderwysers word elke maand so erg aangeval dat hulle medies behandel moet word. Sowat 'n derde van die onderwysers in New York en 'n kwart van alle onderwysers in die land is al minstens een keer aangeval.

Drie miljoen leerlinge is elke maand die slagoffers van misdaad in hoërskole. 300 000 hoërskoolleerlinge word per maand aangeval en in een jaar is 120 kinders in skole in Detroit geskiet.

Sake het nou so hand-uit geruk dat kleuterskoolkinders geleer word om plat te val as hulle geweerskote hoor. Dié wat dit die vinnigste doen, kry suigstokkies.

# GENERAAL NOG HANGENDE

DIE Prokureur-generaal en die minister van Justisie het nog geen finale besluit geneem oor die bewerings van bedrog wat deur die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdrywe (KEEM) teen die voormalige hoof van stafinligting van die weermag, lt-genl Witkop Badenhorst, ondersoek is nie.

'n Woordvoerder van die minister, Werner Krull, sê by navraag KEEM ondersoek nie net sake nie, maar ook bewerings. Hy stel dit duidelik aan VWB dat 'n klagte beslis nie teen Badenhorst ingedien is nie.

'n Vertroulike verslag met KEEM se bevindings is aan die Prokureur-Generaal en die minister voorgelê.

Krull kon nie die bedrag betrokke by die beweerde bedrog bekend maak nie. Hy weet ook nie wanneer 'n finale besluit oor die kwessie geneem sal word nie.

- LOUIS KIRSTEIN.

# kortbegrip

## *Regses wil land 'ruk'*

DIE vraag is nie langer of die KP en sy bondgenote in die Afrikaner Volksfront die land gaan ruk met 'n skok-aksie nie - maar wanneer en hoe.

Dit is *Vrye Weekblad* se gevolgtrekking ná 'n paar lang gesprekke die laaste tyd met gematigde senior KP-politici en radikale mense in die landbou-organisasies wat ook betrokke was by die "Pretoria-beleg" verlede jaar.

Hulle beklemtoon dat onlangse waarskuwings deur Constand Viljoen en ander regse leiers dat die konserwatiewe Afrikaner beslis nie goedsmoeds 'n "eenheidstaat" by die onderhandelingstafel en 'n komende een-mens-een-stem verkiesing gaan aanvaar nie, baie ernstig opgeneem moet word.

"Onthou, julle het nie meer met die willewragtags van ultra-regse fanatici en 'n paar rassistiese skobbejakke te doen nie. Die mees gematigde konserwatiewe Afrianer kerk- en kultuurmense meen ons word uitoorlê en dat tensy ons iets dramaties doen, dit vir ons verby is," word herhaaldelik gewaarsku. Dat drastiese optrede nodig geag word, word so verduidelik: "Die ANC en die PAC is slegs ernstig opgeneem toe hulle hul eise met massa-aksies en terreur opgevolg het. Dié strategie is al wat waarborg dat van ons notisie geneem sal word."

"Geweld met lewensverlies" is nie meer 'n eerste opsie nie, word beklemtoon. Maar lydelike verset, burgerlike ongehoorsaamheid en "geweld sonder lewensverlies" geniet blykbaar ernstige aandag onder die voorste regse leiers.

"Dit kan die opblaas van 'n brug of selfs 'n skip insluit," sê een bron. 'n KP-politikus sê openlik: "Die meeste van die mense in kragstasies is ons ondersteuners. Net soos die SAUK-personeel met hul onlangse staking, het ons die vermoë om die land simbolies vir 'n halfuur of 'n uur lam te lê."

Oor en oor is aan *Vrye Weekblad* gesê selfs die gematigde regses stem saam iets drasties moet binne die komende weke gedoen word "want dis al manier om die ANC/regering-alliansie by die onderhandelingstafel tot hul sinne te ruk". Daar is gesê: "Dit kan gouer gebeur as wat jy dalk dink. En dit sal iets wees wat die land gaan ruk."

\- HENNIE SERFONTEIN



Thabo Mbeki... midde-in die storm

## ANC BAKLEI OOR VISE-PRESIDENT

KWAAI woorde is op die onlangse vergadering van die ANC se Nasionale Uitvoerende Raad (NEC) gewissel oor wie die pos van vise-president van die organisasie moet oorneem.

Walter Sisulu, 79, het onlangs bekend gemaak dat hy as vise-president wil uittree om die minder veeleisende pos van voorsitter - vakant ná Oliver Tambo se dood - oor te neem.

Maar Sisulu en Nelson Mandela, die president, is kwaai gekritiseer toe die NEC ná 'n bespreking 'n aanbeveling van die Nasionale Werkkomitee (NWC) verwerp het dat Thabo Mbeki, hoof van die afdeling Buitelandse Sake, vise-president moet word. Mbeki se benoeming is ook eenparig deur die ANC se Jeugliga ondersteun.

Verskeie streke, onder meer Middel-Natal en die Oos-Kaap, het ook beswaar gemaak en gesê net die nasionale kongres, wat later vanjaar beoog word, kan oor 'n vise-president besluit.

Ray Mhlaba, onder-voorsitter van die SAKP, en Harry Gwala was van die skerpste kritici. Dat ook die PWV-gebied beswaar aangeteken het, word as betekenisvol beskou. Na verneem word, het die voorsitter, Tokyo Sexwala, 'n oog op die pos van sekretaris-generaal, wat tans deur Cyril Ramaphosa beklee word. As Ramaphosa vise-president word en nie Mbeki nie, is Sexwala waarskynlik die gunsteling vir daardie pos. - HENNIE SERFONTEIN



Koningin Elizabeth... die negende rykste mens

## HULLE WAT HET...

AAN dié wat het, sal gegee word, het Jesus gesê. Hy het dit seker nie so bedoel nie, maar dit is sekerlik waar van die 101 rykste mense in die wêreld. Volgens die Amerikaanse tydskrif Fortune International het dié mense se rykdomme die laaste jaar met 10 persent vermeerder terwyl die res van die wêreld armer geword het.

Saam besit die 101 rykstes 455 biljoen Amerikaanse dollar - soveel soos die bruto nasionale produk van Spanje.

Die rykste mens in die wêreld bly die Sultan van Brunei, 46, wie se 37 biljoen Amerikaanse dollar 8 persent van die gesamentlike rykdomme van die 101 rykstes uitmaak. Sy rykdom kom aanvanklik van sy landjie se olievelde af, maar dit het baie gegroei sedert hy dit wêreldwyd belê het.

Die tweede grootste geldempire is die $23,5 biljoen van die Waltons-familie, die eienaars van die Wal-Mart kettingwinkels, en die derde grootste die $14 biljoen van die Mars sjokolade-familie.

Koningin Elizabeth II van Brittanje is die negende rykste mens met $7,8 biljoen, wat meestal uit eiendom, aandele, kunswerke, juweliersware, seëls, porselein en renperde bestaan.

Vier van die tien grootste empires is Amerikaans en 25 persent van die totale lys is Amerikaners. Japan is tweede met 13 uit die 101, dan Brittanje met tien, gevolg deur Duitsland en Switserland met nege elk.

# VLIEG IN DIE SALF

M A X  D U  P R E E Z



## *Tyd vir hoop, vertroue en glimlagte*

SUID-AFRIKA het 'n nasie van neerslagtiges geword. Die indekse van verbruikers- en beleggersvertroue is laer as ooit, selfmoorde neem toe en almal wat kan, sit en plannetjies maak om pad te gee.

Wit, bruin én swart Suid-Afrikaners het nou die slagoffers van hul eie vrese en depressie geword, en dit veroorsaak 'n bose kringloop.

Hoekom? Waarnemers van buite en nugtere ontleders van binne sien genoeg om te begin glo ons gaan dit maak as 'n relatief voortvarende en vreedsame demokrasie. Dit is ook die breë konsensus van ons voorbladartikel, wat op bladsy 13 begin.

'n Mens kan 'n kapitalis seker met niks anders vertrou nie as om sy rykdomme te vermeerder en om nêrens geld in te steek waar die risiko te groot is nie. En hoor wat sê biljoenêr George Soros, die wêreld se grootste spekuleerder en die magtigste man in die internasionale goud- en wisselkoersmarkte: Die risiko-element in Suid-Afrika is veel kleiner as in 'n land soos die voormalige Sowjet-Unie, wat ook 'n demokratiseringsproses ondergaan. Die kanse vir sukses hier is groter, want hier is 'n beheerde proses eerder as 'n proses wat buite beheer is. Die leierskap van Suid-Afrika onderhandel. Dit is 'n hoogs ontwikkelde gemeenskap met al die instellings en infrastruktuur van 'n ontwikkelde land. Suid-Afrika is eerder vergelykbaar met Pole, wat al meer van 'n suksesstorie word.

WOORDE VAN groot hoop. En nie net woorde nie: Soros het die laaste tyd baie miljoene in Suid-Afrika kom bestee.

As 'n hardekoejawel en streetsmart biljoenêr-spekuleerder só oor Suid-Afrika voel, hoe is dit dan dat Suid-Afrikaners self so ontsettend negatief en neerslagtig is? Hoe is dit dat die scenario's van die voormalige Joego-Slawië, Angola of Somalië eerder hier as modelle gebruik word?

Soros is natuurlik reg: die grootste pluspunt is dat al ons land se politieke magte en kragte op die oomblik vasgemaak is in die onderhandelingsproses. Selfs al het die regse en linkse ekstremiste nog nie geweld as politieke metode laat vaar nie en bestaan die moontlikheid steeds dat van hulle kan uitstap, bly dit die enigste show in die dorp en sal hulle doodeenvoudig die een of ander tyd moet terugkeer.

Amper belangriker as dié proses is die feit dat die twee groot bulle in die kraal, die ANC en die NP-regering, besluit het hulle altwee én die hele land gaan beter daaraan toe wees as daar 'n basiese ooreenkoms tussen hulle is oor waarheen die proses moet loop. Amper iets soos 'n stormagtige verlowing tussen die grootste bevrydingsbeweging met die meeste mense agter hulle aan die een kant, en die regering-van-die-dag, die burokrasie, die veiligheidsmagte en die grootste deel van die ekonomie aan die ander kant.

Ons besef ook nie aldag werklik hoe 'n groot en positiewe kompromie dit van die kant van die ANC was nie om in te stem dat mag vir die eerste vyf jaar ná die eerste verkiesing gedeel moet word, eerder as dat 'n gewone meerderheidsregering gevorm word. Dit sê natuurlik nie daar gaan nie nog heelwat wedywering en koppestamp tussen die twee wees nie.

DIE ANDER groot deurbraak vir toekomstige stabiliteit is dat al die partye in die land nou minstens die beginsel aanvaar het dat die land nie alleen uit Pretoria geregeer kan word nie, maar dat daar sterk streekregering moet wees.

Daar is nog heelparty ander pluspunte wat ons waarskynlike scenario's heelwat rooskleuriger maak as dié in ander lande met konflik: ons het klaar 'n soort markekonomie wat nie té ongesond is nie; ons het 'n relatief onafhanklike en gerespekteerde regbank, veral die hoër howe; die verskillende kerke speel 'n groot rol onder die meeste mense; ons het taamlik gesofistikeerde media wat maklik uitgebou en meer gediversifiseer kan word; ons het sterk burgerlike organisasies soos vakbonde, civics, vroue-organisasies, kultuurorganisasies en georganiseerde drukgroepe.

Iemand wat gedink het ons kan drie honderd jaar se geskiedenis van wit oorheersing en 45 jaar van apartheid binne 'n ommesientjie en sonder die vrylaat van heelwat energie in 'n liberale demokrasie verander, was natuurlik naïef. Daar is te veel polarisasie, bitterheid en armoede daarvoor.

Maar ons het reeds wonderbaarlik daarin geslaag om die middel vas te maak: die grootste deel van die ANC se swart constituency, asook die wit middelklas en ekonomiese sektor. Selfs die elemente regs en links van dié middelgroep is in 'n groot mate in die prosesse ingebind en kan met geduld en takt ingebind gehou word. En die ekstremiste aan die einde van dié pole het nie die potensiaal om die hele proses sommer in 'n chaotiese bloedbad te verander nie.

ARMOEDE IS ons grootste probleem. Mense sonder werk, sonder huise en sonder kos kan nooit gelukkig en stabiel wees nie. En as die oorgrote meerderheid van dié armes nog een kleur is, word die probleem groter.

Ons kan nie die probleem van armoede en werkloosheid aanspreek sonder dat daar 'n nuwe vertroue onder sakemense en beleggers is nie. Terwyl almal so neerslagtig en vreesagtig is, gaan dié vertroue ook nie kom nie.

Suid-Afrikaners moet in dié dae 'n beter perspektief kry oor wat werklik in die land aangaan, eerder as om hulle teen die misdaad en geweld om hulle vas te kyk of hulle dood te skrik vir heethoofde soos Peter Mokaba, Hernus Kriel, Harry Gwala of Eugene TerreBlanche.

Die Nuwe Vrye Weekblad hoop om in dié proses 'n sterk en positiewe rol te speel. ■


vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
WALLY MBHELE
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NICOLETTE VILJOEN

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU




"Nou is die riviere nouer..."

# 'DIS 'N RALLY, MY POPPIE'

*Die NP arriveer in Afrika*

DEUR HENNIE SERFONTEIN
FOTO'S: SALLY SHORKEND

DIT WAS alles so slick soos die bekendstelling van die Lost City, 'n mens het amper gedink die NP-slagspreuk op die verhoog moes lui "Your place in the Southern Sun".

Long live! Viva! Forward!

'n Nasionale Party-stryddag wat 'n rally geword het. Onder die skare van 7 000 mense is net hier en daar 'n wit gesig te sien.

"Forward with NP, Forward with FW!" bulder die voorsanger Ezrom Mathumba, adjunk-▶



minister van onderwys in Gazankulu. En FW de Klerk en Pik Botha glimlag breed en wuif met die hand.

Oral op die verhoog en om die stadion op Pietersburg se skougronde wapper die vlae van die "nuwe" Nasionale Party, met die embleem van die opkomende son. Plakkate basuin dit in alle tale uit: "Vir jou 'n plek in die son."

In die Noord-Transvaalse winterson op Saterdag 19 Junie kan 'n mens skaars glo jy bevind jou in die hartland van Afrikaner-verkramptheid en blanke konserwatisme.

DS E MAHLALELA open met skriflesing en gebed in drie tale, waaronder Afrikaans. Hy gebruik Galasiërs 1 vers 3 as teks, waar dit gaan oor hoe Jesus Christus vrede gebring het. Sy kort preek en gebed is 'n vurige pleidooi vir vrede. Maar vir iemand wat NP-vergaderings al meer as 40 jaar bygewoon het, is daar een belangrike verskil van die Afrikaanse predikante deur die jare. Daar is geen poging om subtiel die "regte" teks te kies en so te vertolk dat dit die NP bevoordeel nie.

'n Fris, ouerige boer, wat nie sy naam wil noem nie, maar klaarblyklik deel is van die plaaslike NP-bestuur, leun met 'n vonkel in sy oog na my: "Malan, Strijdom, Verwoerd en Jan de Klerk sal seker in hul grafte omdraai as hulle hierdie saamboerdery sien."

Maar heelparty mense in die Pietersburgse tak van die Nasionale Party is duidelik al goed in pas met die NP se nuwe politiek. Toe 'n vroulike kollega vroeër per telefoon navraag gedoen het oor die saamtrek by 'n vrou in die NP-kantoor wat geklink het of sy tot 'n ouer geslag behoort, sê dié: "My poppie, jy moet verstaan dit is nie 'n vergadering nie, dis 'n rally. Ons is in Afrika en moet nie onnodig uitvra oor hoe lank alles gaan duur nie."

Op die ou end duur die beplande drie en half uur van die verrigtinge darem nie langer as vyf uur nie.

*Die Stem* word nie aan die einde gesing nie - al het De Klerk self verlede jaar gal afgegaan oor die storm rondom die volkslied. Ironies het een van die kultuurgroepe voor die begin van die verrigtinge spontaan *Nkosi Sikelel' iAfrika* binne die stadion gesing.

VOOR DIE AMPTELIKE verrigtinge spreek De Klerk in 'n saal eenkant die swart hoofwaardigheidsbekleërs toe - onder andere die sogenaamde Makqoti (hoofmanne), tradisionele leiers en leiers van Gazankulu, Venda en Lebowa. Intussen kom duisende mense met busse vanuit die hele Noord-Transvaal aan en stroom die stadion binne.

Met die instap kry elke mens 'n NP-lapelteken, 'n NP-vlaggie en 'n broodrolletjie. Aan die einde van die verrigtinge kry elkeen 'n maaltyd met vleis (en nog 'n broodrolletjie).

So kort voor elf die oggend ry De Klerk en Botha in twee oop bakkies die stadion binne soos twee triomfantlike Romeinse generaals. Groepe geklee in helder rooi, geel en pers rompe en hoofbedeksels voer 'n verwelkomingsdansie vir die Staatspresident uit.

Die etniese inslag van die verrigtinge was duidelik verteenwoordigend van die plattelandse bevolking.

Onder die hoogwaardigheidsbekleërs was die opperhoofmanne, die voorsitters van die stamkapteinsrade en die leiers van drie tuislande, onder andere hoofman SDW Nxumalo, die nuwe hoofminister van Gazankulu.

Swart gemeenskapsleiers lê in hul toesprake sterk klem op die belangrike posisie van die Makqoti in die swart gemeenskappe. Hulle wil hê De Klerk moet hul posisies summier in ere herstel pleks van wag vir besluite van die veelparty-konferensie.

Die talle toesprake vóór De Klerk ná halfdrie aan die woord kom, word afgewissel met stamdanse.

Toe Pik Botha aan die beurt kom, val hy die ANC berekend aan as 'n party van geweld, anargie en wanorde - en speel duidelik op die vrese van sy meer konserwatiewe gehoor.

Botha waarsku in kleurryke beeldspraak teen die voortdurende bloedvergieting: "As 'n mens 'n os slag, dan verlaat al die bosluise die bees, dan is daar geen bloed meer oor nie. Maar dit is nie nodig vir ons om mekaar dood te maak om van die bosluise ontslae te raak nie. Ons moet mekaar dip om van die bosluise ontslae te raak. Die Nasionale Party het juis die regte dip."

Later stel hy FW de Klerk aan die skare voor as 'n "groot sterk chief" - omdat hy die moed gehad het om te erken dat die NP met apartheid gefouteer het. Dié opmerking word met toejuiging begroet.

Ook De Klerk beskryf die hergeboorte van die Nasionale Party met beeldspraak. Hy vertel hoe swart en wit vir 'n lang tyd aparte weë gewandel het. "Daar was sterk riviere tussen ons, sodat ons mekaar slegs daaroor kon sien. Maar nou is die riviere nouer en kan mense mekaar se hande neem."

Kort ná drieuur vind die skare hul weg na die eettafels.

EK LOOP VIR David Chuenyane raak, wat pas as nuwe Transvaalse LUK aangestel is. Dié teoloog en ingenieur is gewese lid van Apla en is pas terug ná dekades in Amerika. "Ek steun die NP' want ek soek na 'n party wat resultate kan lewer," sê hy. "Apartheid is agter die rug, die Afrikaners gaan nie trek nie en ons moet met hulle saamwerk."

Jeremiah Petje is al 73, maar hy sê hy het al die pad gekom omdat hy nuuskierig was om vir De Klerk te hoor. "Maar ek stem vir Mandela. De Klerk sê elke dag iets anders. Ek sal hom net glo as hy saam met Mandela praat, want iemand wat alleen praat, vertel nie die waarheid nie."

Marge Botha, 65, se pa was in 1914 stigterslid van die NP. "As kind het ek saam met die swartmense gedans en my beste maat was die kindermeidjie wat my opgepas het. Wat vandag hier gebeur, is niks snaaks nie. Apartheid was die grootste fout wat ons nog gemaak het, en ons moet dit nou regmaak."

So tussen die verskeidenheid van deftig geklede mense, tradisionele stamdansers, krygers in velle en kaal bolywe moet 'n mens erken: dié byeenkoms spreek van 'n nuwe politiek in Suid-Afrika.

Dalk het die NP die Rubicon nou eers behoorlik oorgesteek. ■

CASH FLOW
IMPROVE IT
CREDIT MANAGEMENT & TRAINING CONSULTANTS
• Consultancy
• Menu selected training
• Competancy designed customised based training
George Gericke
Tel. (011) 614 6693 or ask for a fax introduction

# INKATHA SE WIT GESIGTE



**INA VAN DER LINDE** *kyk wat trek witmense na die IVP*


MET die Inkatha-opmars na die SAUK deur die strate van Johannesburg was daar enkele wit gesigte te sien. Onder die sowat 14 000 Zoeloes, bewapen met kieries, swaarde en skilde, was daar hier en daar ook 'n paar wit vroue.

Een van hulle is Gerda Bekker, 47, Afrikaans, gesofistikeerd en middelklas. En met tye, erken sy, ongemaklik en selfbewus.

Maar dit het haar nie afgeskrik nie. Inteendeel. Sy is die eerste kandidaat wat in 'n wit stadsraadsverkiesing vir die IVP staan. Wyk 38 in Johannesburg vroeër dié maand.




Gerda Bekker




Thabu Heunis

In gesprekke op partytjies in Pretoria hoor mens al hoe meer Afrikaners sê hulle sal eerder vir Inkatha stem as vir die NP of die KP. 'n Week of wat gelede is 'n IVP-tak hier gestig en binnekort gaan nog takke in Transvaal volg, soos op Middelburg en Witbank.

Dit lyk of die tradisie-gebonde Zoeloe-party van hoofminister Mangosutho Buthelezi deesdae onder wit kiesers oes. Daar word beweer dat die IVP méér wit steun het as die ANC. Daar is byvoorbeeld 'n sterk IVP-teenwoordigheid in plekke soos Sandton.

Hoekom sou witmense aangetrokke voel tot 'n party wat sterk kultuur-gebonde is, hoofsaaklik uit een etniese groep bestaan, en boonop die beeld van 'n groep veglustige impi's op die politieke toneel projekteer?

"Dit het te make met 'n romantisering van nasionalisme," sê een partytjieganger. "Afrikaners kan hulle vereenselwig met die Zoeloes se beeld van 'n trotse, onverskrokke volk wat nie vir die duiwel stuit nie. Die Zoeloes het met net soveel eer uit die stryd getree by Bloedrivier as die Afrikaners ná die Boere-oorlog."

Maar die sterk nasionalistiese beeld van die IVP het ook sy nadele, sê Gerda Bekker. Dit skrik party mense af omdat hulle meen die party is net vir Natal en KwaZulu. "Maar dr Buthelezi dra die belange van die hele Suid-Afrika op die hart. Hy staar hom nie net vas teen Natal en KwaZulu nie, maar sien 'n breër beeld van Suid-Afrika."

Wat haar na die IVP aantrek, is die sterk standpunt teen kommunisme. "Kommunisme het nog nie in Afrika of êrens elders ter wêreld gewerk nie en het in Afrika gelei tot rampspoed en verval."

En, sê sy: "Dr Buthelezi was nog altyd gekant teen sanksies en boikotte, en hy is ten gunste van 'n kapitalistiese stelsel. Hy dreig nie met die nasionalisering van maatskappye en eiendomme nie en hy steun nie wegbly-aksies nie.

"In KwaZulu is daar nie skoolboikotte nie en die slaagsyfer van matrieks was laasjaar in die 80 persent."

THABU HEUNIS, voorsitter van die IVP-tak in Pretoria en voormalige NP-ondersteuner, sê "ons is ses Boertjies" wat die tak gestig het. Hy het hom by die IVP aangesluit "omdat dr Buthelezi 'n kind van die Here is en sy woord is sy eer."

Hy het die dag van Chris Hani se begrafnis besluit om 'n IVP-lid te word. "Ek het na die chaos op TV gekyk en besluit ek kan nie vir die NP stem nie omdat hulle geen kans staan teen die ANC nie. Die NP slaag nie daarin om swart steun te werf nie. Blankes en swartes moet saam 'n front vorm wat 'n opposisie vir die ANC kan wees."

Hy kan nie vir die ANC stem nie, want hulle is "kommunisties, en ons beveg ons lewe lank die kommunisme".

"Inkatha wil ons nie vernietig soos die ANC nie en boonop het hulle geen boikotte, sit-ins en strikes nie. Hulle meng hulle nie in by skole en hospitale nie. Hulle eerbiedig die regering van die land. Soos die Bybel sê ons moet die regering gehoorsaam wees, al stem ons nie met hulle saam nie."

En die IVP is gedissiplineerd, sê Gerda Bekker. "Kyk nou maar na die opmars na die SAUK. Daar is nie vensters gebreek of winkels geplunder nie en nie een kar langs die pad het 'n skrapie opgedoen nie".

Sy en haar man, Hennie Bekker, voormalige NP-parlementslid vir Jeppe wat in Maart na die IVP oorgeloop het, meen geen wit party staan 'n kans om 'n verkiesing te wen of goeie opposisie vir die ANC te bied nie. Daarom het hulle besluit die enigste keuse is om vir 'n swart leier verkiesing te veg.


EN WAT VAN die gewelddadige sy van Inkatha? Die politieke moorde in Natal, die moorddadige slagting deur Inkatha-ondersteuners in Boipatong?

Sê Bekker: "Ek wil daardie optrede of ander nie goedpraat nie. Maar die Zoeloes is trotse, vreeslose mense. As iets aan hulle gedoen word, sal weerwraak nie uitbly nie. Dis 'n soort Bybelse oog-vir-'n-oog ding wat Westerlinge miskien nie verstaan nie."

Sy beweer die beeld van gewelddadigheid is "doelbewus geskep deur ander politieke partye wat die geld en die middele het . As nasie is die Zoeloes die vriendelikste en vredeliewendste mense wanneer regverdig teenoor hulle opgetree word."

Daar word net soveel wreedhede teen IVP-lede gepleeg. Soos die vrou, 'n lid van die vredeskomitee, wie se huis in Thokoza afgebrand is, en die IVP-leier wie se lyk ná sy begrafnis deur jeugdiges opgegrawe en verbrand is. "Ons ervaring is dat die ANC die leierskap van Inkatha stelselmatig uitmoor".

• Hoeveel steun hét die IVP onder witmense? Hennie Bekker meen niemand weet nie. Ook nie die navorsers wat beweer hulle het 10 persent steun nie. "Maar as ons kan bewys dat ons 20 of selfs 30 persent steun onder blankes het, sal daar 'n herwaardering van die politieke toneel plaasvind." ■




## VIVA BAAS FW! VIVA PAP EN WORS!

Daar trek die Nasionale Party toe laas Saterdag sy Boere-onderbaadjie uit en haal sy pluiskuil af en trek 'n stertriem aan.

Pure, pure DTA van destyds. Kompleet met pap en wors, vlaggies en T-hemde.

Maar dis goed so. Dit is 'n groot stap vorentoe in die normalisering van ons politiek. Die NP kan nooit weer 'n stowwerige ou party wees van middeljarige Afrikanermans met boeppense, snorre, grys pakke, grys skoene en grys persoonlikhede nie. Die party het inderdaad waarskynlik die mees veelrassige party in die land geword - nes die DTA in Namibia destyds was.

Nou moet die Nattes nog net hul eie toyi-toyi uitwerk - of 'n soort van 'n volkstoyi, want die wit Nattes sal ook moet kan saamdans. Dan kan Marike die voordanser wees, en Hernus kan die dreunsang insit. (Wat van "Aanstap Rooies" vir 'n chant?)

Maar Brolloks het 'n vermoede FW se stywe Dopperboude gaan nie lekker saam-toyi nie. Al klaar was dit duidelik dat hy nie juis te tuis is in dié nuwe, losser Afrika-idioom nie, al was hy slim genoeg om op 'n bakkie eerder as in sy vet Mercedes deur die skare te ry.

## SWART BROERS

Ná die NP se Pietersburg-ervaring en die skielike oopheid van die geheime Afrikaner Broederbond by monde van Hoofbroer Pieter de Lange wonder Bittergal of die volgende stap gaan wees om 'n paar Venda- en Lebowa-hoofmanne ook in die AB se Hoofraad in te sluit.

Bittergal het nie geweet of sy moet lag of huil toe sy Hoofbroer Piet se gesprek met *Rapport* (wie anders?) laas Sondag lees nie.

"Die jagseisoen is oop," seg hy plegtig en seergemaak, "regter Mahomed het dit amptelik oop verklaar" - verwysende na die petalje van Broers en oud-Broers wat kandidate vir die SAUK-raad was. Nou het Broer Piet gedink lidmaatskap van 'n magtige geheime organisasie met ongesond baie politieke invloed is irrelevant vir wanneer 'n mens kandidate wil keur vir 'n sensitiewe pos soos SAUK-raadslid?

Maar hy is reg as hy praat van die Afrikaners wat begin skarrel: "Hulle bedank uit die AB of spring bont in die politiek rond. Dis eintlik half tragieskomies, eintlik, en 'n bietjie pateties."

Bittergal kon dit nie beter gesê het nie. Skop die Broers as hulle lê.

## LANG PAD SEDERT '76

Brolloks het met die herdenking van 16 Junie 1976 verstom gesit en kyk en luister na die studenteleiers van daardie jaar wat hy destyds as jong verslaggewer as wilde revolusionêre leer ken het.

Manne soos Dan Sechaba Montsitsi, Kgotso Seathlolo en Murphy Morobe. Vandag is hulle almal manne met fensie pakke klere, duur motors en top-betrekkinge in die sakewêreld. En geartikuleer en pragmaties.

Ons het darem maar 'n lang pad gekom. Maar soos van dié '76-leiers op CCV sê: hulle het destyds die stryd van die klaskamer na die strate geneem, maar vandag se skoolkinders vat dit van die strate af in die klaskamer in - daar waar hule eintlik behoort te leer. G'n wonder nie die matriekslaagsyfer het deur die jare soos 'n stuk lood geval, al het die grafiek van geld wat aan swart onderwys bestee is, in dieselfde tyd die hemel in geskiet. "Liberation now, education later" is helaas nog nie verby nie.

## GEE MY 'N D

Gee my 'n D! Gee my 'n O! Gee my nog 'n O! Gee my 'n...

As daar één mens in Suid-Afrika naas Peter Mokaba is wat homself vir die res van sy lewe in die badkamer behoort toe te sluit of minstens ernstige plastiese snykunde behoort te ondergaan, is dit Casper de Vries. Sy TV-program was dommer, simpeler en meer irriterend as die swakste episode van *Loving*.

## HANG VIR PAGEL


Noudat die parlement weer ten gunste van die doodstraf gestem het, is Brolloks verbaas dat die rugbybase nie sommer vir Gary Pagel op Kerkplein opgehang het nie vir die trap wat Jean-Francois Tordo sy mooi gesiggie gekos het.

Dis die probleem van Suid-Afrikaners, veral dié met wit velle wat Afrikaans praat: hulle ken geen middeweg tussen arrogansie en gatkruip nie.


Want die verregaande skorsing van Pagel was niks anders as gatkruip by die Franse nie. Soveel van 'skuus-dat-ek-leef het Brolloks nog nie gesien nie. Brolloks het self ook oor en oor na die voorval op TV gekyk, en daar is waaragtig geen manier waarop enigiemand kon sê Pagel het dit moedswillig gedoen nie. Daar was veel erger trappery van albei kante in dieselfde wedstryd en weer in die wedstryd teen Vrystaat, maar omdat niemand se wang begin bloei het nie, is niemand eens daarvoor gestraf nie.

Brolloks kan sonder twyfel in sygemoed verklaar dat as dit 'n Fransman was wat dit met 'n Suid-Afrikaner gedoen het, hy doodgewoon 'n strafskop teen hom sou gekry het.

Ag nee man. ■



# Is daar lewe ná bevryding?



**HENNIE SERFONTEIN**

*vra kenners: Wat is Suid-Afrika se kanse om in die volgende paar jaar 'n stabiele demokrasie te word?*

AS daar één vraag is wat nou seker op alle Suid-Afrikaners se lippe is, is dit dié een: gaan die Nuwe Suid-Afrika 'n beter plek wees vir my om in te woon as die oue?

Swartmense is bekommerd dat hul nuwe seggenskap in die regering van die land nie omgesit gaan word in 'n verbetering van hul lewenstandaarde en hul kanse in die werkplek en die ekonomie nie; dat rasseskeiding in die praktyk maar gaan voortduur; dat hulle kinders steeds minderwaardige onderwys en lewensomstandighede gaan ervaar; en dat die geweldpleging gaan voortduur wat hul lewens so ontwrig.

Witmense is bekommerd dat daar teen hulle gediskrimineer gaan word omdat hulle wit is; dat standaarde gaan daal - paaie gaan nie reggemaak word nie, telefone gaan nie werk nie, ens; dat geweld en misdadigheid sal toeneem; dat 'n swart regering nie die ekonomie sal kan hanteer en buitelandse beleggings sal kan trek nie; dat Afrikaans misken gaan word; en dat die nuwe regime vol korrupsie en nepotisme gaan wees. Kortom, witmense is bang 'n swart regering doen aan hulle wat 'n wit regering aan swartmense gedoen het.

En alle Suid-Afrikaners is bang dat die vyf groot politieke groepe, die ANC, die Nasionale Party, Inkatha, die wit regse alliansie en die PAC só ver van mekaar is en sulke verskillende agendas het dat 'n rustige, regverdige politieke skikking nie moontlik gaan wees nie.

Suid-Afrikaners kyk na die anargie in die voormalige Joego-Slawië, Somalië en ander konflikpunte en wonder of dit ook hulle voorland is.

Maar die groot verskil, en 'n verskil wat min Suid-Afrikaners aldag besef, is dat daar in plekke soos Bosnië of Somalië geen realistiese politieke proses aan die gang is of struktuur bestaan nie - dit is onbeheerste anargie. Suid-Afrika daarenteen het 'n regering wat nog regeer; daar is 'n vaste onderhandelingsliggaam; daar is 'n proses waarop die belangrikste rolspelers ooreengekom het wat gevolg moet word na 'n demokrasie.

Ander groot verskille is dat die burgerlike samelewing, die civil society, hier by ons ver ontwikkel, gesofistikeerd en ingeburger is; dat die verskillende kerke hier 'n sterk en stabiliserende rol speel; en dat Suid-Afrika 'n betreklik sterk, stabiele en gesofistikeerde ekonomie en infra-struktuur het.

'N INTERESSANTE perspektief is dié van Bob Tucker, voormalige hoofbaas van die Perm wat ook nou betrokke was by die uitwerk van die Ou Mutual/Nedkor Scenario's vir Suid-Afrika. Hy is vandag meer optimisties oor die oorganstadium en toekoms as anderhalf jaar gelede.

"Toe ons die scenario's ontwikkel het, het ons 'n voortdurende verslegting in die ekonomie en die verbrokkeling van die sosiale struktuur voorsien. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat dit tot 'n afwaartse spiraal na chaos sou lei," sê Tucker.

"Maar ons het nie die skepping van in wese 'n koalisie of aksis tussen die constituencies met werklike mag - in besonder tussen die ANC, die regering en die sakesektor - voorsien nie.

"Met die voordeel van 'n terugblik lyk dit of ons die belangrikste punt heeltemal misgekyk het. Dit is naamlik die robuustheid van 'n stille ooreenkoms tussen rolspelers met mag en die nasionale toegewydheid tot 'n onderhandelde oorgang na 'n demokrasie."

Tucker lys die pluspunte - punte wat Suid-Afrika onderskei van ander situasies van konflik in die wêreld: swart leierskap wat verantwoording vir die meerderheid neem; Suid-Afrika se aansienlike bronne, menslik sowel as materieel; die afwesigheid van ideologiese strewes wat sosio-ekonomiese skeeftrekking veroorsaak; etnisiteit wat weens gebrek aan meerderheidsgetalle nooit seksionele oorheersing kan meebring nie; 'n sterk godsdienstig-morele onderbou in die hele gemeenskap; 'n nuwe aksent op menslike vaardighede teenoor tegnologiese vaardighede.

Tucker glo onderhandelinge kan wel soms ontspoor, maar die basiese verbintenis tot onderhandeling sal die partye tóg weer by mekaar bring.

"Ons sal aanhou om hoë vlakke van geweld en wetteloosheid te ervaar. Dit kan nie anders met die geweldige werkloosheid en huisloosheid nie, veral omdat dit vererger word deur politieke spanning en wedywering. Maar dit is onwaarskynlik dat die kokende onrus in 'n burgeroorlog sal ontaard. Ons ekonomie gaan waarskynlik nie sterk groei belewe nie, maar ek dink ons sal oorleef.

"Die uitdaging is om 'n breë konsensus in 'n effektiewe regering om te skep. Dit kan gedoen word deur 'n vrywillige huwelik tussen die legitimiteit van die verteenwoordigers van die meerderheid en die bestaande bekwaamheid en vermoë van die huidige establishment."

'N ANDER POLITIEKE ontleder wat ook nie oormatig bekommerd is oor die politieke geweldpleging nie, is Eugene Nyati, direkteur van Afrikastudies aan Wits. "Ek beskou die voortdurende geweld nie as deel van 'n beplande revolusie nie. Die geweld is die gevolg van kriminaliteit ▶



Bob Tucker... "Kyk na die pluspunte."



(FOTO: KENDRIDGE MATHABATHE/NEW NATION)

Eugene Nyati... "Ons vaar nie te sleg nie.

politiek en die geknoei van politieke leiers. Maar sodra 'n politieke skikking bereik word, is ek oortuig, sal geweld drasties verminder en kan mens effektief aandag aan die kriminele deel daarvan gee.

"Mens vergeet dat dit noodwendig is dat daar in 'n oorgangsfase geweld plaasvind. Maar dit het baie te doen met die gebrek aan 'n geloofwaardige regering. Sou daar 'n nuwe geloofwaardige regering ingestel word, sal dit moontlik wees om geweld doeltreffend te bekamp.

"Ek persoonlik is nie baie bekommerd oor die geweld nie, hoewel ek weet mense mag dink dit klink bloeddorstig om te sê daar kan geen oorgang sonder geweld wees nie. Trouens, dit is betreklik min in vergelyking met sommige ander lande. As ons ons situasie hier vergelyk met oorgangs- en konfliksituasies in Oos-Europa, Noord-Ierland, die Palestynse probleem en in sekere Oosterse lande, dan lê ons êrens in die middel van die skaal.

"Maar nieteenstaande dit alles, glo ek ons vaar nie te sleg nie - en daarom is ek versigtig optimisties wat toekomstige scenario's betref: die bes moontlike scenario is die behoud van 'n eenheidstaat met devolusie van mag aan die streke, maar dis belangrik dat die sentrale regering genoeg gesag moet hê om die apartheidserfenis te hanteer.

" 'n Nuwe swart beheerde regering moet nie so deur sogenaamde blanke vrese geïntimideer wees dat dit weinig doen om die verwagtinge van die massas aan te spreek nie. Want as die grassroots-verwagtinge geïgnoreer gaan word, kan die resultaat verwoestend wees. So 'n swart regering het dus politieke moed nodig om die apartheiderfenis aan te pak.

"Maar ek is bevrees ek vind Nelson Mandela te bedees (timid). Dit hinder my. Hy is te inkonsekwent en kom met te veel botsende visies vorendag. Dit is iets wat die swart massas diep verontrus. Hy sê voortdurend dinge om almal te probeer tevrede stel. Hy probeer terselfdertyd alle mense tevrede stel. Hy moet oppas dat hy nie sy geloofwaardigheid verloor en die sir De Villiers Graaff van die swart politiek word nie."

Maar Nyati is bekommerd dat die oorgangsfase traumaties gaan wees, want alles draai om die begrip "genoegsame konsensus".

"Wat gaan gebeur as daar 'n konflik van belange tussen die ANC en die Nasionale Party is? Hoe gaan 'n besluit geneem word om dit op te los? Gaan dit beteken 'n meerderheidsbesluit in die gesamentlike kabinet? Of word daar aan ander formules gewerk?

"Dit moet nie vergeet word datdie ANC en die Nasionale Party van twee totaal verskillende standpunte en agtergronde wegspring nie. Die moontlikheid van politieke konflik tussen hulle is dus 'n werklikheid.

"In die afwesigheid van 'n meganisme om sodanige politieke dispuut by te lê, bly dit 'n riskante plan. Ons moet oppas dat ons in ons strewe om 'n regering van nasionale eenheid in te stel, nie in werklikheid 'n regering van nasionale verlamming gaan kry nie. Want die neiging in so 'n dispuut sal wees om dit op die basis van die laagste gemene deler op te los. Daarom is ek ietwat skepties oor die moontlikhede van 'n gladde verloop in die oorgangstydperk.

"Cosag se uitstappery verlede week vestig die aandag op sekere kernprobleme. Die Cosag-partye verwerp die idee van uitvoerende oorgangsrade (TEC's) en 'n regering van nasionale eenheid. Dit is dus onmoontlik om konsensus van alle partye oor dié twee sleutelsake te kry. Dit lyk asof dit hoofsaaklik deur die Nasionale Party en die ANC-alliansie aanvaar word." ■

# Wit vrese is meestal in die kop

## *Die angste oor die toekoms word baie oordryf, sê 'n politieke wetenskaplike*

DEUR **INA VAN DER LINDE**

IEMAND wat lyding vrees, ly klaar onder sy vrese, het die Fransman Michel de Montaigne gesê. En kyk ons so om ons, is dit presies wat in die wit gemeenskap aan 't gebeure is.

Maar hoe lyk dié wit vrese? Willie Breytenbach, hoogleraar in politieke wetenskap, Universiteit van Stellenbosch, het 'n aantal van die ergste vrese bekyk.

Die mees algemene vrees is dat witmense 'n ontsettende lyding onder 'n swart regering binnegaan. En dit hang saam met die vrees dat wet en orde nie meer sal heers nie en witmense se eiendomme nie beskerm gaan word nie.

Hieruit volg die kwessie van grondregte en die vrees dat wittes se grondregte arbitrêr deur die nuwe regering vervreem gaan word. Dat hulle eiendom eenvoudig van hulle weggeneem gaan word en dat hulle niks daarvoor gaan kry nie, of baie min.



Willie Breytenbach

Breytenbach meen indien grondregte deur 'n handves vir menseregte beskerm word, sal die meeste wittes heel rustig met 'n nuwe regering kan saamleef.

REGSES NOEM GRAAG Zimbabwe en die onsekerheid oor Robert Mugabe se grondbeleid as 'n voorbeeld van wat wittes hier te wagte kan wees. Maar hulle verwys nie na Namibia nie, waar die prentjie heel anders daar uitsien. In Namibia is grondregte deur 'n handves van menseregte beskerm.

Daar is ook ander voorbeelde in Afrika waar wittes ná onafhanklikheid swaargekry het. Een hiervan is Algerië, waar die Marxistiese FLN-regering van Ben Bella voor die voet begin het om wit eiendomme te konfiskeer, en meer as 'n miljoen Franse ná vier geslagte land uit is. Nog 'n Marxistiese regering, Mosambiek onder Samora Machel, het wit eiendom gekonfiskeer.

'n Derde vrees by witmense is dié van 'n verlies aan status en invloed, en die vrees dat hul insette sal verdwyn.

Daar's merkwaardige parallelle tussen die debat wat nou aan die gang is in Suid-Afrika en die situasie 30 jaar gelede in ander Afrika-lande. In die post-koloniale tydperk in Afrika het verskeie lande met 'n program van sogenaamde verafrikanisering veral die burokrasie op groot skaal - en blitsvinnig - vervang. Boonop met mense wat geen opleiding en geen ondervinding in spesifieke poste gehad het nie. Die gevolg was dat openbare dienste in baie Afrika-lande heeltemal in duie gestort het.

Dis iets anders as regstellende optrede, wat ons op die oomblik hier beleef. Regstellende optrede is minder rassisties en klem word gelê op opleiding.

Nogtans sit veral staatsamptenare met die vrees vir afdanking. Breyten-

bach noem dit "die vrees vir wegdoenbaarheid".

Hy voorspel dat dit veral onder Pretoria se duisende staatsamptenare woes sal gaan tussen nou en die totstandkoming van 'n nuwe regering.

Die vrees vir oorbodigheid gaan gepaard met 'n vrees vir die verlies van pensioene en dat die waarde van eiendomme gaan daal. Regstellende optrede beteken egter nie dat elke tweede amptenaar sy werk gaan verloor nie, maar verandering en woelinge sal daar wel wees. Eiendomme kan dalk goeie nuus lewer soos in Harare en Windhoek waar eiendomspryse tot sesvoudig verhoog het ná onafhanklikheid.

DIE VREES VIR veiligheid loop sterk: dat alles soos in Maputo en Luanda in duie gaan stort en dat wittes soos rotte van 'n sinkende skip gaan vlug. Dis veral die onderste klasse wat in genoemde lande hulle goed op 'n lorrie gelaai en die land uit gevlug het - maar boere en sakemense, soos die plaasboere wat in Zimbabwe, Namibia en Kenia agtergebly het, en dit maar "uitgesweet" het totdat stabiliteit weer teruggekeer het, is vandag goed daaraan toe.

Van tyd tot tyd sal die vreespsigose mense beetpak, glo Breytenbach, maar witmense, wat soms oorreageer, sal besef die ANC het onherroeplik afgesien van die ou ANC-beleid van die nasionalisering van myne, banke en monopolieë. Daar is wel sprake van die ontbondeling van monopolieë.

Ook die vrees vir weerwraak is ongegrond. Weeg maar die wraak in die Belgiese Kongo, in Phillipeville in Morokko, en toe Arabiere in Dar-es-Salaam vermoor is, op teen die taamlik vreedsame dekolonisering-oorgang in Kenia, Zimbabwe en Namibia. Yomo Kenyatta, Sam Nujoma en Robert Mugabe het almal 'n versoeningsbeleid gevolg ná onafhanklikheid. Dink aan Kenyatta se verstommende leef-en-laat-leef beleid in Nakuru in 1962 - dit nadat hy sewe jaar in die tronk was weens sy betrokkenheid in die Mau-Mau oorlog.

Sê Breytenbach: "Afrika het 'n vermoë om versoenend op te tree en ek glo nie die ANC sal anders wees nie. Trouens, hulle het reeds gewys dat dit die geval gaan wees." ■

# Gaan die nuwe Suid-Afrika 'n plek wees waar jy wil bly?

*'n Klompie bekende burgers sê hul sê*

DEUR HENNIE SERFONTEIN

**FATIMA MEER,** voormalige professor in sosiologie aan die Universiteit van Natal en lid van die nuwe SAUK-Raad:

Ek het Bombaai lief. Ek het Londen lief. Ek het Zurat lief waar my pa gebore is. Maar my liefde vir Durban kan nie daarmee vergelyk word nie. Want dít is waar ek gebore is, dit is waar my kinders en kleinkinders gebore is. Wat sal ek sonder die land doen? Wat sal die land sonder my doen?

Dit is waar ek my toekoms vasgryp, want dit is die plek waar ek die greep van tirannie leer ken het.

Ek kan nie nou die hand ignoreer wat na my uitgestrek word nie; ek kan nie my hand van daardie hand wegtrek nie.

**ELMA POTGIETER,** aktrise en oud-joernalis:

Ek wil nie deel van die Nuwe Suid-Afrika wees nie.

Ek wil nie 'n leuen leef nie waar 'n siniese regering in die naam van demokrasie die direkte oorsaak is dat plakkersgebiede gevorm word waar miljoene in armoede en ellende moet leef; waar die legitieme begeerte van volke om hulself te regeer onderdruk word vir geldelike gewin.

Ek wil nie leef in 'n land waar persvryheid beteken jy publiseer alles mits dit die liberale humanisme ondersteun en jy sê niks oor patriotisme, volksliefde of selfregering nie.

Soos ek dit onlangs aan 'n teaterkollega in die ANC gestel het: "Stil, skatlam. Jy het intussen establishment gewórd. Hierdie Boertjie is nou die 'rebel'."

Die Boervolk se "struggle" duur voort!

**WILLIE ESTERHUYZE,** hoogleraar in filosofie en sake-etiek aan die Universiteit van Stellenbosch:

Dit bly nog altyd my blêddie land, 'n land waar mens nooit van verveeldheid hoef te sterf, of drugs of ander uitvlug te soek nie. Dis 'n land wat bevry sal wees van rassisme en rassevooroordele.

Ek sal graag die voorreg wil ervaar om 'n swart leier as president te sien.

**JOE SEREMANE,** oud-politieke gevangene en PAC-lid, politieke banneling, voormalige amptenaar van die SA Raad van Kerke, en nou assistent-streekdirekteur van die Departement van Kommunikasie:

Ek wil nie woon in 'n land waar negatiewe elemente soos die huidige chaotiese situasie van fragmentasie en geweld, en politieke mavericks met self-vernietigende politieke veldtogte, bestaan en voortleef nie.

**WILLIE LEWIES,** vooraanstaande regse, organiseerder van die "beleg" van Pretoria en in die bestuur van die Transvaalse Landbou-Unie:

Ek wil nie in een onverdeelde Suid-Afrika met 'n een-mens-een-stem-regering woon nie. Maar as die Nuwe Suid-Afrika bestaan uit 'n konfederasie van twee of meer onafhanklike state, is die antwoord ja. Een hiervan moet 'n blanke republiek met 'n eie soewereine regering wees. ▶

**PETER VALE,** direkteur van die Sentrum vir Internasionale Aangeleenthede, Universiteit van Wes-Kaapland:

Dis nie soseer sentimentele dinge soos die wonderlike water van my tuisdorp, Pietersburg, of die goddelike sonsondergang op Muizenberg nie. Dis dat daar nêrens ter wêreld sulke uitdagings is as dié waarvoor ons staan nie: om uit die as van apartheid, die gemors van die verlede, 'n nuwe toekoms te bou. In dié opsig verskil ons fundamenteel van ander lande met hul ou probleme.

**TSEPO KHUMBANE,** 'n gemeenskapswerker in Lebowa en lid van die nuwe SAUK-Raad:

Ek bly bekommerd dat die swart middelklas gemaklik leef en bevoordeel word deur moontlikhede wat orals oopgaan, maar op die platteland is daar ontsettende probleme soos geweldige armoede, gebrekkige onderwys, en werkloosheid.

**MOELETSI MBEKI,** joernalis en konsultant vir die beoogde ANC-koerant, 'n balling vir 25 jaar en een van die benoemdes vir die nuwe SAUK-Raad wat deur FW de Klerk geveto is:

Ek het verblyfpermitte gehad vir Brittanje en Zimbabwe, maar ek wou nie daar woon nie. Die enorme probleme wat opgelos moet word - iets wat sommige wittes dit laat oorweeg om te emigreer - is vir my en ander bannelinge des te méér rede om terug te kom.

**RUTH MULLER,** 'n senior lid van die SA Joernaliste-vereniging:

Selfs al gaan Suid-Afrika in die "regte" rigting, met 'n Uitvoerende Oorgangsraad en 'n verkiesing in 1994, word dit duidelik dat die meerderheid wel sal kan stem, maar weinig beter daaraan toe sal wees. Gewone mense oor die algemeen, en vakbonde in die besonder, gaan 'n belangrike rol speel om te verseker dat die veranderinge ook vir die meerderheid 'n werklikheid word.

**ANNA BOSHOFF,** president van die Vroue Landbou-Unie en lid van die nuwe SAUK-Raad:

Ek wil vir niks ter wêreld die geleentheid mis nie om ná 340 jaar ons mede-Afrikaners te leer ken. Ek hoop die mans in 'n swart regering sal omsien na die regte van swart vroue.

**KATINKA HEYNS,** bekroonde filmmaker:

Beslis wil ek in die Nuwe Suid-Afrika bly! As ek deur doringdraad moet klim, dan doen ek dit baie eerder hier.

**PROF F A VAN JAARSVELD,** historikus en gewese teiken van die verregses oor sy "demitologisering" van Bloedrivier:

Ek, my kinders en twaalf kleinkinders het die saak uitgemaak: ons bly - met ál ons medeburgers. Enige oorgangstyd in die geskiedenis was moeilik, maar oorgang kom ook tot 'n einde. Dinge kom reg.

**PIET HAASBROEK,** ekonoom en Afrikaanse skrywer wie se nuutste boek, LEM, pas verskyn het:

Waar ek bly, is waar ek gaan bly: in Afrika - of hy nou nuut of oud wil wees. Dis die kontinent wat jou keuse bepaal. Eko-nomiese toekoms? Ons moet onsself red. Die buiteland se eko-nomieë is bloot te swak om ons te help. ■


# Vir die prys van 'n rugbytoetskaartjie (of 'n ete vir twee) kan jy 'n jaar lank geprikkel, ingelig en vermaak word

Dit gaan jou net R100 kos om vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* in te teken. Dit beteken jy kry hom vóór die naweek in jou posbus, of, as jy in Groter Johannesburg of Pretoria bly, by jou voordeur afgelewer. As jy die tydskrif net vir ses maande wil probeer, stuur R60. BTW en afleweringskoste is ingesluit.

Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd, so stuur dadelik 'n tjek of posorder aan *VWB*-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113.

Naam: ..............................

Adres en poskode: ..............................

..............................

Telefoonnommer: ..............................

☐ tuisaflewering

☐ per pos

vrye weekblad

**ONAFHANKLIK**
**ONVERBONDE**
**ONVERSKROKKE**



'n Grafgrawer wag geduldig terwyl 'n sokkerspan vaarwel sê aan hul makker wat in spervuur tussen Inkatha-hostelbewoners en ANC-ondersteuners by Ratanda, Heidelberg doodgeskiet is.

## Greg Marinovich



Dit is een van die mees veelseggende foto's wat ek nog geneem het om die effek van politieke geweld in Suid-Afrika te illustreer.

Foto's is noodsaaklik om die gevolge van nuusgebeure op mense en die gemeenskap te verpersoonlik. 'n Goeie nuusfoto moet nie net die nuuswaardige oomblik raakvat nie, dit moet ook "leesbaar" wees. 'n Buitengewone nuusfoto moet méér wees as net duidelik en verteenwoordigend: dit moet emosioneel wees en die leser betrek en uitdaag. Die uitdaging vir jou as fotograaf is om dié emosie by die leser te kry wat jy by die toneel gevoel het.

In deesdae se gemeenskap is dit amper of iets nie gebeur het as daar nie foto's of TV-materiaal daarvan was nie. Die 21 mense wat op die vooraand van Chris Hani se begrafnis gesterf het, het min aandag getrek - terwyl die grafiese beelde van Boipatong die hele wêreld ontstel het.

# MEER WERD AS 'N DUISEND WOORDE

*Ses Suid-Afrikaanse nuusfotograwe wys een van hul beste foto's en praat oor hul werk*

SAAMGESTEL DEUR SALLY SHORKEND

## Cecil Sols




Dis 'n ongewone foto: die ontstoke skare en die vreedsame kat. Dit help om die menslike kant te wys van die township-mense wat so maklik net geweld-statistieke word.

'n Nuusfoto moet inligting oordra en dramatiseer, maar verder gaan as sensasioneel wees. Dit moet mense se verbeelding aangryp en 'n menslike element inbring. 'n Goeie foto gee die konteks van die gebeurtenis weer. Ek is altyd aan die kant van die underdog. Ek probeer 'n spieël wees wat reflekteer wat in ander gemeenskappe aangaan as dié waaraan jy gewoond is. Ek is 'n politieke dier en is dus sensitief vir konfliksituasies, waarin ek veral graag die gemeenskap se slagoffers uitbeeld.



'n Holomisaparkinwoner en sy buitengewone metgesel neem deel aan 'n militante opmars ná 'n nag van geweld aan die Oos-Rand.

▶




## Joe Sefale

Dié foto sê heelwat van die AWB - ure tevore is drie ANC-lede tydens 'n opmars deur regsesdoodgeskiet. Die AWB wou nie hê ons moes foto's neem nie en het erg op ons gevloek.

Nuusfoto's speel 'n kritieke rol - dit wys grafies aan mense binne Suid-Afrika en die res van die wêreld wat hier aangaan. Ek word gewoonlik na die townships gestuur om foto's te neem, en daardeur het ek al baie gehelp om mense oor dié plekke in te lig.



'n Eerlike mening tydens 'n regse optog in Vanderbijlpark



'n Begrafnis by Table Mountain in Natal

## Herbert Mabuza

Dié foto herinner lesers daaraan dat daar intense emosies is by elke sterfte in die geweld. Die beeld van die ma wat haar seun 'n laaste keer wou aanraak, sal my nog lank bybly.



Ek het nog altyd gehoop my foto's gaan mense laat besef wat hulle aan mekaar doen. Die probleem is dat mense al baie afgestomp is deur oorlog, konflik en swaarkry. Maar ek dink tog ek het al mense laat regop sit en sê: haai, is dit wat aangaan? Dít is die rol wat ek as nuusfotograaf wil speel. Die meeste van ons het al half mal geword, maar ek wil nooit iets anders doen nie. Onthou, baie van wat ons sien en ervaar, is net te erg vir koerante om te publiseer.

'n Goeie nuusfoto vertel 'n storie sonder woorde. Dit roer mense; dit laat hulle identifiseer en verstaan wat aangaan.

## Joao Silva

Dis 'n mal foto van 'n bisarre dag toe die treingeweld op sy ergste was. Ek dink die oomblik is goed vasgevang.

Nuusfoto's moet koerante illustreer en self inligting oordra, maar ook die koerante goed en toeganklik laat lyk. As dit shock en horror moet wees, dan moet dit: mense moet wéét necklacings gebeur - en hóé dit gebeur.



Daar is geen formule vir 'n goeie nuusfoto nie. As dit goed lyk en jy hou daarvan, is dit goed. En dit moet verkieslik skerp wees met 'n goeie komposisie. Nuusfoto's moet altyd vir hulself spreek. Dis hoekom ons foto's skiet: sodat ons nie te veel hoef te sê nie. Dis dáár, dis op film - dis nie 'n manier waarop ek kan lieg nie.

Daar is baie opwinding aan nuusfotografie - gevaar, adrenalien, belangrike gebeure. Mense sê ek het 'n obsessie met geweld, maar dis nie waar nie. Mense het 'n obsessie met geweld. Selfs dié wat sê hulle is moeg vir net geweld soek dramatiese foto's as daar 'n bloedbad was.




**'n Groep Inkatha-krygers kom onder vuur toe hulle probeer om 'n trein met Soweto-inwoners aan te val**



**'n Inkatha-impi op die aanval in Thokoza met twee sussies wat vlug vir hul lewe. Dit was die begin van die Randse geweld in Augustus 1990.**

## Ken Oosterbroek



Dit is 'n foto waarna mense verwys as hulle praat oor hoe die oorlog tussen die ANC en Inkatha aan die Rand begin het. Dit is visueel baie eenvoudig en effektief want jy kan dadelik besef wat aangaan.

. Ek dink nie die beste foto's kommunikeer altyd onmiddellik en effektief nie. Partykeer groei 'n foto stadig op jou, sodat jy eers maande later besef dis een van jou gunsteling-foto's. Ek persoonlik hou van grafiese fotografie, 'n kombinasie van grafiese ontwerp en 'n menslike oomblik.

'n Koerant se rol in die gemeenskap is om waghond te speel en inligting te versprei. As jy 'n verrotte gemeenskap het en jy doen jou werk behoorlik, sal dié verrotting wys. En as dit visueel effektief is, sal mense produktief daarteenoor reageer en iets daaraan doen.

Kyk maar hoe doeltreffend was media-druk om apartheid te ontbloot. Die muur van skaamte was só visueel duidelik dat die wêreld sy rug daarna gedraai het.

Die rol van persfotografie vandag verskil van wat dit in die 1970s en 1980s was toe TV byna niks gewys het nie. Nou wys TV die meeste gebeure - en persfotograwe is onder groter druk om meer visueel, meer simbolies van die groter prentjie en meer stimulerend te werk te gaan.





**HEEL LINKS:** "Regeringskantoor vir die Nuwe Suid-Afrika" deur Lambert Moraloki en Brigitte Hertell. Die skilderye "SA Monument" en "Blikkiesdorp", en die nuwe Suid-Afrikaanse vlag is deur hulle albei gesamentlik gemaak. Die houtbeeld met die hoed is deur Paul, en heet "New Nation"

**LINKS:** "Kantoor vir die Landbou-unie" deur Sua van der Westhuizen en Deon Jo. Die dierbeelde is deur Van der Westhuizen (die beeskoppe is gevul met wol, plastiekmelkbottels en nageboootste polonies) en die gietysterbank is deur Jo.

LEWENSTYL

# moeg vir jou saai kantoor?

DEUR **JOHANNES BRUWER**

**KORPORATIEWE KUNS** - dis nou die kunswerke waarmee maatskappye hul ontvangsportale en raadsale versier - is gewoonlik maar vrek saai, het The Artists Co-operative Gallery in Midrand besluit. As dit nie 'n stillewe is nie, is dit 'n wildtoneel. Of die soort sierlike abstraksie wat niemand sal ontstel nie - en dus ook niemand sal ontroer nie.

Anne Meyburg en Sua van der Westhuizen van die galery kies toe 'n klompie kunstenaars se werk wat na hul mening enige onderneming se beeld net 'n hupstoot kan gee. En hulle vra 'n paar kunstenaars ook om 'n paar verbeeldingryke kantoorruimtes te installeer.

Drie van die kleurryke "kantore" is hiernaas te sien. Kyk maar self: dalk wil jy jou werkomgewing ook so opkikker.

Die galery se keuse van kunstenaars vir 'n lewendige kantoromgewing kan jou dalk interesseer: Peter Binsbergen, Hanneke Benade, Sally Bekker, Fuz Carforio, Norman Catherine, Manuella Candida, Jac Coetzer, Mallory de Kok, James de Villiers, Barney Digs, Nico Erasmus, Gordon Froud, Andrew Gibson, Margaret Gradwell, Ingo Graham, Jazzy Designs, Nick Hauser, Brigitte Hertell, Theo Kleynhans, Theresa Ann Macintosh, Lambert Moraloki, André Naudé, Diane Victor, Lee Voight, Sua van der Westhuizen en Helena Wessels.


Die Artists Co-operative is in die Constantiapark-kompleks aan die ou pad tussen Pretoria en Johannesburg

Die versameling is tot 30 Junie te sien. ■

FOTO'S: **SALLY SHORKEND**



"Haarkappersalon" deur André Naudé en Theo Kleynhans. Dié prettige ruimte is gegrond op die Britse popkunstenaar John Hamilton se collage "Just What Is It That Makes Today's Homes So Different, So Appealing?"



(FOTO: SALLY SHORKEND)

**Alte lekker - maar wat is alles daarin? Dié lekkergoed bevat 'n interessante verskeidenheid voedingstowwe én bymiddels: suiker, glukose/glukosestroop, heuningsuiker, vrugtesap, koringmeelblom, plantaardige vette, melasse, triakel, kokosneut, mieliestysel, gelatien, karamel, soethout-poeier, kakao-poeier, gewysigde stysel, sout, koeksoda, pektien, natriumsitraat, emulsifiseermiddels (emulgeermiddels), Arabiese gom, sitroensuur, melksuur, natuurlike en kunsmatige geursel, kleurmiddels en TARTRASIEN.**

# Eet jy meer as wat jy weet?



**ESMA ANDERSON** *kyk wat's daar alles in jou kos*

**H**OE onvermydelik is die rooi, groen en geel in jou kossoorte? Het tartrasien die vreeswoord in jou kombuis geword?

Begin jy soos 'n speurhond in die supermark snuffel na inligting op etikette?

Het allergieë jou nagmerrie geword?

Moet jy gedurig preek teen junkfood, moet jy jou kinders gedurig weerhou van gasdrankies, moet jy wegbly van Chinese restaurants?

Hoe diep en hoe ver lê die paranoïa oor preserveermiddels?

Want koop jy vandag 'n blikkie ingelegde groente, kry jy dalk eendag kanker of ander newe-effekte op die koop toe weens sommige van die bymiddels daarin. Hoewel baie van die aanklagte teen bymiddels dikwels afgemaak word as blote paranoïa, het die Amerikaanse regering se Food and Drug Administration en die Environmental Protection Agency die laaste paar jaar self dié sentimente uitgespreek en probeer hulle die hoeveelheid bymiddels in kosse beperk tot 'n absolute minimum. Hulle raai maatskappye aan om liefs meer natuurlike produkte te gebruik. Want koop jy vandag 'n blikkie ingelegde groente, kry jy dalk eendag kanker of ander newe-effekte op die koop toe weens sommige van die bymiddels daarin. Hoewel baie van die aanklagte teen bymiddels dikwels afgemaak word as blote paranoïa, het die Amerikaanse regering se Food and Drug Administration en die Environmental Protection Agency die laaste paar jaar self dié sentimente uitgespreek en probeer hulle die hoeveelheid bymiddels in kosse beperk tot 'n absolute minimum. Hulle raai maatskappye aan om liefs meer natuurlike produkte te gebruik.

Metodes om kos langer te laat hou is al so oud soos die berge - omdat 'n mens nie 'n hele skaap kan opeet as jy hom eers geslag het nie. Van gedroogde, gesoute (en dikwels ook met asyn en kruie behandelde) vis en vleis soos bokkems en biltong, tot ingelegde groente soos die piekels wat veral in die Midde-Ooste gewild is, ouma se ingelegde vrugte, sterk speserye en kruie, of sommer net suiker en sout.

Selfs die antieke Grieke het preserveermiddels gebruik om hulle wyn langer te laat hou. Hulle het swael gebrand oor die wynvaatjie net voor dit verseël is en so swaeldioksied (swaelsuurgas) gebruik om hul wyne te bewaar. Vandag nog word wyn en baie ander kossoorte met swaeldioksied bewaar.

Maar net soos te veel van die eenvoudigste preserveermiddels (suiker, sout en dies meer) nie goed is vir 'n mens nie - te veel sout hou verband met hoë bloeddruk en sommige hartvatsiektes, en te veel suiker lei tot tandbederf en oorgewig - moet dieselfde ook ander preserveermiddels geld, veral sommige kleurmiddels.

En dan praat jy nog nie eens van plaagdoders, hormone, antibiotika en die ander middels wat dikwels reeds in die rou produkte soos vleis, groente en vrugte teenwoordig is nie.

Bymiddels is dikwels waardevol, maar moet liefs matig gebruik word, skryf Maurice Hanssen in sy boek oor die Britse stelsel van etikettering en vermelding van bymiddels, *E For Additives, The Complete E Number Guide*. Mense moet kyk watter soort bymiddels in produkte gebruik word, sê hy, en besluit of dit werklik nodig is en of hulle nie liewers 'n produk daarsonder moet koop nie.

Interessant genoeg het navorsing in Kanada en Nederland onlangs bevind dat 94 persent van mense wat inkopies doen, nooit die etiket lees nie en net na die handelsnaam oplet.

Besluit maar self of jy bereid is om die bymiddels in produkte te gebruik en hoeveel daarvan en of jy eerder 'n gesondheidswinkel wil besoek om produkte te koop sonder kunsmatige bymiddels.

IDEAAL GESPROKE SOU baie mense seker eerder wou leef van natuurlike produkte en vergeet van tartrasien of MSG. Maar bymiddels is soms noodsaaklik. Wie sou nie eerder 'n paar preserveermiddels inkry eerder as om voedselvergiftiging te kry van vleis wat nie meer heeltemal eetbaar is nie?

Maar al dié middels is nie altyd noodsaaklik nie. Britse navorsers het byvoorbeeld gewys dat sommige vervaardigers bymiddels gebruik om oortollige water (en dus minder kos) of 'n oormaat vette in produkte te verbloem.

Aubrey Parsons, voorsitter van Saafost (South African Association of Food Scientists and Technologists) sê egter daar is nie sprake van sulke oëverblindery hier in Suid-Afrika nie.

"Op die ou end kan 'n mens dié dinge nie wegsteek nie - die Departement van Gesondheid sal dadelik op so iemand toeslaan, neem maar my woord daarvoor. Buitendien is die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika 'n hoogs aggressiewe klomp mense. Dit neem net één vervaardiger om te kla oor 'n ander om die vonke te laat spat. Dit is juis ook die voedselbedryf self wat die finale goedkeuring aan 'n produk moet gee."

Jane Badham, woordvoerder van die Vereniging van Dieetkundiges van Suider-Afrika, sê daar word dikwels 'n onnodige bohaai oor bymiddels opgeskop. "Diegene wat bekommerd is oor bymiddels wat moontlik kanker kan veroorsaak, moet onthou dat karsinogeniese middels ook in natuurlike kosse voorkom, maar ook in baie lae konsentrasies. Ons liggame het ▶

# WAT OM TE VERMY

## *'n Kort lys vir die koskoper*

PRESIES wat is bymiddels en wat is die funksie daarvan? Hier is 'n kort lys van die mees algemene soort bymiddels wat jy op die winkelrakke kan teëkom:

- **KLEURMIDDELS:** Die meeste kleurmiddels word gebruik bloot om die produk aantreklik te laat lyk. Heelparty word van natuurlike produkte gemaak. Natuurlike kleurmiddels wat heeltemal veilig is, sluit saffraan, borrie, paprika en sandelhout in. Beet, betakaroteen (van veral wortels) en chlorofil (die groen kleur in plante) is ook veilig en boonop gesond.
  Die kleurmiddels wat groot kommer wek, is veral die sogenaamde "azo" kleursels waarvoor baie mense (veral dié wat allergies is vir aspiriene, mense met respiratoriese probleme soos asma-lyers) en veral kinders sensitief is. Tartrasien is een van dié middels en kinders moet dit liefs nie inkry nie. Dit kom ongelukkig in baie aanmaak-koeldranke, lemoenkwas, gaskoeldranke, kougom en lekkergoed voor. Heelparty kleurmiddels gaan dalk binnekort aan die Britse mark onttrek word weens kommer oor die veiligheid van veral sekere swart, bruin, geel, groen en rooi kleure.
  Ironies genoeg is dit juis metodes om kos se raklewe te verleng en verwerkingsmetodes wat dikwels die natuurlike voorkoms van die kos versleg en die gebruik van kleurmiddels noodsaak.
- **PRESERVEERMIDDELS:** Dié middels verhinder of beperk die groei van mikro-organismes. Dit is oor die algemeen verkieslik bo muwwerige kos en laat verskeidenheid toe in ons dieet en die voordele daarvan weeg dus moontlik swaarder as al die risiko's. Van die preserveersmetodes wat gewoonlik veilig is en nie noodwendig genoem hoef te word as preserveringsmetodes nie, is byvoeging van of bewaring in alkohol, byvoeging van suiker, kruie en speserye en gerookte kosse.
- **ANTI-OKSIDANTE:** Die suurstof in die lug kan baie kossoorte veranderings laat ondergaan wat dit oneetbaar kan maak, byvoorbeeld vette en olies wat galsterig word. Dit kan wissel van natuurlike of natuur-identiese middels soos vitamien C (askorbiensuur) en vitamien E tot ander waarvan die veiligheid soms te betwyfel is, soos Butylated Hydroxuanisole (BHA) en Butylated Hydroxytoluene (BHT) - dit kan die lipiede en cholestrol-vlakke in die bloed verhoog. Dit kan ook die vorming van ensieme in die lewer aanmoedig wat sekere middels in die liggaam kan afbreek, soos byvoorbeeld vitamien D.
  Die hoeveelheid anti-oksidante wat gebruik mag word, wissel van produk tot produk na gelang van hoeveel nodig is om die produk te bewaar.
- **EMULGEERMIDDELS, STABILISEERDERS EN ANDER:** As 'n mens 'n eier gebruik om mayonnaise te maak of 'n sous te bind, werk die lesitien as 'n emulgeermiddel. Vandag word lesitien gewoonlik om ekonomiese redes van sojabone gemaak. Baie van die emulgeermiddels en stabiliseerders is veilig en natuurlik. In Brittanje is bevind dat polifosfate dikwels net vermeld word as "tenderizers" van bereide of gerookte vleis, ham inkluis, om die feit te verskuil dat die vervaardiger water, die goedkoopste rou materiaal, byvoeg. By bevrore hoender word polifosfate dikwels bygevoeg omdat die hoender op dié manier aansienlik swaarder kan weeg.
  MSG (monosodium glutamate), 'n geurbevorderaar, val ook in dié kategorie en is deesdae nogal 'n berugte bymiddel.
  (Meer oor MSG: Wees veral versigtig as jy in Chinese restaurante eet vir die groot hoeveelhede MSG in die kos. Jy kry dit ook in gegeurde rys, pakkies sop, sojasous, omtrent alle soorte southappies, sommige souse, die gewilde gebraaide hoenderporsies, en so aan, lees maar die pakkies. MSG, skryf Hanssen, kan heelwat newe-effekte hê, onder meer 'n toestand waarna hy speels verwys as "Chinese Restaurant syndrome" met hartkloppings, hoofpyne, duiseligheid, spierstyfheid, naarheid, swakheid in die bo-arms, pyne in die nek en simptome amper soos migraine by sommige mense. In Brittanje word dit verbied in kos bedoel vir jong kinders of babas.)
- **VERSOETERS:** Die meeste versoeters is heeltemal skadeloos as dit matig gebruik word en middels soos suiker (sukrose), glukose (dekstrose), vrugtesuiker (fruktose) en melksuiker (laktose) word dikwels benoem as kos en nie versoeters nie.

Na die publieke ontsteltenis oor sekere kleurstowwe in kosse, begin al hoe meer vervaardigers deesdae weer oor hul wetenskaplike skouers terugkyk na die natuur. Heidi-Lee Robertson, woordvoerder van die Vitamien Informasie Sentrum, sê al hoe meer wetenskaplikes begin kyk na natuurlike kleurmiddels omdat mense nou maar eenmaal nie net met hulle monde nie, maar ook met hulle oë eet.
Die meeste van dié middels word gemaak van karotenoïede, die natuurlike pigmente wat verantwoordelik is vir die aptytwekkende kleur van eiers, wortels, groen groente, tamaties, appels en vele ander. Dié middels kan ook geïsoleer en gesintetiseer word as veilige kleurmiddels vir kos. En sommige daarvan sal nie net die kos goed laat lyk nie, sê Robertson, maar ook die voedingswaarde daarvan verbeter. So byvoorbeeld word betakaroteen in die liggaam omgeskakel na vitamien A tydens normale spysvertering en navorsing toon dat betakaroteen 'n mens kan beskerm teen die ontwikkeling van heelwat kankers, veral longkanker.
Van die produkte waarin dit moontlik gebruik gaan word, is: slaaisouse, ontbytgrane, babakosse, strope, vrugtekwasse, vrugtesappe, kaas, joghurt, geblikte sop en pakkies-soppe, tamatiesous en ander tamatieprodukte, verwerkte vleisprodukte, pasta, nageregte, jellies, koekies, lekkergoed, konfyte, roomys, gebraaide uieringe en tablette wat bedek word met 'n suikerlagie.

'n hele reeks beskermingsmeganismes teen dié stowwe, veral in lae dosisse.

"Mense vergeet ook soms dat alle natuurlikekosse óók 'n hele klomp chemikalieë bevat. 'n Aartappel bevat byvoorbeeld arseen, salpetersuursout (nitraat) en 'n hele klomp ander middels wat giftig of gevaarlik kan wees in hoë dosisse. As ons heeltyd oor sulke klein hoeveelhede chemikalieë bekommerd moet raak, sal ons eindig met weinig kos om te eet," sê Badham.

Hanssen raai verbruikers aan om gedurig die vervaardigers se motiewe te bevraagteken: word middels net bygevoeg vir die gerief van die vervaardiger (laat dit hom toe om laer kwaliteit rou materiaal of verwerkingsmetodes te gebruik), of gee dit die produk werklik 'n beter smaak of gehalte as wat sonder bymiddels moontlik sou wees.

Sommige middels, sê Hanssen, is ook nie werklik nodig nie - dit versterk byvoorbeeld net die kleur of geur.

Veral mense met allergieë of wat sensitief is vir sommige produkte behoort die etikette te lees. Maar die vervaardigers kan hulle baie ongerief spaar deur vollediger inligting oor die bestanddele te verskaf.

As die inligting op 'n etiket vir jou nie duidelik genoeg is nie, skryf sommer aan die vervaardiger. Van die einde van vanjaar af sal jy ook op die meeste etikette kan lees presies wat die voedingsswaarde van kos is. Sommige vervaardigers sal egter die volgende inligting op die etiket moet vermeld: vetinhoud, koolhidrate, kilojoules, proteïne, vesel, sout en vogtigheid. Preserveermiddels, sout, MSG en tartrasien moet by naam genoem word. ■



(FOTO: SALLY SHORKEND)

Malcolm Lupton... "Mense wat in die staat wil bly, moet Afrikaans kan praat."

# 'n Bruin Volkstaat...

## *En nou vir die bruin regses* - VIRGINIA KEPPLER *ontmoet die Front vir Nasionale Bevryding*

IS daar 'n "ontluikende kleurling-nasionalisme"? Is daar regtig bruinmense wat 'n eie tuisland of volkstaat soek? Ja, sê Malcolm Lupton, sekretaris-generaal van die nuutgestigte Front vir Nasionale Bevryding. Die 29-jarige Lupton is 'n dosent in aardrykskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Terwyl die Nasionale Party en die ANC nog wroeg oor oor wie die "bruin stem" gaan kry, sê Lupton se FNB bruinmense gaan stem vir hul eie party - 'n "kleurlingparty" waarmee hulle hul kan vereenselwig. Hy noem sy party 'n "bourgeois-projek".

Die FNB is op 12 April vanjaar gestig op 'n kongres in Eldorado Park, 'n oorwegend bruin woonbuurt suid van Johannesburg. Ondersteuners het van so ver as die Wes-Kaap, die Oos-Kaap en Natal gekom.

Met die FNB se stigting was daar amptelik 265 lede, maar hulle is glo op pad om 'n massaparty te word. Volgens Lupton het "aansienlike getalle" kleurlinge wat tot die ANC en die PAC behoort het, na die FNB oorgestap. Lupton sê die PAC-strukture regdeur die PWV-gebied is besig om "ineen te stort".

Daar is tans vier FNB-takke in Eldorado Park, 'n tak in Eersterust, Rust-ter-Vaal, Toekomsrus en Reigerpark. Takke word ook nou in Durban, Kaapstad en Namakwaland gestig, terwyl die FNB-strukture in Khomasdal (Windhoek) en in Rehoboth die begin van 'n parallelle organisasie is.

Die FNB wil nie net 'n stuk van die Wes-Kaap vir hul volkstaat hê nie, maar ook 'n deel van Namibia insluit - "die kleurlinge van Namibia en Zimbabwe roep na ons om hulp". Hulle wil Walvisbaai óók hê, want daar is 'n meerderheid bruinmense.

Lupton wil nie sê waar sy beweging sy geld vandaan kry nie. Hy bevestig net dat hy buitelandse ambassades om steun gevra het en reeds deur 'n senior Britse diplomaat besoek is.

### Lupton reageer só op vrae:

**Hoe definieer jy 'n kleurling?**
As ons die kleurling definieer, gebruik ons sosiale en historiese maatstawe, en nie biologiese of rasse-maatstawe nie. Ons gaan ons voorvaders se erfenis herstel in terme van 'n hersiening van die kleurling se geskiedenis. Daar is 'n sterk rassistiese idee van die kleurlingbe-volking in die geskiedskrywing. Ons sien ons bevolking as voorspruitend uit elemente van die inboorlinge en die Khoi in die Wes-Kaap. Ons baseer ons historiese aanspraak op daardie gedeelte van ons voorouers.

**Is kinders gebore uit "gemengde" huwelike ook kleurlinge?**
Nee. Jy is 'n kleurling net op grond van één ding en dis jou gesamentlike historiese ervaring. ▶

**Wat is die beweegrede agter die stigting van die FNB?**
Apartheid was altyd net gebaseer op twee kleure - swart en wit. Die FNB meen kleurlinge kan nie tuis voel in organisasies soos die ANC en die NP nie. Daar is al die jare gediskrimineer teen die kleurlinge. Ons meen 'n politieke tuiste is nodig waarmee die bruinmense hulle kan identifiseer. Dit is soos 'n identiteit-politiek, waar die kleurlinge kan voel dit is ons, dit is kleurlinge. Ons wil vir die kleurlingbevolking sê: jy hoef nie skaam te wees vir wat jy is nie.

**Is jy 'n rassis?**
Nee. Die FNB is nasionalisties. Ons wil die kleurlingbevolking as 'n nasie inspireer. Ons werk aan 'n eie staatstruktuur - en dit alleen beteken dit is 'n vorm van nasionalisme. In ons staat gaan die swartman en die witman ook stemreg hê.

**Sou jy sê daar is 'n hoë vlak van rassisme onder kleurlinge?**
Ja. Daar is massiewe rassisme. Ons organisasie gaan dit nie aanmoedig nie want ons sien onsself nie as rassiste nie. Ek het jou artikel van 21 Mei 1993 gelees oor "Watse kleur is 'n kleurling nou eintlik" - en ek weet ons sal baie hard moet werk om hierdie soort van ding uit ons kleurlingmense te kry.

**Die FNB se vlag is gebaseer op die Franse drie-kleur. Waarom boei Frankryk jou?**
Ek het 'n voorliefde vir die Franse beskawing met sy revolusionêre republikeinse tradisie. Frankryk bied vir my 'n meer universele, toeganklike en aanvaarbare kultuurpoel - en model - as die kru Anglo-Amerikaanse milieu, of die Afrikanerdom met sy Christelik-Nasionale en kulturele konserwatisme. Ek kan byvoorbeeld met 'n paar uitsonderings, nie Suid-Afrikaanse literatuur verdra nie, of dit nou wit of swart is, of dit nou Engels of Afrikaans is.

**Oorweeg julle enige onderhandelinge met die Afrikaner Volksfront?**
Die FNB het geen bande met die Afrikaner Volksfront nie, maar bly egter op 'n voortdurende basis op die hoogte met die belangrike politieke organisasies binne sowel as buite die Afrikaner Volksfront.

**Hoe gaan julle by die Nuwe Suid-Afrika inpas?**
Ons pas glad nie in nie. Dis 'n groot gemors en ons wil nie deel wees daarvan nie. Ons wil 'n eie nasie bou.

**Neem julle enigsins deel aan die onderhandelinge in die World Trade Centre?**
Nee. Ons is nie bereid om besluite te "rubberstamp" wat ander agter ons rug geneem het nie.

**Hoe sien jul beoogde staat se strukture daar uit?**
Dit gaan 'n meerderheid bruin bevolking hê van 80 persent. Die top-strukture van die ekonomie gaan in die hande van die kleurlinge wees. Volgens ons immigrasie-beleid sal nie-burgers wat die staat wil binnekom, 'n verwysingsdokument moet hê. Ons beplan om die blankes op die plase uit te faseer. Hierdie staat moet 'n streek wees van 'n groter federale bestel in Suid-Afrika. Daar is ook 'n sterk gevoel, veral in Transvaal en Natal, dat ons moet gaan vir 'n soewereine staat of afskeiding.

**Wat gaan julle amptelike taal wees?**
Ons enigste amptelike taal gaan Afrikaans wees. Alle onderhandelinge gaan in Afrikaans wees. Ons wil die Afrikaanse taal moderniseer. Mense wat in die staat wil bly, moet Afrikaans kan praat. Niks gaan in Engels gedoen word nie.

**Gaan julle deelneem aan die komende verkiesing?**
Nee. Ons gaan wel 'n daadwerklike beroep doen op Suid-Afrika se 1,8 miljoen bruinmense om die verkiesing te boikot.

**Is dit 'n soort Coloured Consciousness wat jy verkondig?**
Nee. Ons organisasie is maar net in lyn met die ontluikende kleurling-nasionalisme en die daarmee gepaardgaande bewustheid van ons bevolking, ons gesamentlike probleme, geskiedenis en toekoms.

**Sien jy jouself as Afrikaner soos Jac Rabie homself sien?**
Sogenaamde bruin Afrikaners soos Jac Rabie en Abe Williams, en selfs Don Mattera, die swart bewussyn-ideoloog, ly nog aan die ou hotnotsindroom. In 'n sin bestaan die Kleurling waarvan die FNB praat nog nie: hy (en sy) is nie 'n Afrikaner of 'n swart mens nie, maar wel 'n trotse burger van die toekomstige staat wat deur stryd en opoffering geskep sal word. ■

## 'CONSTAND VILJOEN SAL DAARVAN HOU'

Don Mattera, digter, joernalis en prominente lid van Azapo, oor die FNB: "Ek dink die Front vir Nasionale Bevryding is 'n groot tragedie en mense soos Constand Viljoen, Jac Rabie en die regses sal dié idee ondersteun. Jack Rabie het dieselfde droom gehad - en kyk waar het dit hom gebring, binne in iemand anders se agtersak. Malcolm Lupton, jy speel met vuur!"

Weizmann Hamilton, sekretaris van die ANC-tak in Eldorado Park en ondersteuner van die Marxist Workers Tendency van die ANC, gee 'n persoonlike mening: "Ek sal nie verbaas wees nie as die FNB geheime fondse ontvang van agente wat belangstel in hul strategie om die eenheid in die land af te breek. Daar is sprake dat Sanlam 'n som van R18 000 aan die FNB gegee het.
"Uit 'n praktiese oogpunt is die idee van 'n kleurlingstaat heeltemal naïef. Waar gaan dit wees? Geen plek in die land is ekonomies onafhanklik nie. Die hele Suid-Afrika moet geïntegreer word om 'n basis vir ekonomiese ontwikkeling te vorm. Lupton en sy organisasie speel op die vrese van die kleurlinge en is besig om hulle te verwar en skaamteloos te mislei. As die staat 'n werklikheid word, sal die sosiale omstandighede van die oorgroote meerderheid kleurlinge onveranderd bly.
"Die FNB, Inkatha en die AWB verskil glad nie van mekaar nie. Hulle word bymekaar gehou deur 'n ideologie gebaseer op ras. Dít is 'n wrede ironie: juis noudat die 'swartmense' - die kleurlinge, die Indiërs en die swartmense - bewys het hulle kan die apartheidsisteem op sy knieë bring deur saam te werk."

’n Dekade van Borgskap


Grahamstad 1-11 Julie 1993



Standard
Bank
Nasionale
Kunsfees

Bespreek by Computicket. Skakel (0461) 2-7115 vir nadere inligting

’n Projek van die 1820 Stigting



# Al die veld is vrolik

## **TERRY BARON** *vergesel 'n groep stadskinders op 'n uitstappie in die berge*

I WENT hiking the other weekend and, man, it was lekker. The SA Perm was sponsoring Sarel Celliers Primary School to start a hiking club and they thought it would help if they inspanned me to carry some of the liquor they needed for the braaivleis.

The original plan was to walk from God's Window to Bourke's Luck but you know how these things are. The eight foundation members of the club all had to be back at school on Monday so we walked only as far as the first hut on Saturday. On Sunday we walked back to God's Window.

We carried heavy, all right. Two night's liquor for one night's camping. The children behaved themselves, well, sort of, but I can't say the same about the grownups. Many of them went to bed without washing their faces or cleaning their teeth.

I suppose Sarel Celliers would have been proud to have a hiking club named after him. Like the rest of the Voortrekkers, he was no slouch when it came to voetslaan. Over the Drakensberg is a hell of a hike even in velskoens, never mind barefoot.

The Old People. They were never afraid to take the scenic route. Some of them were such good hikers they went doer-and-gone, beyond Mozambique, as far as Madagascar. By them Louis Trichardt was a stuffy stay-at-home. They thought they deserved better response when they reported back from their recce: "Kêrels, we might have to swim some of the way but, finally, we've found a lekker place to park."

TIMES CHANGE but this remains the main object of hiking and there is a nice simplicity to the exercise. You wake up and you start walking, eyes ever peeled for a lekker place to park, even if only to stop for a cigarette.

"Oom? Are we nearly there yet?"

We were still on the way to where we would start walking and it was my luck to be sitting next to the two photo poppies. Eight little okes, aged 12 and under, had refused, pointblank, to travel in the same combi.

"Girls! Sis!"

"Bleachhh!"

"Yeachhh!"

"Nooit, oom."

"Never... ever."

"Moenie worry nie." I told the girls the boys would soon grow out of it and they smiled, knowingly.

"Ja oom. I'm sure oom knows."

Lord, these poppies know how to make an uncle feel old, and that's a fact.

"Oom? Is there perhaps some padkos, oom?"

Photo poppies! They may look like scarecrows in front of the camera but it's amazing how they can pack it away. The prettiest, skinniest girls in the world - and they eat like they are planning a march on Moscow.

NATURALLY WE LIVED off the land. Cheeseburgers, chips, chocolates, crunchies, coca-cola, toasted bacon and banana. In Lydenburg we waited a long time at the bottle store while a foraging party combed the town for marshmallows.

"No man. I would rather be sitting somewhere in the veld than out here on this street."

The father of one of the boys wanted to find a better place to park. He had brought a camera and plenty of film so he could focus on the kids while they communed with Nature.

"Stand still, boys. I want to take a picture."

Fat chance. At God's Window we counted the same eight who had refused to sit next to the girls. We knew we shouldn't go home with that number dwindled to seven but we would never have known. On the trail they stood still so seldom it was impossible to count them properly.

At the swimming hole they ran riot. This being the New South Africa I don't want to make too much of the fact that it was the black kid who was first to let fly with some of the klippe. The seven baby rocks who were his company joined in with a will.

"Jislaaik but it's only cold."

"Bangbroek!"

"Jou gat, man."

"I never brought my cozzie."

"So sommer swim in your underrods."

"Youse ous is all sissies."

"Sissy yourself."

"Okay okes. Check this..."

The bravest boy hit the water and soon the swimming hole was a whirlpool, a maelstrom of splashing, shivering bodies.

"Hey you ous...check."

"There's a frog."
"A padda. Right there."
"Quick. Make him dead."
"Throw him with a stone."
In an instant the little savages turned crystal pool into murky mudbath. They threw that frog with so many stones it escaped only by diving to the depths of the pool - where it very likely choked to death on all the muck stirred up by the blanket bombing.
Oh well. So much for preserving the environment. This was in the finest traditions of South African conservation: If it moves - kill it.

THE BOYS BURNED so much energy at the pool we feared they might fade but no such luck. Little lungs, unsullied by cigarette smoke, made short work of the final haul to the hut. Spare socks and shirts and toothpaste and plastic mugs and packets of Game and Cremora spilled from their backpacks while they raced each other along the footpath.
"Oom? How far must we still go?"
"Why is oom sweating so much?"
"Is oom tired?"
"We're not tired, oom."
"Not us."
At the camp they flopped down but they were like puppies or curious kittens. Five minutes rest was all they needed to keep them revving long past their bedtime.
The grownups made fire, braaied meat and pap and sous and washed it down with two night's worth of liquor. After supper they sat around, telling stories of lions and leopards and black rhinoceroses, or simply stared into the flames. Every now and then one or the other would say how great it was to be in the bush where they could breathe fresh air and see the stars for a change.

NOT SO the little okes. They were having their own party, playing games with rules which were both strict and unrecognisable. They had ransacked the rucksacks so each had his own torch and, like fireflies, they flitted round the camp. Voices cranked full volume, they were running and screaming and falling and yelling at a ferocious velocity.
One of them persuaded the rest to climb on the roof so they could shine their torches down on him as though he was in the spotlights.
"I'm Elvis, man. You okes check: I'm Elvis."
They never paid him much attention because they were too busy trying to push each other off the roof but Elvis never noticed. He knew the opening lines to one song and was more than prepared to make up the rest.
"Ah, one for the money...
"Ah, two for the show...
"Ah, somebody did something to someone else's vrou."
Ja-nee! Isn't wild life wonderful?

ON THE WAY back to the carpark the next morning I tried to instil a little more respect for the great outdoors by pointing out a leopard's dropping. It lay on our path like a curl of wire wool but, because I wanted to tell them what it was and not what it looked like, I used the first Afrikaans word which came into my head.
This turned out to be a serious mistake.
"Kak!"
"Leopard kak!"
"You lie. You talking kak."
"The uncle said it first."
"He said, 'kak'."
"Go kak with the baboons."
"You go kak yourself."
"Kak you man."
"Kakakakakakakakakakak."
It was okay. They felt they were allowed. The uncle had said it first. In my old age, I had forgotten how droll a drolletjie can be.
"Kakakakakakakakakakak."
"Hahahahahahahahaha."

SO IT GOES. When you're only two bricks and a tickey high then scatalogical humour is the best, man. The very best.
They weren't going to let this joke get away if they could help it. They were so fired up they farted freely most of the way home in the combi. Cute little farts, I suppose. At least you had to admire the orchestration.
Eight little okes, firing at will. These were not upset stomachs, you understand, but farting as a game of skill.
"Hey, who let go?"
"Sis, man."
"Open the windows."
"TeeheeTeeheeTeehee."
They played Find the Farter all the way to Witbank and Stink Mountain. You know the suppurating slagheap right by the side of the road. The one that had that fire that burned for what seemed like forever.
"SIS!"
"Who did THAT?"
"If you sick man, go to the doctor."
"Wasn't me, oom. Honestly."
"Wasn't me. Wasn't me. Wasn't me."
Well even the grownups knew that. No man or boy could smell like that and live. So serious was the stink the little boys stopped their tittering and giggling. The stench of civilisation had shocked them into silence. ■


DWELMS

VROEËR OF LATER SAL JY MET IEMAND MOET PRAAT


Die Polisie


Die Gereg


Die Begrafnisondernemer


Jou Apteker

Orals waar u die DWELMKUNDIGE teken sien sal u 'n apteker vind wat opgelei is om die probleem van dwelmmisbruik te hanteer. Die hulp is gratis en vertroulik.

DWELMKUNDIGE RAADGEWER

Geborg deur Roche as 'n diens aan die gemeenskap

Fabig & Pead 926/A



KUNS

Walter Meyer ... "Die paintings verander my meer as wat ek hulle verander." (Foto: SALLY SHORKEND)

# sy skilderye, jou herinneringe

DEUR **JOHANNES BRUWER**

DIE 28-jarige Walter Meyer is nogal 'n rariteit onder jong Suid-Afrikaanse skilders: hy's nié avant-garde nie, nié polities korrek nie, en hou daarvan om in die tradisionele medium van olieverf te skilder. Boonop skilder hy landskappe.

A, maar daardie landskappe. Hulle spook by jou.

"As ek goed paint," sê Meyer, "voel dit vir my of ek al tevore op dié plek was. Miskien toe ek heel klein was. So 'n gevoel van déjà vu."

Met dié einste eienaardige ervaring verras sy landskappe jou ook keer op keer. Jy kyk na dié verlate skrootwerf, daardie dorphuis met die gewel en die verskrompelde roosbome in die tuin, daardie rooidakhuisie met die twee sipresse langs die pad - en jy herken hulle onmiddellik. Dis asof jy na jou eie herinneringe kyk. Maar wanneer was jy daar?

Die meeste mense wat al Meyer se landskappe ervaar het, praat van dié vreemde manier waarop hulle aan jou onbewuste raak. Sommige sê dit het iets te doen met die verlatenheid (sy huidige landskappe wys nie mense nie, net die spore van mense, die dinge wat hulle gemaak het). Ander meen dis die magiese manier waarop hy lig vasvang en beklemtoon.

Maar hy laat jou ook die manier onthou waarop jy dinge bekyk het toe jy 'n kind was: toe 'n huis, 'n strootskraper, 'n boom elkeen nog 'n oorweldigende entiteit was. Jy ontdek die dinge van voor af.

Hy ook, sê Meyer. "Ek dink die paintings verander my meer as wat ek hulle verander. Dis wat so lekker is. Jy begin met nuwe oë kyk na dinge."


CARL WALTER MEYER is op 31 Januarie 1965 in Aliwal-Noord gebore. Hy het op laerskool al besluit hy wil kunstenaar word - "Seker maar omdat die juffrou so 'n ophef gemaak het: 'Kyk dié mooi prentjie wat Walter geteken het.' "

Ná matriek in 1982 (met 'n onderskeiding in kuns) het hy 'n BA Skone Kunste aan die Universiteit van Pretoria behaal en toe drie jaar en ses maande in Duitsland gaan studeer, onder prof Michael Buthe aan die Staatliche Kunstakademie in Dusseldorf. Hy het 'n ruk in Duitsland gebly om diensplig te vermy en in 1989 teruggekeer.

Die landskappe is maar sy huidige fase. In die laat-tagtigerjare het hy figuratiewe abstraksies geskilder wat by die Duitse neo-ekspressionisme aansluit en ook herinner aan Paul Klee se werk. Van tyd tot tyd sien 'n mens surrealistiese landskappe van hom - soos die "Brooklyn Circle, Pretoria" wat hy in 1991 in die Newton-kunssaal vertoon het. 'n Sirkelvormige winkelsentrum in 'n bar landskap met oerplante en sirkelvormige wolke soos oliebolle in die lug. Die verbuikerskultuur in Afrika, in 'n neutedop.


In Duitsland het hy denkbeeldige landskappe gemaak. "Soos 'n ontdekkingsreisiger wat 'n land ontdek en dit in sketse wil dokumenteer. Alles uit my verbeelding gedoen, sulke vorms. Soos iemand wat 'n skets maak van 'n plant of 'n saadjie wat hy nooit gesien het nie. Die mense in Duitsland het gesê dit voel vol heimwee."





Werkwinkel, Pearston.

(Foto's van skilderye: NEWTOWN-KUNSSAAL)



Huis, Trompsburg.

Daar wás 'n sterk verlange by hom. Hy wou nie in Duitsland wees nie, maar hier.


"Voordat ek weg is oorsee, het ek alles hier gehaat: die landskap, die Hoëveld, alles was vir my aaklig. Eers toe ek terugkeer, het ek besef watter unieke land dit is. Die landskap hier is vreemd. Die kontraste. Of dit nou die Karoo is, of die Hoëveld in die laatmiddag. Daar's nie nog so 'n plek op aarde nie."

Sommige Suid-Afrikaners probeer wegkom uit hul omgewing, sê Meyer. "Jy moet dit eerder verwerk, come to terms with it."

MEYER en sy vrou, Catherina - hulle is verlede jaar getroud, woon op Pearston (die naaste bioskoop is in Port Elizabeth). Hy hou van die plattelandse stilte. Skilder hou hom heeltyds besig, soms tot laat in die nag. Hy lees nie juis nie en hulle het nie 'n TV-stel nie. As hy nie skilder nie, werskaf hy in hul groentetuin of maak kos. Die laaste paar maande sukkel hy om 'n windpomp reg te maak.

Meyer skilder sy landskappe nie op die plek nie, maar neem foto's op reis -" dis gewoonlik my vrou wat besluit watter koers ons nou moet inslaan met die kombi". Tuis werk hy dan van die foto's af.

Skilder 'n mens wel op die toneel, sê hy, kom loer te veel mense oor jou skouer. Maar dis vir hom lekker om mense so op reis te ontmoet. Op die platteland kom menseverhoudinge baie sterk na vore. "Die swartmense dink hulle gaan alles kry en die witmense dink hulle gaan alles behou."



Sleepwaentjie, Somerset-Oos.

HY sal nie altyd by landskappe bly nie, sê Meyer. Hy voel al hoe ander belangstellings begin roer. Avant-garde sal hy egter nooit wees nie.


"Eintlik hou ek van 'n middelweg - nie die uiterstes, te veel drama nie. Wat my frustreer van die avant-garde soort kuns is dit gaan so gou verby. Eintlik hou ek daarvan om te werk en te paint, om painterly te wees."

Toe hy terugkeer uit Duitsland het dit hom opgeval hoe naarstig Suid-Afrikaanse kuns op die oomblik is. "Dit voel vir my asof almal op 'n stukkie papier alles moontlik probeer express, elke tekstuur gebruik waaraan jy kan dink. Almal is vreeslik desperaat hierso, hoe kan ek sê, dit voel vir my of hulle oordryf.

"Maar ek kan nie sê hulle lieg nie. Dis seker maar 'n getroue weerspieëling van die Suid-Afrikaanse milieu, die spanninge, die woelinge."

Hy het al verskeie kere oorsee (Duitsland en Amerika) ten toon gestel en sal dit graag aanhou doen. Maar hy wil in Suid-Afrika bly. "Hier is nog 'n soort gasvryheid, 'n ongekunsteldheid, amper 'n naïwiteit by mense, veral op die platteland.

"In Europa is almal so volwasse, dis depressing. Baie meer depressing as wat dit hier kan wees. Daar's geen ontdekking meer nie. Almal is al volwasse op vyftien. Die skoolkindertjies maak jou naar: hulle het elkeen net die beste skoolsak, die beste klere, dis net Benetton waar jy kyk." ■



Laatmiddag, Pearston.

● 'n Versameling van Meyer se landskappe is tot 30 Junie in die Newtown-kunssaal in Johannesburg te sien.

# 'Die Geel Gevaar is op pad'



**LOUIS KIRSTEIN** *kuier by die leier van die Wêreld Apartheid-beweging*

JY ry met 'n slegte tweespoorpad verby die naambord Vermilien, hoewe 21, na die huis van Koos Vermeulen, leier van die Wêreld Apartheids-beweging en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialisteparty. Langs die beeld van 'n Griekse god in die gloed van 'n veiligheidslig staan mev Marquerite Vermeulen om jou te verwelkom by die kasteel, sowat tien kilometer buite Pretoria.

In die ingangsportaal lei 'n stel trappe geheimsinnig na een of ander kelder. 'n Skerp draai bring jou by die ontvangskamer, versier met enkele oudhede.

In die sitkamer staan 'n moderne sitkamerstel en 'n Pioneer hoë-troustel. Aan die muur hang 'n paar skilderye van Afrika se groot vyf. 'n Leeuvel versier die vloer. Sommige mense meen hy's 'n goeie skut, sê Koos Vermeulen, maar hy hou nie van jag nie.

En die kasteel? Hy lag net. "Ek wou nog altyd in 'n kasteel met torings en 'n muur gebly het. Daar is beslis nie iets geheimsinnigs daaraan nie. As ek verhuis, sal ek weer vir my 'n kasteel bou. Dit is soos ek is."

DIE TYD VAN apartheid as ideologie is verby, sê die man wie se beweging enkele weke gelede in die nuus was omdat hulle 'n deel van die regskoste gaan betaal van Janus Walusz, die vermeende sluipmoordenaar van die sekretaris-generaal van die SAKP.

"Met ons stigting vier jaar gelede was die doel om apartheid as ideologie uit te dra na die buiteland. Daarom het ons eers takke in 25 Europese lande gestig. Die WAB mag egter nie stagneer nie en moet polities groei," sê Vermeulen.

"Ons het gevind dat die huidige staatsbestel en regeringsvorm, en in die besonder die huidige stelsel wat nou uitgefaseer word, onvoldoende is. Omdat ons 'n wêreldwye beweging is, moes ons in pas bly."

'n Navorsingspan van die WAB het toe die huidige politieke gebeure in verskeie Oosbloklande ondersoek en 'n oplossing gesoek wat "wêreldvrede" sal bewerkstellig. Die ideale staatsvorm - wat los staan van die nasionaal-sosialisiese ideale - is deur die navorsingspan uitgewerk, sê Vermeulen.

Die WAB se grondwet is ook gewysig sodat iemand van enige ras wel lid kan word. "Die pad is dus oop vir 'n separatiste-beweging van Sri-Lanka om by die WAB aan te sluit. Talle swartes gaan hulle binnekort by die beweging aansluit sodra hy sy naam na die Preserviste-beweging verander," sê hy.

"Die geskiedenis van die ou USSR het ná 70 jaar bewys dat niemand één volk uit verskillende etniese groepe kan maak nie. Die bestaande ideologieë het misluk om die utopie te skep waarna almal gesmag het.

"Wanneer enige groep se taal, kultuur, tradisie of grondgebied bedreig word, laat dit die mense na wapens gryp. Enigiemand kan by die WAB aansluit - solank hy begryp dat sy eie tradisionele grondgebied syne is en dat hy nie op jou grond kan aanspraak maak nie."

OOR SY VERHOUDING met ander regse groepe praat Vermeulen nie graag nie. Hy is wel bereid om te sê die WAB se standpunte verskil radikaal van die huidige regse groepe.

"Ons verwerp die idee van 'n volkstaat. Ons beskou die land soos dit nou is, as ons land. Omdat geen ideologie sleg is nie, maar wel misbruik word, verwerp die WAB ook demokrasie. Dit geld enige ideologie - van kommunisme tot by apartheid.

"Partypolitiek het geen bestaansreg nie," sê hy. Die WAB sal die huidige stelsel vervang met 'n stelsel wat beroepe verteenwoordig. Bepaalde

## DIE MAN IN DIE KASTEEL

**KOOS VERMEULEN**, 42, die leier van die Wêreld Apartheidsbeweging (WAB) en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese party, kom uit 'n huis waar hy volgens 'n Nasionaal-Sosialistiese lewenswyse grootgemaak is.

Hy was die jongste kind en het aan die Hoërskool Tuine in Pretoria gematrikuleer. Hy is nooit universiteit toe nie, maar sê hy het sy opleiding by professors gekry, op 'n "meer persoonlike vlak" as enige ander student.

Hy is getroud met Marquerite en hulle het twee dogters en 'n seun.

As sakeman verkoop hy verf en eksperimenteer met alternatiewe brandstowwe.

Hy het self die kasteel ontwerp en gebou waarin hy en sy gesin woon. 'n Vertrek met Romeinse meubels wat hy self gemaak het, verklap sy liefde vir geskiedenis.

Die kombuis lyk soos 'n "volkskombuis" - 'n steenkoolstoof staan in die hoek en verdroogde groente hang aan die muur. Verskeie beelde van Griekse en Romeinse figure versier die vertrekke.

Sy hoewe se naam is Vermilien. Hy sê dit klink effens na sy van, maar beteken ook rooi - die revolusionêre kleur.

Hy is lid van die Afrikaanse Protestantse Kerk, maar het wel op uitnodiging 'n diens van die Kerk van die Skepper bygewoon.

Hy luister graag na "golden oldies" en hou van houtwerk.

Vermeulen sê hy is nie 'n bang mens nie en hoop daar is 'n bloedlose toekoms vir Suid-Afrika.

Die WAB - sy breinkind - is sowat vier jaar gelede op sy kasteel se voorstoep gestig.

Vermeulen het al verskeie kere vierings vir Rudolph Hess se verjaardag gehou.

As jong man was hy in die nuus toe hy die historikus prof Floors van Jaarsveld, 'n verlangse familielid van hom, geteer en geveer het.

Sy helde in die geskiedenis is dr HF Verwoerd, Andries Pretorius, Paul Kruger en Robbie Leibrandt.

Hy beskou homself nie as 'n groot leier nie en meen die geskiedenis moet sy status bepaal.

Hy glo nie aan geweld om 'n probleem op te los nie, maar sal as laaste uitweg wel die wapen opneem.

Sy lewensfilosofie is om deur te volhard alle ideale 'n werklikheid te laat word.

beroepe sal as 'n groep geklassifiseer word.

Elke groep sal 'n leier kies wat as minister sal dien. Die minister sal volle verantwoordelikheid vir sy departement aanvaar. Hy sal ook aan die groep verantwoordelik wees. "Dít bestaan nie in die huidige stelsel nie," sê Vermeulen.

Die staatspresident sal in dié stelsel die enigste leier wees wat deur die hele volk aangewys word.

DIE WAB WIL NIE oor ander mense regeer nie, verseker Vermeulen mense op die vooraand van gemengde lidmaatskap. "Ons stel nie belang in die Tswanas of Xhosas se grond nie. Ons sal hande vat en saamwerk om bedreigings die hoof te bied.

"Net wanneer 'n bevolking aggressief raak - soos Transkei wat nou dreig - sal ons, saam met ander volke, hulle die stryd aansê. As ons hulle verslaan, sal die grond verdeel word tussen die volke wat saamgestaan het. Die burgers van Transkei sal dan tweederangse burgers in hul eie land wees.

"Ons is nie rassisties nie. Die hele benadering van preservisme verskil van die tradisionele rassistiese benadering van apartheid. Die Nasionale Party het mag misbruik. Apartheid is 'n natuurlike sosiale stelsel wat niks met werkreservering te doen het nie. Wat die WAB betref, verskil die apartheidslewenswyse van dit wat die NP daargestel het. Dit is belangrik dat ons verander en die preservisme ondersteun om polities volwasse te raak.

"Eers dán sal ons mekaar respekteer. Preserviste sal ook wedersydse veragting toon vir diegene van 'n bepaalde etniese groep wat nié tradisioneel wil leef nie. Dit is net wanneer daar wedersydse respek vir mekaar is dat 'n bloedlose oplossing vir Suid-Afrika moontlik is."

DIE WAB IS NIE lid van die Afrikaner Volksfront nie, maar ondersteun wel die gedagte, sê Vermeulen. Die WAB beskou egter die hele land van Noord-Transvaal tot by die Kaap as die blankes se land. "Ons sal dalk deur 'n Volkstaat moet gaan voor ons na die land kan terugkeer," sê Vermeulen.

As daar aanvaarding en politieke volwassenheid is, meen hy, sal dit dalk nog sowat tien jaar duur voor die Preserviste aan bewind kom.

Voordat daar na die toekoms van Suid-Afrika gekyk kan word, moet die ekspansionisme van buitelandse magte ondersoek word waarsku hy. "Die werklikheid is dat daar weens die ontvolking van Afrika deur die Vigs-epidemie, reeds verskeie bevolkingsgroepe is wat gereed sit om Afrika te herbevolk. Die Afrikane gaan nog met 'n skok besef dat hulle nie die vyf miljoen blankes hoef te vrees nie - maar wel die Chinese en Indiërs. Met die Preserviste-beweging gaan ons 'n beroep op die Afrikane doen om hande te vat en die Chinese en Indiërs uit te gooi.

"Die volgende vyf jaar gaan 'n tydperk van rassehaat wees wat as rookskerm vir die ekspansionisme van die Ooste moet dien," voorspel hy. "Die Preserviste sal die volgende vyf jaar gebruik om die Afrikane oor die werklike bedreiging in te lig." ■



**Koos Vermeulen... "Partypolitiek het geen bestaansreg nie."** (FOTO: SALLY SHORKEND)

# DIE WAB IN 'N NEUTEDOP

DIE Wêreld Apartheidsbeweging (WAB) is vier jaar gelede deur Koos Vermeulen en 25 ander belangstellendes op die voorstoep van sy kasteel net buite Pretoria gestig. Die doel was om die apartheidsideologie te verdedig en te versprei.

Daar is volgens Vermeulen al 25 takke in Europa en die nuusbrief word in elf tale versprei.

'n Tak word binnekort in Litaue géopen. Vermeulen sê hulle het kontak met meer as 400 regse organisasies wêreldwyd. Bande is ook met die Klu Klux Klan van Amerika aangeknoop.

Verskeie "skinhead"-organisasies in Europa ondersteun glo die WAB.

Die WAB is beslis nie die grootste regse organisasie in Suid-Afrika nie, sê Vermeulen, maar dit spog met die meeste oud AWB-lede.

Voornemende WAB-lede word streng gekeur. Vermeulen mag glo nie oor die keuringsproses praat nie, maar sê aansoekers word op grond van hul agtergrond gekeur en moet ook 'n sielkundige verslag invul.

Lede moet ook patrioties wees, sê hy.

Lede woon kampe by waar hulle in die politiek en selfverdediging opgelei word. Die opleiding word deur mense van oorsee behartig, want Vermeuleun dink min van die veiligheidsmagte se standaard.

Die WAB het sy eie inligtingsnetwerk, sê Vermeulen, en verskeie pogings om die beweging te infiltreer is glo al gekeer.


Die WAB meen 'n stelsel waarin beroepe verteenwoordig word, is die ideale staatsbestel.

Partypolitiek het geen bestaansreg nie.

Die WAB se wapen bestaan uit 'n pylpunt met 'n kruis. Vermeulen sê dit is 'n ou Germaanse teken en stel die geboorte van iets vrugbaars voor. Die pylpunt stel geboorte voor. Die kruis is die simbool van vrugbaarheid.

Die WAB se ledegeld is R10 per maand.

* Vermeulen sê die WAB en dalk die Nasionaal-Sosialiste gaan binnekort ontbind. 'n Nuwe beweging, die Preserviste, gaan gestig word.



# 'n Alfabet vir Somalië



*Al het Somaliërs nie kos nie, het hulle darem nou 'n skrif - danksy 'n Poolse professor, skryf* **DENNIS HERBSTEIN**

AS Somalië se bloeddorstige krygshere werklik van voornemens is om hul wapens neer te lê en 'n vredesverdrag te onderteken, is dit professor Bogumil Witalis Andrzejewski, net soveel as die heengegane Amerikaanse soldate, wat dit moontlik gemaak het.

Min mense in sy aangenome vaderland, Brittanje, of in die res van die wêreld het al gehoor van die Poolse emigré wat aan die Somaliërs 'n alfabet gegee het. Maar in die Horing van Afrika word Goosh - sy Poolse bynaam - as die toonbeeld van 'n Brit beskou: teruggetrokke, hoflik, met 'n respek vir inheemse kultuur. Die Somaliërs, oorlaai met wapens uit hul dae as 'n wipplank in die Koue Oorlog, het min om voor dankbaar te wees, maar die laaste 25 jaar is hulle ten minste in staat om hul ryk en historiese taal neer te skryf.

Dit het in Warschau begin. Goosh was sewentien, besig om gereed te maak vir die universiteit, toe die Duitsers kom. Hulle het die skole toegemaak, sy taal op die ashoop gegooi en die land se intellektuele na Auschwitz gestuur om uitgewis te word. Goosh het gevlug na die naaste skuiling, deur Europa na Palestinië. In Boedapest het hy 'n verflenterde boek in Duits gekoop, *Engels in 30 uur sonder 'n onderwyser.* Met sy aankoms in Haifa het hy hom aangesluit by die Eerste Pools-Karpatiese Brigade, deel van die Britse Agste Leër. Nadat hy by Tobruk verwond is, het hy sy Engels in die hospitaal opgeknap en is toe aangestel as weermag-vertaler.

Hy het ná die oorlog in Engeland gaan woon, en gou 'n graad aan Oxford behaal. Maar werk was skaars, en nadat hy talle aansoeke gedoen het, het hy bloot per toeval in Somalië beland. Brits-Somaliland (die noordelike streek wat onlangs eensydig onafhanklikheid verklaar het) is 'n paar jaar tevore van Mussolini se troepe herower. Die Colonial Office het die ontwikkeling van 'n wetenskaplike skryfstelsel benodig vir gebruik deur sy amptenare. Die regering het gehoop die skryfwyse sal in skole aanvaar word. Ná 'n blitskursus in Somali en fonetiek het Goosh na Afrika vertrek.

'n Victoriaanse minister van buitelandse sake, lord Salisbury, het eenkeer gesê Somalië is " 'n kus sonder hawens, handel, produkte of strategiese voordeel. Maar as almal daarvoor baklei, neem ek aan ons moet dit ook as waardevol beskou." Hulle het, en dit was nie.

GOOSH HET SAAMGESPAN met Musa Galaal, digter en versamelaar van mondelinge letterkunde. Die welsprekende Galaal en die beskeie Pool het goed by mekaar gepas. Hulle het geluister na die taal wat mense praat by die putte, in die dorpies en onder die herders wat na die bokke en kamele omsien.

"Ons het nie soos vreemdelinge gelewe nie," sê hy. "Ons het geen elektrisiteit of Land-Rover of bediendes gehad nie. Sheila (sy Engelse vrou) het vir ons kos gekook. Daar was geen skeidings tussen ons en ons Somaliese vriende nie. Ek het my aantekeningboek in my sak gehou sodat hulle nie skaam word nie, en agterna opgeteken wat ek gehoor het."

Die klanke is opgeneem op bakeliet-plate met 'n opnametoestel gekoppel aan die battery van hul vragmotor, en die "plate" is teruggstuur na die Universiteit van Londen se Skool vir Oosterse en Afrika-studie (SOAS).

Die Internasionale Fonetiese Alfabet kan elke moontlike klank opteken wat deur die menslike spraakorgane uitgespreek kan word - van die lippe, die tande, die tong, die neus, die verhemelte, die keelholte, die kleintongetjie, die keelklep, tot die stemkas. Geen taal, nie eens die klik-klanke van die Namibiese San, kan nie daarin opgeteken word nie. Deur die jare is honderde tale op dié manier op skrif gestel. Die twee mans het 'n geskrewe Somali saamgestel wat ingepas het in Romeinse skrif deur die letters op 'n tikmasjien se toetse te gebruik.

"Dit was pragtig," sê Goosh, "en maklik om te gebruik, soos Italiaans."

## JY MOET MOOI LUISTER...


OM Somali op skrif te stel het groot probleme opgelewer. Somali het vyf kort en vyf lang vokaalklanke. In Arabies en Hebreeus is daar minder, en koerante en boeke laat hulle weg as die betekenis duidelik is. Maar in Somali, waar honderde woorde se betekenis afhang van die lengte van die vokaal, sou dit net verwarring veroorsaak.

Toe die Italiaans-opgeleide faksie in die Somaliese alfabet-komitee druk toepas vir die gebruik van net kort vokale het 'n grapjas die voorsitter 'n lys van moontlike verwarrings gegee. 'n Voorbeeld: "qoore" vir "penis" en "qore" vir "skrywer".

As spreektaal is Somali afskrikwekkend ingewikkeld vir buitelanders. Soos Chinees, maar duidelik onderskeibaar van Europese en Semitiese tale, is dit tonaal. Die betekenis van dié twee sinne verander met dié vokaal-uitspraak:

"Nín bàa libàax diléy" - "'n Man het 'n leeu doodgemaak"; en
"Nín bàa libaax diley" - "'n Leeu het 'n man doodgemaak."

Die leser van die Somaliese weergawe van The Scotsman moes dus, met behulp van die konteks en gesonde verstand, self besluit watter soort dier dood is as geskryf word: NIN BAA LIBAAX DILEY.



(FOTO: KATHY WILLENS/AP)

**Somaliërs betoog dié week in Mogadisjoe teen die VVO oor die lugaanvalle op die krygsheer Mohammad Farah Aidid nadat 20 lede van die VVO se vredesmag om die lewe gebring is. Al dié struwelinge word verwerk in gedigte om oorgedra te word aan die nageslag...**

Goosh het teruggekeer na Londen om Koesjitiese tale aan die SOAS te doseer (later as professor), met Galaal as sy navorser. Hulle het hul verslag geskryf en dis getrou in 'n lêer gebêre.

MET HUL onafhanklikheid in 1960 het die Somaliërs drie amptelike tale geërf: Italiaans, Engels en Arabies - maar nie hul eie nie. Afrika is 'n Babel van 750 tale, maar hier was 'n rare nasie waar almal mekaar verstaan het. Die Somaliese ambassade in Londen het 'n vertaler gebruik om boodskappe uit te ruil met hul eie regering in Mogadisjoe. En omdat staatsamptenare net een amptelike taal hoef te geken het, kon burokrate selfs weier om 'n dokument te onderteken wat hulle nie verstaan nie.

Die politici het gestribbel oor 'n alfabet. In 'n Moslem-land sou dit natuurlik wees om Arabiese skrif te gebruik, maar dié skrif kon nie al Somali se klanke gemaklik omvat nie. Ander "Moslem"-tale, Turks, Swahili, Hausa in Wes-Afrika, het toe lankal die meer uitgebreide Romeinse alfabet gebruik. Maar die imams was ontsteld oor die gedagte dat die Profeet se naam in die letters van die heiden en die kolonis geskryf sou word. Toe 'n taalsending - Goosh inkluis - Somalië in 1966 besoek, moes hul hotel deur polisie bewaak word. Goosh glimlag oor die hartstogte van destyds. "Sommige Arabiese gesante het die oproermakers 10 sjielings per betoging betaal."

Op die ou end is die Romeinse skrif aanvaar, met 'n klein verandering. Dit het nóg klemtekens nóg toon-aanduidings gehad.

Die (voormalige) militêre diktator Siad Barré het dit deurgedruk waarteen sy demokratiese voorgangers geskop het - 'n Somaliese alfabet. Op die derde herdenking van sy coup, op een van daardie vermoeiende vieringe in Mogadisjoe se sportstadion, het 'n helikopter laag gevlieg en kleurryke pamflette gestrooi. Nie die gewone wekpraatjie oor wetenskaplike sosialisme nie, maar vreemde letters met iets bekends. "Soos 'n bevel van die antieke Koesjitiese hemelgod," onthou Goosh.

Die president het 'n alfabet-oorlog begin. Binne drie maande moes alle geskrewe boodskappe in die burokrasie in Somali geskryf word. Dié wat dit nie kon skryf nie is afgedank. 'n Taakmag van 30 000 onderwysers en kinders het 'n "kitsgeletterdheid"-veldtog op die platteland gevoer.

Dwarstrekkende Koraanse skole is gedreig met die verlies van hul grond en subsidies. Een teenstander is vyf jaar lank opgesluit.

Die skrif was een van die president se min slim skuiwe, en dit het sy hand gesterk. "Soos alle tegnologie," sê Goosh, "is skrif 'n tweesnydende swaard." Polisiemanne, magistrate en staatsamptenare wat gevlug het van die tirannie is vinnig vervang deur die nuwe geletterdes, wat nie 'n buitelandse taal magtig was nie en dus waarskynlik nie self sou vlug nie.

Sedertdien het die taal hom deurslaggewend laat geld as die voertaal in skole, selfs vir fisika en wiskunde. Daar is 'n woordeboek met 40 000 inskrywings. Bestaan 'n woord nie, word een gemaak. Die eerste ruimtesatelliet is genoem "dayax-gacmed" - handgemaakte maan. "Driehoek" is "saddexagal", van saddex (drie) en xagal (buig van 'n tak).

IN DIE JARE daarop het Goosh Somalië se mondelinge kultuur opgeteken. Die digkuns is vir die Somaliërs soos die opera vir Italiane. "Omdat die Weste die kernduikboot het en Afrika die uitgeholde kano, neem ons aan dat die kultuur van Afrika 'ondergeskik' is. Die mense in die dorpies was op die tegnologiese vlak van die Bybelse Abraham - maar hul digkuns was nie beperk tot die liedere van skaapwagters nie. Dit was so verfynd soos Dante s'n, met beeldspraak, metafore, simbole, skandering vergelykbaar met die digkuns wat ek in Pole en aan Oxford geken het."

Heelparty gedigte was al 150 jaar in omloop, danksy " memoriseerders".

Gedigte het groot politieke invloed. Hulle het 'n president al tot 'n val gebring (in die 1967-verkiesing) en stamme al opgesweep om oorlog te maak teen mekaar. Want gedigte was dikwels belangrike boodskappe.

Die Mal Molla van die Derwisje, Syyid Mohamed Abdullah Hassan, wat in die eerste twee dekades van dié eeu 'n uitgeslape weerstand-oorlog teen die Britte gevoer het, is ook Somalië se nasionale digter. Guerrilla-"memoriseerders" het sy militêre instruksies in versvorm deur die vyand se linies gedra - net so doeltreffend soos veldtelefone.

'n Digter het die gedig in sy kop saamgestel en dan die woorde voorgedra aan die memoriseerder, wat lang passasies woordeliks kon herhaal - sommige kon tot 15 uur lank "terugspeel". Die memoriseerders het dan in alle rigtings galop om die boodskappe oor te dra aan ander memoriseerders op gewilde ontmoetingsplekke. Dié het die boodskappe op hul beurt verder gedra. Dié pre-satelliet massa-kommunikasiemedium het van die Golf van Aden gestrek deur die Ogaden tot by die rivierland van die suide en die Somalisprekendes van Noord-Kenia.

'N SOMALIËR WOU eenkeer by Goosh weet of die Engelse ook gedigte het. "Hulle lyk nie intelligent genoeg nie." Die koloniale amptenare wat hy ontmoet het, het Somali so swak gepraat. Maar Goosh het vergoed vir hul gebreke, en sy mede-passasiers in taxi's verstom deur hul eie epiese gedigte in foutlose Somali voor te dra.

Sy stem is gereeld uitgesaai oor die BBC se Somaliese diens. 'n Kelner in 'n restaurant in Berbera het hom op 'n keer gesê: "Dis snaaks, ek ken jou stem, maar ek ken nie jou gesig nie." Toe sê 'n ander kelner: "Dis die heiden wat oor die radio praat."

Deesdae bly Goosh, wat aan die spiersiekte myasthenia ly, in sy huis in Harpenden buite Londen. Hy sal nie na Somalië terugkeer nie. Maar met Sheila se hulp het hy die klassieke tydperk van Somaliese digkuns in Engels vertaal (dit gaan gepubliseer word deur Indiana University Press, VSA).

Die transistor-radio, die bandopnemer en nou die geskrewe woord het die memoriseerders ondermyn, maar hulle bedryf steeds hul vak. Veral die nomade het 'n wyse onafhanklikheid behou. Geen mag het Somalië ooit werklik oorwin nie. Hul taal, sê Goosh, het die "kolonialisme van die brein" afgeweer.

Teen dié tyd is die tragiese verhaal van broedermoord en hongersnood reeds in digkuns verwerk, en neergeskryf in die skrif wat met die Poolse professor verbind word. Die land mag geplunder wees, maar die taal is veilig.

# Vrede word 'n groeibedryf



**MARTIE MEIRING** *bekyk die anatomie van die Vredestruktuur*

DEEL van ons daaglikse bestaan is die oorlog wat ons nie sien nie: die vredesoorlog. Die praatoorlog, die rugvryfoorlog, die sit-en-koukusoorlog.

Werk dié spulletjie?

'n Skrale agtien maande ná 'n poging om 'n vredesinisiatief te begin staan 'n bedryf van R41 miljoen plus 'n stewige finansiële inset van buitelandse groepe; 'n Wet op Binnelandse Vredesinstellings (no 135 van 1992), 'n Nasionale Vredesverdragkomitee, 'n Vredesekretariaat en 'n Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie (die Goldstone-kommissie).

Dié lywige betitelings het uit die pogings vir 'n nasionale vredesverdrag gespruit. Dis 'n groeibedryf wat mense van voetsoolvlak, deur hoë sosiale kringe tot in amptelike strukture snoer.

So ontstaan 'n gans nuwe kultuur en selfs leksikon: dispuutresolusies, socio-economic reconstruction and development (nog nie alles in die Vredesdampkring is in Afrikaans - of enige ander taal behalwe Engels - vertaal nie), aanmeldbare persone, ens.

Selfs die besoek van Cyrus Vance in 1991 laat spore na. Hy het naamlik die instelling van opskamers vir die verskillende onrusgebiede aanbeveel.

Die aanvanklike missie van die vredemakers was om die onversoenbare te probeer versoen. Sakebaas John Hall, prokureur dr Antonie Gildenhuys en later op 'n ander vlak, regter Richard Goldstone, het die generaals geword wat eers ná baie klimaatskepping politieke partye sover gekry het om 'n vredesverdrag te onderteken, (nie almal het nie) en later om 'n dinamiese vredesproses aan die gang te kry.



(FOTO: SALLY SHORKEND)

**Soms moet die vredeswerker Kathy Jansen ook huishoudelike struwelinge oplos. Dié vrou is aangerand deur haar man se tweede vrou.**

Nou, met die teenwoordigheid van buitelandse waarnemers van die VN, die Europese Gemeenskap en die Organisasie vir Afrika-eenheid, bied Suid-Afrika 'n laboratorium in die stryd om vrede. Evalueringspanne is genooi uit lande soos Sri Lanka, Noord-Ierland, Kambodja en die VSA, en les bes het regter Goldstone 'n instituut (of selfs meer as een) aangevra om die dokumentasie van Suid-Afrika se vredesrevolusie te behartig - 'n monument as 't ware vir die vredesvegters van vandag.

MAAR ONDANKS die goeie voornemens het die geweld in die land gegroei. Die vredesmense, en die politici, sê egter, hand op die hart, dat die vredesoptredes tóg meer en groter geweld gekeer het.

Die senusentrum van die vredesbestuur is in die Sinodale Sentrum in Pretoria, in die Vredesekretariaat, waar adv Nick Grobler hoofdirekteur is en Anton Venter sekretaris oor 'n personeel wat van drie tot 26 gegroei het.



## BROOD OP DIE WATER

**TEEN** 'n begroting van R2,5 miljoen is 'n komitee van advertensie-fundi's genooi om die Vredesaksie te bemark. Nou word konserwatief beraam dat R5 miljoen se waarde al geïn is.

Gratis mediaruimte, TV-dekking, treffende liedjies, en nou ook die bemarking van die nuwe simbool in vlaggies, T-hemde, lapelknopies, ens, is een van die suksesvolste gesamentlike pogings rondom die vredesverdrag. Hunt Lascaris het die twee duiwe - twee skakerings blou en een wit - deeglik op die grond nagevors.

Gewone mense (98 persent) self het die duif as "hul" vredesimbool genoem en die Zoeloes het opgemerk dat een duif "sleg" is, twee duiwe beter - vandaar die "two for joy"-simbool.

Hier word logistiek en strategie beplan. Die hoofaktiwiteit is geskilbeslegting - en dit behels nie net politieke geskille nie; misdaad, boikotte, taxi-oorloë, stamgevegte en burerusies kom ook onder die loep.

Elf streke in die land het reeds 85 vredeskomitees uit die onderskeie gemeenskappe ontwikkel (vyftig word nog gestig). Die sekretariaat stuur ook 46 deeglik opgeleide geskilbeslegtigingsskundiges (in die VSA opgelei met spesiale aanpassings vir Suid-Afrika) om mense op plaaslike vlak op te lei in die oplossing van geskille.

In dié veld lê die frustrasies dik gesaai. Predikante, huisvroue, maatskaplike werkers, sakelui, sekuriteitsmense het met hoë ideale en geesdrif ingevaar teen die gapings in kultuur, persepsies, emosies en taalvaardigheid. Oud-struggle aktiviste het gaan sit en koukus met establishmentfigure. Aan die wenkant het verdraagsaamheid, meelewendheid en geduld ontstaan, aan die vraagtekenkant die wa waarop aspirerende politici, gemeenskapsleiers, eie-belangsoekers gespring het. Konsensus in sulke komitees is 'n turksvy, maar dis al manier hoe besluite geneem word.

Op die grond is die werklikheid baie meer dramaties. Gewone mense tuis word "veldwerkers" wanneer hulle die townships ingaan met blou armbande en bufferplakkers met die vredesimbool. Klippe, messe, krete, die rook van brandende voertuie of huise word die landskap in gevaarsones. Daar is nie versekering vir Vredesmotors nie, die werkers self weet hulle kan teikens word in sulke plofbare situasies. 'n Dubbele dosis adrenalien is wat die mense nodig het. Dit word heeltydse werk, dis vrywillig en dit word erger.

Tog is daar al etlike komitees wat by gebrek aan werk - dit wil sê weens rustigheid - ontbind het.

Die vredesinisiatief is nie net om geskille by te lê nie, dis ook om gemeenskappe op te hef. Die SERD-program (sosioekonomiese rekonstruksie en ontwikkeling) probeer behoeftes saam met die gemeenskappe peil, ook om daardie behoeftes te bevredig en, allerbelangrik, te bekostig. Daarom dus ook die anachronistiese oordadigheid van 'n glansdinee in Johannesburg om fondse te kry.

Oorwinnings kan nie maklik verkondig word nie. Tog het die politieke moordvlaag (sewentig moorde) van laasjaar in Port Shepstone ná die stigting van 'n plaaslike vredeskomitee tussen die Amakosi, die ANC en Inkatha, geëindig en net twee moorde is vanjaar vermeld.

En, ná die skielike afsterwe van Kodesa 2 was die Vredesverdrag die enigste onderhandelingsagent in die land. ■


# KATHY AFRICA IN DIE BRANDPUNT

## *As jy vrede wil maak, moet jy mense ken*

KATHLEEN JANSEN van die Germiston/Katlehong Vredeskomitee trap katvoet oor die gespanne web van intergroep-verhoudings. Sy ken mense. Sy ken stres. Sy lag hartlik, is openlik - en is sinies genoeg om te weet dat niks eintlik verloop soos dit moet nie.

Die gemeenskappe van Katlehong, Thokoza - die hele kruitvat wat aan die Oos-Rand ontstaan het - ken ook vir Kathy. Hulle het name vir haar - die jongste: Kathy Africa. 'n Onverskrokke, niks-nonsens vrou wat wegskram vir publisiteit, kameras en gemeensplasighede.

Kathy, met haar komitee, het al 'n reputasie vir vredeswerk verwerf. 'n Koeël deur haar baadjie, ure van "aanhouding" as 'n gyselaar, snags sit en verslae uitskryf of drieuur soggens op stasieperonne moniteer - dis haar stryk. "Jy moet daardie ekstra adrenalien hê om by haar te hou," sê 'n mede-vredeswerker.




**Kathy Jansen - hulle noem haar Kathy Africa - 'n vredevegter wat al in die wreedste omstandighede "vrede" moes bewerkstellig.**

**(FOTO: SALLY SHORKEND)**

Ons ry saam met Kathy en VN-waarnemers deur die Mandela- en die Holomisa-plakkerskamp van Katlehong. Sy en die VN-mense volg die roete wat 'n Inkatha-begrafnisstoet die volgende dag gaan volg. Dit loop deur 'n sterk ANC-gebied. Gerugte oor moontlike aanvalle laat haar elke gerug, elke waarskuwing, noukeurig opvolg (die beleid is immers dat elke faksie die reg het om sy mense sonder aanvalle te begrawe).

Sy betrag die balkonne van huise langs die straat vir moontlike sluipmoord-stellings, sy gaan praat met gemeenskapsleiers wat bewus geword het van moontlike probleme. Sy ry met haar CitiGolf en sy rooi Vredesplakkaat deur vieslike waterstroompies, skuur by hope vullis verby en dan loop sy flink en vriendelik deur die doolhof gangetjies tussen die hutte deur.

Sy lig feitlik gedurig haar hand in 'n groet. Sy buk om met 'n gemeenskapsleier te praat wat aan 'n ou motor peuter. 'n Huilende vrou in die veld kry haar aandag: "gelukkig" net 'n huishoudelike probleempie. Maar die vrou hou op met huil, duidelik vertroos.


Dikwels bring dié voetslanery haar by die onverwagte lyk, of 'n beseerde wat deur politieke optrede of deur gewone misdaad in die veld gelos is.

Die woelende mensemassa in dié gehuggies lyk asof hulle haar verwag - en hulle lyk bly om haar te sien. Dis nie altyd so nie. Haar lewe is feitlik altyd in gevaar - en sy word dikwels gewaarsku teen moontlike lokvalle.

Wat hou haar in dié senuvretende, ewigdurende en onbesoldigde risikolewe? Kathy gun haar nie sulke introspeksie nie. As sielkundige volg sy moontlik maar net 'n instinktiewe opdrag.

Maar die mense noem haar nie verniet Kathy Africa nie. Sy is - of sy dit nou wil wees of nie - 'n simbool in die linie van die vredesoorlog.

Dink jy Clint Eastwood het die cowboy-prent as genre herdefinieer?



Mario Van Peebles ... "Ek wou 'n bietjie eerliker na dinge kyk."

FILMS

# Weg van die ghetto

*'n Mens kan ook vir wit rolprente moeg word, sê Mario Van Peebles, die regisseur van Posse*

ONDERHOUD: **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

**Waarom 'n swart cowboy-movie?**
Goeie vraag. Ek beskou dit nie as 'n swart Western nie. Amerikaanse flieke het nog altyd basies gewys hoe skiet wit cowboys Rooi Indiarie - maar dis histories onakkuraat. Oor vyftig jaar sal hulle gehore seker vertel die swaargewig-kampioene was almal ouens wat soos Sylvester Stallone gelyk het. In werklikheid is daar ook mense soos Mohammed Ali en Mike Tyson...

Die Wilde Weste was veelrassig: byna een uit elke drie cowboys was swart. Ek het maar net gedink ek sal die Weste wys soos dit rêrig was - en dat dit nogal pret ook kan wees.

**Dink jy Clint Eastwood het die cowboy-prent as genre herdefinieer?**
Clint Eastwood het my baie gehelp om Posse te maak. Hy het my gewys hoe 'n mens 'n cowboy-prent aanmekaarsit. Kyk na *Unforgiven* - hy het Morgan Freeman daarin gesit. En as jy kyk na *Dances with Wolves*, waar Kevin Costner 'n verhouding met die Native Americans het - dis 'n interessante konsep. Hulle sê hoe meer dinge verander, hoe meer bly hulle dieselfde, maar ek dink ons het geleer uit die verlede. Al wat ek wou doen, is om 'n bietjie eerliker na dinge te kyk.

**Was Morgan Freeman nie 'n bietjie van 'n token black in Unforgiven nie?**
Daar was baie swart cowboys destyds - om die waarheid te sê, die naam cowboy is vir slawe gebruik: hulle het die slawe boys genoem, en dis waar cowboy vandaan kom. In die eerste Westerns het Hollywood witmense gebruik en hulle cowboys genoem. Om 'n swartmens in 'n Western te sien is 'n effense verrassing vir mense wat nie die ware geskiedenis ken nie.

Jy moet verstaan: toe die slawe bevry is, het baie van hulle noorde toe getrek na die groot stede, maar baie het ook na die weste getrek. Daar was baie rasse-vermenging tussen die swartmense en die Native Americans. Ek het dit waardeer dat Eastwood geen ophef gemaak het daarvan dat Morgan se karakter swart was nie. Maar as jy wil glo wat die ou Hollywood-Westerns jou vertel, sal dit seker 'n bietjie snaaks lyk.

**Is jy 'n Black Consciousness-regisseur?**
Ek beskou myself as 'n mens. Maar, met dit in gedagte, is ek baie trots daarop om 'n African American en 'n African genoem te word en saamgebondel te word met Spike Lee [regisseur van *Malcolm X*] en John Stapleton [regisseur van *Boyz in the 'Hood*]. Maar in werklikheid stem ons nie méér ooreen as Steven Spielberg en Rob Reiner en 'n klomp van daai ouens nie - behalwe dat ons 'n lekker gesonde tan het. Dit beteken glad nie ons deel dieselfde politieke beskouing of ons artistieke temperament is eenders nie.

Op die oomblik word ons as een kinematiese basketbalspan beskou en dié persepsie sal seker bly totdat ons uitbeweeg na buite. Met *Posse* was daar baie aanmoediging - omdat ek 'n swart regisseur is - om 'n fliek in die ghetto te maak. Ons wil egter nie net in die 'hood bly nie - ons wil uitgaan en die ander aspekte van die lewe bekyk. Maar ons het almal ons verskillende agendas. Ek soek g'n etiket nie, maar ek kry duidelik een.

**Het jy enige weerstand ervaar toe jy regisseur wou word?**
Ja, daar is weerstand. Elke slag as jy wegbeweeg van speler in die basketbalspan wees na eienaar van die span word - of jy nou 'n man of 'n vrou is - elke slag as 'n vrou byvoorbeeld iets buite die gewone doen, is daar weerstand.

In Amerika kom 33 persent van die mense wat



**Die "posse"**

na films kyk uit "minderhede", maar net een persent van die mense wat films maak. As hulle films maak soos *Jaws 1* en daar kom dan 'n rits films met walvisse wat mense eet en piranhas en krokodille wat mense vreet, maak die films ná 'n ruk nie meer geld nie. Dan sê hulle mense is moeg vir vis-films - maar hulle sê nooit mense is moeg vir wit films nie.

Dié keer het ek gedink dis nodig om uit die 'hood te beweeg - afgesien daarvan dat ek baie lief is vir 'n goeie Western. Dié film beweeg teen 'n ander pas as enige ander Western wat ek al gesien het.

**Vind jy Spike Lee nie effens dogmaties nie?**

Kom ek vertel jou 'n storie wat my oupa my vertel het. Daar was dié ou sheriff - 'n sheriff in die Suide - en hy was 'n bietjie rassisties. Hy het drie swart ouens in die tronk en hy moet hulle almal doodmaak. Maar hy's vet en hy's lui en hy het nie genoeg koeëls nie.

So hy gaan na hulle en sê: "Kom ek vertel julle wat ek gaan doen. Voor ek julle môreoggend doodmaak, gaan ek julle 'n laaste aandete gee." So hy gaan na die eerste ou en sê: "Wat wil jy eet?" En die ou sê: "Ek wil gebraaide hoender hê." So hy gaan na die tweede ou en sê: "Wat wil jy eet?" En die ou sê: "Wel, ek's 'n vegetariër. Ek eet nie vleis nie, ek wil slaai hê." En die derde ou sê hy wil pasta hê.

En die sheriff sê: "Ek sê julle wat, julle moet almal saamstem, dan gee ek julle almal môre een ete voor julle doodgaan." En hy los 'n mes by hulle en sê: "Besluit julle maar." En toe hy die oggend terugkom, het hulle mekaar doodgemaak.

Ek dink die beste is dat ons nie aangemoedig word om mekaar te kritiseer nie. Ek is geen kritikus nie, ek is net 'n regisseur. Die media probeer ons altyd aan die baklei kry. Ek gaan Rob Reiner net so min kritiseer as wat ek Spike Lee gaan kritiseer. Maar ek moet verstaan sy sukses het my sukses gehelp; Eddie Murphy se sukses het John Singleton se sukses gehelp. Ons is egter almal baie verskillend - en ons maak almal goeie flieke en ons maak almal slegte flieke.

Tog is ek opgewonde daaroor dat mense wat nie wit is nie rolprente maak. Jare lank kyk jy nou al hoe hulle jou vertel watter soort mense ons is - en nou kry jy die kans om te sien hoe óns jou vertel watter soort mense ons is. Jy het *Rambo 12* gesien en jy het *Home Alone 3* gesien. Maar ek dink dis goed om *Malcolm X* en *Boyz in the 'Hood* te sien, ongeag of hulle volmaak is - waarskynlik is hulle nie. Maar jy gaan baie méér sien as i*Home Alone*.

**Ek verstaan. Ek het van Malcolm X gehou - behalwe vir dit.**

Ek weet wat jy sê. Ek is 'n mal man. Ek het gehou va*The Last Emperor* oor die Chinese; ek het *My Life as a Dog* geniet - al is ek nie Sweeds nie. Ek geniet films oor verskillende mense - en dis opwindend om ánder films as die gewone stapeldieet van Hollywood te sien.

# COWBOYS VAN 'N ANDER KLEUR

*Die ware pioniers van die Weste sit weer in die saal*

DEUR **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

**DIE** Lone Ranger moes eerder swart gewees het. En Butch Cassidy en die Sundance Kid ook. Of só lyk dit as mens na Mario Van Peebles se Wilde Weste kyk. Van Peebles is die regisseur van Posse, 'n cowboy-film met 'n verskil: die bestoppelbaarde baked bean-fynproewers is almal (op een na) swart.

John Wayne sou sonder werk gesit het as Van Peebles dertig jaar gelede cowboy-films gemaak het. Met Posse poog hy om die regte pioniers van die Wilde Weste terug in die saal te sit. "Meer as die helfte van die setlaars in Los Angeles was swart. En 'n swart man het die rodeo en die cowboy-saal uitgevind," vertel Van Peebles. Posse steun deels op die swart Amerikaanse geskiedenis en deels op die legendes van die Wilde Weste. Jessie Lee (Van Peebles) is die hardgebakte leier van 'n ruwe groep voëlvry-verklaarde cowboys. Hulle is op pad na sy geboortedorp, waar Jessie 'n appeltjie te skil het met moeilikheid maakers van 'n naburige dorp. Maar Posse is nie sonder politieke botone nie. Van Peebles verduidelik: "In die film word King David, Jessie se pa, vermoor. Sy doktrine stem ooreen met dié van Martin Luther King, iets soos: 'Ons moet ons doelwitte vreedsaam bereik.' Wanneer hy sy pa dood sien, verander Jessie se idees só dat dit nogal meer in lyn met Malcolm X s'n is: 'Ek sal geregtigheid sien seëvier - op watter wyse ook al.'"

**HOEWEL HY** 'n ewewigtige prentjie van die vernaamste strominge in Afro-Amerikaanse politiek skets, meen hy mense gaan steeds die film as gevaarlik beskou: "Dis iets soos 'Jy's 'n filmmaker - sing 'n bietjie, speel bal, vermaak ons - dis nou genoeg van daai empowerment-besigheid." Maar Van Peebles dans nie na ander se pype nie.

En dís geen verrassing nie: hy het 'n indrukwekkende pa wat bekend is vir sy eiewyse houding: Melvin Van Peebles. Mario sê van sy pa: "As jy langs 'n sterk boom grootgeword het, is dit baie moeiliker vir enigiemand om jou later in jou lewe te pootjie."

Van Peebles senior is al deur Spike Lee, die regisseur van Malcolm X, as die godfather van moderne swart films bestempel. Hy was 'n onafhanklike filmmaker in die jare sewentig: sy klassieke Sweet Sweetback's Baadasssss Song (1971) word deur hedendaagse swart Amerikaanse regisseurs as 'n baanbreker beskou.

Van Peebles sr speel ook in Posse: "Ek het besluit om by Posse betrokke te raak omdat ek voel ons [African-American] sien geen weerspieëling van onsself in die geskiedenis nie. As mens nie jou geskiedenis verstaan nie, is jy gedoem om dieselfde foute te begaan."

Die jong Van Peebles beaam sy pa se woorde: "Aangesien swartmense nie 'n idee van geskiedenis het nie, het ek gedink, wel, ek gaan nie net 'n film doen met al hierdie geskiedenis in nie - ek gaan ook 'n kinematiese geskiedenis doen. Toe vat ek die posse van die negentigerjare - Blair Underwood, Tone Loc, Big Daddy Kane, Charles Lane, Tiny Lister jr en ek self - en ons ontmoet die posse van die sewentigerjare: Melvin Van Peebles, Isaac Hayes en Pam Grier."

En speel-speel word die geskiedenis herskryf.

# musieksmake: wie luister na wat?




**CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**
*toets jongmense se musieksmaak*

## die proefkonyne:

**DAWID, 23,** 'n student. Hy hou van "allerhande musiek" en luister na Radio 5.
**SIPHO, 20,** 'n student. Hy hou van popmusiek - Madonna en Michael Jackson is sy gunstelinge. Hy luister na Radio 5.
**BEVERLEY, 23,** kom van die Universiteit van Wes-Kaapland en hou van enige musiek behalwe country en folk.
**JOE, 21,** 'n student. Hy het op die platteland grootgeword en hou van "sagte" musiek, tradisionele musiek en disco. Hy luister na Radio Tswana en Radio Sotho.
**ADELE, 19,** 'n verengelsde Afrikaner. Sy studeer en hou van klassieke musiek.
**PIETER, 23,** 'n aspirant-operasanger. Hy hou van opera, maar luister so nou en dan na heavy metal - veral Bon Jovi.

## ANTON GOOSEN: 'Los maar die rap'

"Ek hou van kontemporêre rock en African music. Dit sluit alle rap en techno pop uit. Dr Alban is op die oomblik my pet hate."



Is hy dalk te oud vir rap? "Nee, nee. Musikante hou nie van rap nie want dit gee melodie 'n mis. Musiek moet eerlik wees. Techno en rap word net om kommersiële redes gemaak. Ek onderskei tussen real music en plastic music. Daai goed is vir my plastic. Ek lees nou die dag die interview met Lucky Dube in Vrye Weekblad. Hy kom van Ermelo af en nou doen hy wat hy doen. En hy kan erken dat hy ook na Bruce Hornsby and the Range luister - en Dolly Parton en Bruce Springsteen. Ek dink dis stunning.

"Ek het 'n groot bruin following in die Kaap - hulle geniet songs soos 'Boude' en 'Potjiekos'. Maar bruinmense lag oor ander goed as witmense. Kultuur speel definitief 'n rol, dink ek."

## die eksperiment

*Beethoven: Kreutzer-sonata*
Die groep geniet dit almal - behalwe Sipho, wat meen dis "te stadig".

*Guns n'Roses: "Pretty tied up"*
EIE MENING: 'n Merkwaardig seksistiese poging van dié veelsydige harde rockgroep.
JOE: Dis musiek vir mense wat hulle aan alkohol vergryp. As daar 'n geveg êrens is, speel dié musiek altyd.
DAWID: Wit fascistiese kak. En baie eentonig.
BEVERLEY: Ek kan gelukkig nie die lirieke uitmaak nie. Walglik.
PIETER: Fun musiek!

*Nirvana: "Breed"*
EIE MENING: Nirvana- en Guns n'Roses-aanhangers sit nie langs dieselfde vuur nie. Nirvana maak grunge met sterk punkondertone - tog verval hulle nie in die macho vertoon van die Guns nie. Die hoofsanger, Kurt Cobain, se pogings tot introspeksie slaag beter as Axl Rose se megalomaniese liriese sado-masochisme.
JOE: Dit laat my aan pyn en oorlog dink - ek hou niks daarvan nie.
DAWID: Die verskil tussen dié en Guns n'Roses is daar's 'n opbou in Nirvana se monotone klanke - en dan SPLASH! Guns n'Roses is te swaar. Ek hou meer van die struktuur van Nirvana se musiek.
BEVERLEY: NEE!
ADELE: Aggressief en niksseggend.

*Clarabelle van Niekerk: "Kom lê by my"*
EIE MENING: 'n Belowende poging om Afrikaanse musiek 'n erotiese inspuiting te gee. Vir Sipho en Joe was die Afrikaans geen probleem nie.
BEVERLEY: Weens politieke konnotasies hou ek van geen Afrikaanse musiek nie. Afrikaanse kunstenaars klink almal dieselfde. As hulle iets anders probeer doen, is dit hierdie vreeslike alternatiewe Afrikaans.
ADELE: Ek's bly sy's Amerika toe. Ek hou nie daarvan nie - sy probeer sexy wees, maar kry dit nie lekker reg nie.

*Koos Kombuis: "Swart September"*
EIE MENING: 'n Roerende weerspieëling van die verskeurdheid van die Suid-Afrikaanse samelewing.
JOE: Dis vir my baie soos Tracy Chapman. Ek vind aanklank by die politieke boodskap.
DAWID: As bevryding-song werk dit. Dis egter vir 'n uitgesoekte gehoor. Van al die alternatiewe Afrikaanse sangers was hy die enigste werklike alternatief.
BEVERLEY: Dis nog steeds Afrikaans - vir my sal dit nooit werk nie. Dit gaan baie vat om my te oortuig dat Afrikaans vir my kan sê eintlik voel ons dieselfde, eintlik dra ons dieselfde boodskap oor - eintlik praat ons dieselfde taal. Ek kry die gevoel dis nie opreg nie. Ek's seker dis vir Afrikaners bevrydend.
DAWID: Vir my is dit nie bevrydend nie - dié musiek is vir Afrikaners wat regtig deurmekaar is - al wat hulle nodig het, is 'n openbare figuur wat uitkom en 'n paar statements maak sodat hulle kan goed voel oor hulself.

*Mozart: Requiem*
JOE: Dit spreek my nie regtig aan nie - mens hoor nie sulke musiek in die townships nie.
SIPHO: Vir my het dié musiek 'n godsdienstige waarde. Ek hou daarvan.
PIETER: Eenvoudig ongelooflik beeldskoon.

*Jethro Tull: "God"*
EIE MENING: Dié rockgroep het opspraak gewek met die plaat *Aqualung* (1971) waarop dié snit verskyn. Nou nog beskryf uitsnuifers van Satanisme dit as goddeloos en diabolies.
ADELE: Dis seker onchristelik, selfs godslasterlik, maar vir my nie juis aanstootlik nie - mense moet self besluit of hulle daarna wil luister of nie.
BEVERLEY: Dit beteken niks vir my nie.
PIETER: Musikaal boei dié musiek my. Dit verskil van vandag se heavy rock, maar ek sal dit nie verouderd noem nie. ■




# Ma soek mooi woorde, boetie soek 'n beat

*Die generasie-gaping voor die platespeler*


## die proefkonyne

*Die gesin Loots:*
**PA CHARLES SR, 43,** hou van enige musiek wat luisterbaar is - veral country.
**MA ISABEL, 43,** hou van "mooi stemme" - die instrumente moenie die stem oordruis nie.
**OUBOET CHARLES JR, 19,** hou van Vicky Samson en techno.
**KLEINBOET NICK, 16,** hou van heavy metal soos Poison en Guns n'Roses.

## die eksperiment

*Shirley Bassey: "Something"*
ISABEL: Dis pragtig. Ek verkies die musiek op die agtergrond - die kwaliteit van die stem is vir my belangrik. En dis wat baie van die moderne musiek nie het nie.
CHARLES SR: Luisterbaar.
NICK: Te stadig en depressief.
CHARLES JR: Dit skakel nie juis in by vandag se trends in musiek nie - daar's nie 'n beat nie, dis nie techno nie.

## NATANIËL: 'Ek haat manstemme'



"Ek het maar 'n outydse musieksmaak... 'n konserwatiewe musieksmaak. Ek haat manstemme - ek het rakke en rakke van vrouens wat skree. American black mamas: Patti La Belle is die ultimate. Die musiek moet my kan excite - hulle moet iets verskrikliks met hulle stemme kan aanvang.

"By shows hou vrouens meer van my. Mans haat my openlik - maar baie getroude mans wat die eerste aand saam met hulle vrouens na die show gekom het, kom die volgende aand alleen. Hulle wil nie publicly gesien word dat hulle iets wat ek doen, geniet nie. Dis nie baie manlik om van my te hou nie. Maar ek is seker hulle't almal kiekies van my in hulle badkamers en fantasize heeldag oor my. Moffies haat my soos die pes.

"My gehore raak al hoe meer gemeng. Veral yuppie-swartes woon my shows by. Maar hulle lag nie altyd nie. As ek by 'n building site verbyloop, fluit al die swart werkers vir my. Hulle's nie seker of ek 'n man, 'n vrou, 'n apparition of 'n virgin is nie."

*Led Zeppelin: "Whole lotta love"*
ISABEL: Dít illustreer my punt oor hedendaagse popmusiek - die instrumente oorheers heeltemal. En ek kan glad nie die woorde uitmaak nie. Die goed het vir my geen diepte of romantiek nie... in die ou dae was die woorde belangriker.
NICK: So-so. Dit het 'n lekker beat.
CHARLES JR: Dis nie catchy genoeg nie. Die meeste moderne tunes is baie catchy.

*2Unlimited: "No Limit"*
ISABEL: Ek's sal nogal hou daarvan om op so iets te dans. Die rap is vir my oulik - ek is nogal ontvanklik vir party van die goed. As die volume aanvaarbaar is, kan ek daarna luister.
CHARLES SR: Ek sal nie in die kar daarna luister nie.
CHARLES JR: As jy gaan dans, soek jy iets oppervlakkig: jy wil nie gepla word deur die lirieke nie. Die idee is om te vergeet en dié tipe musiek werk daarvoor.

*Sinéad O'Connor: "Why don't you do right?"*
ISABEL: Ek kan daarna luister - ek sal nie die radio afsit nie. Sy't 'n mooi stem en die instrumente klink mooi. Sy's mos die een sonder die hare. Dit is 'n verkoopstegniek. Die verskriklike hare sit my af as ek saam met die kinders na die video's kyk. Partykeer hou ek van iemand se klank en sy stem - tot ek hom sien...
NICK: Die musiek trek te veel. Charles sal daarvan hou.
CHARLES JR: Ek dink nie die liedjie is vreeslik lewensvatbaar nie. Dit klink soos iets wat hoort in 'n outydse movie soos Dick Tracy met 'n lounge scene waar die vrou sit en haar hart uitsing.

*The Shamen: "LSI: Love Sex Intelligence"*
ISABEL: Iets pla my ore. Dit irriteer my regtig. Miskien is dit die tromme. Die ding het 'n heeltemal aanvaar▶

bare beat, maar ek kan nie die woorde hoor nie. Al wat ek uitmaak is, "love sex intelligence" en dis vir my totaal sinneloos. Ek is nie snaaks nie - my kinders het nie begrip nie, maar daar's rêrig iets wat voel asof dit so deur my brein dreun.
CHARLES SR: Nuttelose musiek.
NICK: Ek sal hierna luister. Dis lekker dansmusiek.

*Nirvana: "Smells like teen spirit"*
ISABEL: Mens kan wéér nie die woorde uitmaak nie. En woorde is vir my belangrik. Die laaste tyd spreek Afrikaanse ballades nogal tot my. Die kitare is baie steurend.
CHARLES SR: Aaklig. Totale gemors. Die enigste rock waarna ek in my jong dae geluister het, was die Beatles.
NICK: Ek hou nie van Nirvana nie - hulle't te veel kitare. Ek hou van Guns n'Roses en Poison.

*Beethoven: "Maanligsonata," die derde beweging*
ISABEL: Ek hou meer van operettes. Ek hou glad nie van klavierkonserte nie.
CHARLES SR: Bietjie swaar. Maar ek hou van klassieke musiek. Aïda is fantasties.
NICK: Ek hou glad nie van klassieke musiek nie. Dis te eentonig.
CHARLES JR: Ek moet in 'n sekere bui wees om daarna te luister. Maar sodra hulle begin sing, sit ek dit af.

*Suzanne Vega: "Blood makes noise"*
ISABEL: Die tromme irriteer my. Ek kan nie op die musiek konsentreer nie. En dis te tegnies vir my - te veel fieterjasies. Wat vir my belangrik is, is iets wat lekker is om na te luister, iets wat mooi is om te hoor.
NICK: Rustige musiek, maar ek hou nie van die blikkerige klank nie.
CHARLES JR: Definitief nie dansmusiek nie: die tempo is te stadig. Die gemoedstemming is bietjie swaar, maar mens kan daarna luister. ■

---

# MUSIEKSMAKE EN DIE POPRESENSENT

## *'Elke mens luister met ander ore'*

**DEUR THEUNIS ENGELBRECHT VAN BEELD**



ELKE popresensent behoort dinge soos verskille in kultuur, geslag, klas en ras in ag te neem as hy nuwe musiek resenseer. Volslae objektiwiteit is natuurlik 'n mite, en ek vind dit soms moeilik om te onthou dat die aanhangers van Bles Bridges net so geregtig is op hul musieksmaak as enigiemand anders, en dat dit nie vir my is om 'n smalende en hooghartige houding daaroor aan te neem nie.

Om oor sulke musiek te skryf is natuurlik 'n nagmerrie - om dit vir myself draaglik te maak, verkies ek om artikels daaroor op 'n humoristiese, satiriese manier aan te bied. Al respekteer ek ander mense se musieksmake, hou ek ook altyd in gedagte daar behoort nie iets soos heilige koeie te wees nie.


Ná sewe jaar as popresensent moet ek sê die oormatige blootstelling aan pop en rock het my liefde daarvoor uiteindelik begin demp en selfs ondermyn. Mens kan na net sóveel liedjies oor liefde en jagsheid luister voordat jy in 'n angssweet begin uitslaan. My persoonlik gunsteling bly steeds blues, West Coast-rock en klassieke musiek.

Ek glo ook geen mening oor 'n nuwe plaat is meer geldig as 'n ander een nie - mens kan 'n plaat uit honderd verskillende invalshoeke benader. Ek is veral geïnteresseerd in 'n sosiologiese benadering. Ek vind dit byvoorbeeld skokkend dat die meeste blankes in Suid-Afrika geen behoorlike kennis het van die uiters boeiende en prikkelende geskiedenis van sogenaamde "swart" musiek in Suid-Afrika nie.

Hóé 'n mens oor popmusiek skryf, hang ook af van vir watter soort publikasie jy werk. In 'n publikasie gerig op 'n massamark moet 'n mens toeganklik wees - nie oppervlakkig nie, maar ook nie té ernstig nie, omdat jy dan veral vir tieners skryf. Ek werk in so 'n opset, en dan verkies ek 'n lighartige aanslag. Ek is egter baie skepties teenoor mense wat dink hul menings is die laaste woord, ongeag waaroor jy skryf of uitsprake lewer.

## *'Musiek is nie 'n bord kos nie'*

**DEUR EGMONT SIPPEL VAN RAPPORT**



MUSIEK is nie 'n klip nie. Dit kan nie objektief ontleed word nie. Wetenskaplike en wiskundige analise vat ons hoogtens van die fisika van klank tot by die verband tussen note.

Dit vertel ons niks van kreatiwiteit nie.

Musiek is ook nie smaak nie. Suiker is smaak. Of jy hou van soet of suur, bitter of vrank, melk of kool, dís smaak - ofte wel 'n hoogs persoonlike, subjektiewe respons tot 'n spesifieke impuls.

Dit het ook niks met kreatiwiteit te make nie.

Musiek het wel. Die hoogste vorme van die nootkuns vertel ons waarskynlik meer van kreatiwiteit as enigiets anders. In dié verband het die groot filosoof Wittgenstein van Beethoven gesê: "Daar's probleme in die Westerse intellektuele wêreld wat nog deur geen filosoof gekonfronteer is nie; probleme wat deur Beethoven aangepak is en waarmee hy geworstel het."

Oor musiek self het hy gesê: "In sekere sin is dit die gesofistikeerdste van alle kunsvorms."

Tog praat mense van musiek-"smaak", baie op die manier wat begrippe soos smaak in klere of modes of meubels gebruik word. Dié smake verskil ietwat van taktiele smaak, want dit word gemedieer deur byvoorbeeld persoonlikheid, temperament, sosialisering en kultuur.

Insgelyks met musiek (en ons kom later na genoemde funksies terug). Maar musiek is veel meer as net 'n subjektiewe respons of 'n gemedieerde smaak. Musiek is ordening (ritme) en rangskikking (melodie) - begrippe wat die wiskunde en logika betrek, asook die verbeelding. Die hoëre fakulteite, dus, waaruit sin en begrip, verstaan en insig, en die magiese kragte van vernuwing en skepping spruit. Sekere musikale strukture is dan ook so kragtig, verhewe en suiwer, dat dit direk tot die gees spreek. Ander spreek net tot die kop of intellek. Of die hart, die maag, selfs die agterwêreld.

DIS DIE RESENSENT se taak om al dié dinge te beskou, te deurdink en te weeg. Sy primêre funksie is om in te lig en te adviseer: om te klassifiseer en te gradeer. Dit sluit die identifisering van vorme of genres in, asook die tipering van toon, aard en tekstuur, hetsy deur sketse, omskrywings of ontledings. Hoe dieper en omvattender die kritikus se (musikale) insig, ervaring, kennis, agtergrond en aanvoeling, hoe beter is hy toegerus om die kreatiewe patroon in, en die emosionele impak van, musiek te identifiseer en te evalueer.

Hy doen dit nie in 'n vakuum nie. Kultuur en temperament is twee faktore, om mee te begin, wat 'n sekere invalshoek opdwing. Die Westerse oor luister moeilik na Oosterse klanke. Mans is meer aggressief en byt oor die algemeen makliker aan Jimi Hendrix of Wagner, vroue aan Simon & Garfunkel en Vivaldi. Volwassenheid, byvoorbeeld, plaas (hopelik) die klem op meer ontwikkelde vorme van musiek (klassiek, byvoorbeeld, eerder as pop). Ouderdom, weer, verskuif dikwels die voorkeur van geraas na strelende stemmingmusiek.

Dis nie die resensent se plig om al die variasies - en vele meer - in gedagte te hou nie. Dis ook nie vir hom om lesers se voorkeure en smake te pamperlang nie.

En as een opinie so goed soos 'n ander word, as ons bloot smake sit en uitruil en niks as beter of slegter beskou nie, maar hoogstens as anders, dan hou ons inderwaarheid op om te soek en te skaaf en te bou en vooruit te gaan.

Dan het mediocrity waaragtig geseëvier.

En dan is daar - sowaar - iets in disco, country, Bles Bridges en die Briel.

KOOPKRAG

# Dit hélp om te kla

DEUR **HELGA DE KLERK**



**Lillibeth Moolman ... "dis 'n nasionale plig".**
**(FOTO: SALLY SHORKEND)**

AFRIKANERS is vrot verbruikers. Dis 'n bewese feit. Hulle weet nie hoe om te kla nie, beslis nie hoe om vriendelik en ferm te kla nie. En daar is geen begrip dat hulle werklik regte het nie.

Navorsers vind ook baat daarby dat die minderbevoorregte klasse uitgebuit word omdat hulle onkundig is oor hul reg om betroubare inligting te verkry, en om by instansies te gaan kla oor hoë pryse, gehalte en veiligheid van die produk, sowel as intimidasie van die persoon.

Help dit om te kla?

Lillibeth Moolman, verbruikersvriend by uitnemendheid, voorsitter van die SA Nasionale Verbruikersunie en ook van die Komitee van Verbruikersorganisasies, glo kla is feitlik 'n nasionale plig.

Kla het juis gehelp toe die verbruikersorganisasies in die gees van onderhandeling en netwerk die BTW-nulkoers op basiese voedsel gepak - en hul saak gewen het. Hier het vir die eerste maal organisasies regoor die spektrum kragte gesnoer en 'n nulkoers verkry op al die produkte waarvoor hulle dit geëis het, behalwe vir vleis. Dié lobby het nou tande - en nou lê die aanslag op mediese en ook munisipale dienste voor.

Hierdie lobby, so glo die verbruikerswêreld, is 'n Nuwe Suid-Afrika struktuur wat vorentoe onontbeerlik gaan word.

In die verbruikerswêreld word vandag spesifiek na Telkom se debakel met die 087-nommers gewys as 'n wyse waarop jy NIE te werk moet gaan nie. Terwyl die VSA met sy soortgelyke diens (900) 'n goeie voorbeeld gestel het van ondersoeke en oplossings oor onder meer die hoë telefoonrekenings, die misbruik en onfatsoenlike gebruik, het Telkom verkies om nié met verbruikersinstansies te konsulteer nie - en die gevolg was inderdaad 'n fiasko, wat uiteindelik na die totale opskorting van die 087-diens gelei het. Terwyl so 'n diens, reg gehanteer, geweldige voordele vir sowel die publiek as ondernemers kon inhou.

Om te kla kan die wêreld ook veiliger maak. Statistiek bewys dat die meeste ongelukke wel in die huis plaasvind. Woelgeeste in die verbruikerswêreld probeer nou die aandag vestig op die noodsaak vir die monitering van sulke ongelukke, asook navorsing oor die veiligheid van produkte wat in die huis gebruik word.

**● Inligting oor instansies by wie jy kan gaan kla, kan by die SANVU, Posbus 26242, Arcadia 0007 verkry word.**

VROUEFRONT

# Sus is nie so nie

DEUR **SUS STRYDOM**

DIS sommer 'n megafout om te dink daardie wit enklaves wat nou so oral opspring (of inkrimp), is nie genderbewus nie. Die Women's Lobby is nie, soos sommige outjies met langjasse en donkerbrille dink, 'n vrouebroederbond nie. Daai's iets heel anders. Héél anders.

Laat ek nou onomwonde vir julle sê, die Women's Lobby het haar lyne wyd gegooi en as jy nog dink jou buurvrou is boerekugel number one, sit jy dalk die tolletjiestoel heel mis. Sy's dalk jou volgende kandidaat, bouffant haarstyl ofte not. Want ons gender movement ken glad nie taal of klas meer nie. Die Stigting Afrikaans kry dalk die horries, maar dis hulle lookout - daar's prioriteite.

Sit nou die aand die familie en inlig oor hoe die Women's Lobby hierdie komende verkiesing op sy kop gaan omkeer toe die verdomde TV weer die Kodesaspulletjie wys. "Wie's die koeke?" skreeu nikswerd Niek, plaas dat hy aan sy bike gaan werk of loop swot.


Daai't niks met die Women's Lobby te doene nie. Ons skaam ons vir hierdie tokenism, sê ek ongevraagd en namens die Women's Lobby. Dis g'n kwota daai nie. Dis die hele gender issue belaglik maak en al kan jy jou sit verwonder en bewonder aan die girltjies daar langs Smiler Roelf, dit het bloual te maak met vroueregte, vroueplek en vrouetrots.

Niek rig 'n nuwe uitdaging (reken, nogal van so 'n onbetrokke token student soos hy): gaan die Women's Lobby iets sê oor Chris Barnard, die gewese prof, no less, se gruwelike aanslag op die vrou ('n dik spul vroue!) se privaatheid. Ek het nou nie kans gesien om vir Babette Kabak, sy's ons voorvrou in die WL, vir 'n mening te vra nie, maar iets sê vir my, dié bejaarde babbelbek gaan sy bek heel verby babbel en die women's cause net goed doen. Babbel dus voort, Chris baby, al ding aan jou wat die vroue interesseer, is om te weet watter kliere pla - die oues of die nuwes.

Toe ek genader is om in hierdie rubriek die hele vrouekwessie te benader het ek deeglik besin oor die invalshoek. Toe die sjowwie vir wie ek werk, vra of feministe regtig vir hulself kan lag, toe dog ek, get real, ou maat. Hierdie verkiesing gaan die gender issue finaal oplos, dan ha-ha ons heelpad parlement toe. Hou hierdie spasie dop.

BOEKE

# Ook die stiltes praat: 'n Baken in Afrikaans



Breyten Breytenbach... 'n onmiskenbare dualisme

NEGE LANDSKAPPE VAN ONS TYE BEMAAK AAN 'N BEMINDE
Deur Breyten Breytenbach
Hond/Intaka
Posbus 208
Groenkloof 0027
Prys R69,99

AMPIE COETZEE

IN 1964 het ons hom leer ken as Breyten Breytenbach, die maer man met die groen trui. Toe het hy 'n digbundel gefabriseer met die raaiselagtige titel *Die ysterkoei moet sweet*.

Die laaste dertig jaar het sy identiteit, van naam tot naam in al sy bundels en prosawerke telkens verander. Hy was Jan Blom, BB Lazarus, Christian Jean, Marc Galaska, bandiet B Breytenbach, Gev. Breytenbach, Bangai Bird, die Professor, BB breitenbog, Prenten Prentenbog, Breipen Breytenbach, Bullebach, Braakinpag, Bibber Breytenbach, Beide Buidelbek, Buffalo Bill, Broer Bebe, Don Espenjuelo, Panus, Dick, Antoine, Herve.

En hier is hy nou weer, met 'n enorme bundel van meer as 100 gedigte. Op die buiteblad van hierdie bundel, met 'n ewe problematiese titel,*Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*, is die naam van die digter Breyten Breytenbach; maar die karakter binne-in se naam is Kamiljoen, en ook Bibberbek, Bewebors, Bittergek, Buitedag, Bruidjiebark, Bietjiebees Brodebreek Babbeldors. Die hoofkarakter in baie van die tekste is, nietemin, Kamiljoen; en mens sou kon sê dat dit, onder waarskynlik vele ander moontlikhede, iets soos Chameleon/Verkleurmannetjie beteken:

...Kamiljoen (kyk) in die spieëlruit
en sien die skaduwees van al sy gelate:
die blinkblinde visse onder melkgroen water (94).

Met soveel name het jy geen één naam nie, en is daar ook nie 'n outeur nie: "What does it matter who speaks, someone said, what does it matter who speaks," het Samuel Beckett indertyd al gesê; en Roland Barthes: "I name, I unname, I rename: so the text passes"; en die Albino Terroris self: 'n naam is presies die afwesigheid van definisie.

DAAR IS 'n onmiskenbare dualisme omtrent die bundel, e.a, voorlopig, lyk dit ook nie konflikterend en asof daar 'n konstante dialektiek bestaan nie. Maar dit sou 'n in-diepte lees uiteindelik eers kon vasstel.

Aan die een kant dig Breyten binne 'n tradisionele estetiek ("...ek ken nog baie meer wysies op moertong as in ander tale", 4). Daar funksioneer die woord nog binne die episteem van representasie; sodat die motto uit Horatius se *Ars Poetica* (wat sekerlik nie doelbewus verkeerd aangehaal is nie?) - wat min of meer beteken: die poësie is soos 'n prent, dit wissel, of jy naby staan of ver - uiters belangrik is.


Hy dig in hierdie tradisionele verse dikwels in frases wat herinner aan vorige gedigte: "daardie eiland dus, heuwels blink waar wind/ blou linte span..." (5), "skreeu *Afrika* skreeu die geur van geregtigheid en bloed/ sonder 'n pas..." (47); "...mond... te geheim om pyn nog te voel reis" (155), "wanneer ek die dag hemel toe gaan" (154); en daar is 'n herskryf - aanpassing - van vroeër gedigte, soos byvoorbeeld in "die intensiteit van tekstuur inhibeer die strategie van struktuur" (96). Die bekende soort inversie-metaforiek is weer opvallend: "dis te ver om te sien,/ tensy jy skerp kan kyk soos die vlermuis" (26); "en kyk die gat in die lug" (40); "die middag sal nooit haar nag nader trek" (53); "in baie lande is dit vroegaand nog donker/ met die skraapskrif van hoë bome/ teen die gewelf" (100).

Daar is bekende soort metafore: "die woordkamer is 'n sarkofaag van drome" (7); en die frases wat mens van 'n digter sou verwag: "die pruimboom is 'n bruilofslied van sneeu" (78); "soos 'n skip heel aan die begin/ die see mag leer ontsyfer" (81); "bome droom 'n lente" (102); "Die prostitute het die skarlaken stigmata van die liefde afgewas" (133).

Vanuit 'n aanvaarde en bekende "poëtiese stelwyse" lei die woord die digter tot verskeie aforismes, soos: " 'n netwerk van uiterste angs bind/ die geskiedenis" (7); "Die volk is die party/ se kapitaal" (101). Maar veral tot dié veelseggende bekentenis:

ek het my lewe met woorde deurgebring: o,
nie as bydrae tot die taal
(asof dit 'n noodhulpfonds sou wees)
wat nog te sê van kultuur,


CHEER JOU OP MET JEANNE GOOSEN SE NUWE BOEK!




QUELLERIE

Beskikbaar by jou naaste boekwinkel of by die Uitgewer:
Posbus 1206, STRAND, 7140.
Tel: (024) 36718
PRYS: R39,95 Posgeld ingesluit

Niemand kan die Party of die Kerk beat nie. Dalk hét die Swanepoels. Jy kán jou doodlag oor "ons" situasie, soos in *o.a. Daantjie Dromer*.

daardie suur kultus
van trutterigheid en krukbakleiers nie,
maar om dood met 'n ander vrou te kul. (183)

Dit is die tradisionele poëtiese estetiek: en dit word in sekere gevalle op 'n interessante wyse uitgebrei tot die soort gedig wat eintlik bedoel is om hardop gelees te word; soos 'somerwind' (27), waar die leser, as 't ware by name, sê wanneer daar 'n spasie tussen reëls is ('stilreël' en 'eindspasie') - met ander woorde, die verstegniese van die gedig word dan geïntegreer in die voordrag. Is dit 'n wegdraai van die papier-teks na die luister-teks, met 'n opvallende gebruik van alliterasie, assonansie en ritmiek? En is dit nie 'n tegniek waaraan moderne digters in Afrika - met ons groot getalle ongeletterdes - kan werk nie: 'n terugkeer tot die orale poëtiese diskoers?

Dan is daar die direkte en onver-sierde stelwyse, waar woord en saak direk op mekaar slaan (mens het destyds gepraat van praat-poësie): en dit kom veral voor by die meer politieke verse: " 'n dosyn swart vroue (met kinders en babas)/ het gister tydens die erediens in die NG Kerk Rondebosch/ buite die gebou stelling ingeneem.../ Verskeie kabinetslede was onder die gemeentelede..." (41).




En tussenin - maar nie doelbewus as oorgang nie - kom die woorde waar die betekendes net nog by die betekenaar uitkom, met ander woorde waar mens nét nog in terme van ons gewone gebruik van taal kan vasstel wat die digter sê, soos in die volgende:

soms dink ek die papiervel is 'n oop
vlek
die platmaak vertikaal van berge
waanhoop
tot woorde verinvoudig
by ander tye is dit 'n manier
om die wonde te dek
van engelevoetspore in die sneeu
(73).

DIT BRING ONS dan by die ander sy van die bundel - by die bevryding van die woord, die woord wat ondeursigtig geword het, taal wat outonoom geraak het. Daar is talle voorbeelde, en eintlik kan mens dit nie isoleer soos in die vorige voorbeelde nie, omdat die bevryde woord relatief tot die dienende woord staan, en juis daaruit die bevryding kry (miskien is dit juis 'n dialektiese verhouding?). Ek sal nietemin enkeles noem:

"...kyk na die hemel wat sigbaar word in die heuwels/ as verbysterende vrae..." (23); "soos woorde terugvlieg na 'n mond/ om verdoesel te word deur 'n groen ritseling" (40); "die jaar toe Eskimos 'n nuwe glansende stilwoord/ geskep het vir stilte..." (164). Of daar is die wendings van die 'sonnette' (bls 62 en 63), waarin daar 'n betekenissprong tot die droom is. Of soos in die fantasie. Die liefdeskinders het drie take:

een, om die lag te bewaar in sakke
agter spensdeure opgehang.
twee, om die klankmeneertjies van bos en spruit
wat ons nagtegale noem, te leer fluit en vloek.
drie, om die volmaan uit die put te grawe,
gebult soos 'n ou waatlemoen met swart vlerke. (109)

Dan is daar feitlik die hele gedig, "die titel is: 'n belydende woord uit die dood" (182-185), waar die taal, op post-modernistiese wyse bevry, gedurig neig tot verstrooiing - net soos die subjek van die hele bundel, met al sy name. So ook "die gedig as skuilplek ('n beweging)" (83-84). Ons sou dus kon aflei: 'n pragtige geval van postmodernisme, die klassieke verstrooiing van die subjek; en daarmee saam dan die afwesigheid van betekenis: die woord wat losgemaak word van die saak, en nie meer deursigtig funksioneer nie.

Hoe kan so 'n bundel dan sinvol geresenseer word? Die digter teken heftig beswaar aan teen die feit dat hy dalk weer gekanoniseer kan word ("jy sal moet keer/ teen hulle wat jou gaan probeer smeer/ met eerbetoon, die kanonne van die Kakkademie..." 184); en hy ken ook die konstante frases van die kritiek ("selde het digters van sy generasie/ so konstant sulke ongelyke werk gelewer", 189). Hy sê oor en oor wat hy met gedigte wil doen, wat hy nie kan doen nie; en waar hy dit nie direk sê nie, sê die stiltes en breuke van sy verstrooide taal dit.

DIT LAAT JOU dan wonder: wat is 'n resensie? Wat probeer ons daardeur sê? Dat mense die boek moet koop? Om die digter en die uitgewer te help, is dit nodig om te sê. Maar hierdie bundel kan nie geïnterpreteer, geanaliseer, ontleed, uitgelê en gehiërargiseer word nie: dis alreeds deur die bundel self gedoen, en geen resensent kan stiltes interpreteer nie. Ons het nie die apparaat nie.

Byvoorbeeld. Om by die begin te begin. *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (die bundel bestaan uit nege afdelings...: so sou die konvensionele kritiek moes begin, en dan sal die name gegee word van elke afdeling, en dan 'n tematiese samevatting). Nege landskapskilderye, sou die titel kon beteken. En hier is baie duidelik ook 'n landskapskilder aan die woord wat "teken", representeer - al kan taal dit nie doen nie. Dis ook Breyten, die skilder, wat soms in 'n huis in Spanje woon en die landskap waarneem. Hoegenaamd nie 'n verstrooide subjek nie: hy vertel - in huislike verse - van die huisskoonmaak, die tuinmaak, die heuwels in die verte. Dit kan ook wees: nege persepsies vanuit ons geskiedenis; want die digter kyk ook terug en vertel wat in die wêreld gebeur het vanaf ongeveer 1970, in die gedig "Boland". Maar hierdie gedig vir sy ou buddy, Daantjie Saayman, maak ook van die terugkyk 'n retrospeksie van sy eie lewe: selfs met 'n gedig vir hom, die persoon Breyten, se vyftigste verjaardag ("met ontferming vir die blinde kierie/ wat tog waterpas op 'n manier die pas kon hou..." 179). Nege - dit kan ook wees, 'n aantal, talle - visioene, van oorloë, gerugte van oorloë, en die apokaliptiese (wat van die begin van Breyten se poësie konstant is).

Waarom nege? Toevallig, omdat dit 'n obskure betekenis het, of omdat die *Dictionary of Symbols* nie nege aangee nie? Maar in Zen is daar nie klassifikasie nie, dus ook eintlik nie getalle wat kan orden nie. En hoe *bemaak* jy al die dinge aan 'n beminde? Skilderye kan jy seker, maar hier is nie skilderye nie en gedigte kan ook nie skilderye wees nie. En die beminde? Daar is nie soveel liefdesgedigte in die bundel nie. Of is ons wat die poësie wil lees geliefdes? Maar hy hou nie van ons nie: beskerm my teen herdenkings, straatname/ studies en postume

potsierlike/ poses en poes-aaiery: hulle land/ is nie myne nie..." (184).

Interpretasies gaan ons eintlik nêrens bring nie, want elke interpretasie lei tot 'n dekonstruksie - en van daar af tot niks. Die leser hoef net die gedigte aandagtig te lees - dan sal die kennis self kom.

Dis duidelik: die sentrale beweging van die bundel is die konsep van landskap, en die konsep landskap moet saamgelees word met een van die oudste uitings in die werk van Breyten: die spieël. En 'n landskap is ook 'n tekening, en 'n tekening is ook 'n herinnering aan 'n werklikheid, maar omdat dit 'n oproep van dinge uit die verlede is, is dit verbeelding ("herinnering is verbeelding ...elke oomblik 'n nagemaakte memorie van daardie verre landskap", 113). En die taal representeer. Taal, landskap, tekening, herinnering, spieël is dieselfde. Maar dis nie die werklikheid nie. Dis waar dit eindig, by die laaste gedig:

> in die hand 'n verbeeldinglose dorre tekenkwas -
> en hierdie landskap in die dowe oog weer spieël -
> (190)

OM VIR 'N OOMBLIK akademies te raak (want dis al bril waardeur ek, effens duideliker, na dié onresenseerbare bundel kan kyk). Ons moet die bundel lees as deel van die produksie van kennis wat ons oor die taal het. Elkeen van die nege afdelings daarin is episteme van taal, het te doen met die filosofie van taal. Daar is geïdentifiseer nege bewegings van taal: praat, terugvertelling, herinnering, historiese/mitologiese verbeelding, tekening, taal-as-onderwerp, landskapskildering, narratief, verslag (notisie). Dis 'n voorlopige verkennning; dis sekerlik nog veel meer gekompliseerd. En deurgaans is taal ook dekorasie en retoriek: mooi, soos 'n prentjie. En, soos in Horatius se metafoor, wissel die prentjie ook altyd.

Mens moet probeer lees agter die diskursiewe aan, verby die "inhoud"; dan sal jy, soos so dikwels met Breyten se poësie die geval is, êrens iets aanvoel - nie net raakvat nie, sal jy êrens 'n stilte hoor. Maar dan is dit nog kennis wat deur die estetiek van metafoor, ritme, woordspel, woord-as-betekenis, woord-sonder-betekenis skielik ontplof.

In hoofsaak is dit 'n anargistiese bundel: dis ook nie 'n eenheid nie, nie in die literêre sin van die woord nie. Dis te lank: dit kon nie klaar kom nie (ook 'n spel met die leser!), dis postmodernisties ten opsigte van die verstrooiing van die subjek en die ondermyning van die betekenis van woorde. Maar dit het één outeur, Breyten Breytenbach, en dit sou nie kon bestaan sonder die doodgewone, romantiese, outydse poësie (of prosa, selfs) nie. En, bowenal: ons kan die digter nie vertrou nie, want hier het hy al ons kennis van taal uitgelap, en:

> ...hy loop weg einder toe
> en verklik ons geheime aan die dood! (188)


Wanneer die argeologie van die Afrikaanse letterkunde eendag opgeskryf word, sal die enkele groot breuke, die diskontinuïteite daarin, wat dit 'n terrein van kennis gemaak het, uitgewys kan word in sekere literêre diskoerse: dié van Eugène Marais, Etienne Leroux, Peter Blum, Koos Prinsloo; en die mees definitiewe verbreking: die werk van Breyten Breytenbach, en veral dié lywige bundel. ■


# 'n meesterwerk se geboorte hang van jou af

'n boek is 'n morsdooie ding wat eers lewe kry in die leser se hand

het jy al breyten breytenbach se ***nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*** in die hand gehad?

*Selde in enige taal verskyn 'n bundel soos hierdie.* — Tom Gouws in *BEELD*



***nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde***
**breyten breytenbach**
HOND/INTAKA

By jou boekwinkel: R69,99
Bestel direk by **HOND** en kry 10% afslag
**R63,00** BTW en posgeld ingesluit

Maak tjeks of posorders uit aan
**HOND** BK en stuur aan
Posbus 208 Groenkloof 0027
*Laat twee weke toe vir aflewering*

# BRIEWE

BRIEWE KORTER AS 200 WOORDE GENIET VOORKEUR

RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177 NEWTOWN 2113

## Allemansvriend?

**Stefan J Naudé van Malvern, Johannesburg skryf:**

Ek het begrip vir *Vrye Weekblad* se verklaring dat daar nou met die aankondiging van 'n verkiesingsdatum en die komende oorgangsraad 'n fundamentele verskuiwing in houdings en benaderings moet kom, daarom die oorskakeling na die tydskrif.

Ek verstaan ook die stelling in die laaste *Vrye Weekblad* dat ou vyande deesdae nie meer so lelik lyk nie en ou vriende intussen 'n paar aaklige moesies gegroei het.

Maar, en dis nogal 'n groot maar: Ek as leser van vier jaar is bangerig dat *Vrye Weekblad* sy identiteit, sy baie kenmerkende persoonlikheid, gaan verloor as hy/sy nou so vyandloos word. Op Engels noem 'n mens dit wat ek in gedagte het, die "edge" wat *Vrye Weekblad* altyd gehad het.

Daar is genoeg vaal, kleurlose koerante en tydskrifte wat hard probeer om objektief te wees. Ons intelligente lesers weet daar is nie so iets nie, en verkies dat die koerant/tydskrif wat ons lees, eerder reguit en eerlik wees met 'n sterk eie mening waarmee ek as leser kan saamstem of verskil.

Ek sien uit na die tydskrif en ek hoop julle hoef nie te veel kompromieë aan te gaan om die tydskrif geldelik winsgewend te maak nie.

## Man met die sweep

**Jan Botha van Bellville skryf:**

Onder die helde van die fotoverhaal is daar een wat uittroon bo die ander. Ons eie Zorro. Hy wat met sy sweep sy gevreesde merk uit-kerf op die voorarm van die bose skurke.

Ja, die gevreesde Skrikruiter!

Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die "Skrikruiter" en 'n polisiegeneraal genaamd Mellet.

Ek sal dit ook waardeer as julle ophou om die volgende persone te beledig deur hulle aan polisiemanne te verbind: Tarzan van die oerwoud, Suster Teresa, Kaptein Duiwel, Grensvegter, Kid Colt, Ruiter in Swart, Kaptein Caprivi (filmster), Tanya die vegter, Mark Condor en Die Skim.

Almal weet hierdie persone skiet baie meer akkuraat as die SAP en word juis opgeroep wanneer die SAP voel dinge raak nou buite beheer. 'n Skriftelike apologie aan my lys helde sal beslis in orde wees.

## It's not the money

**Jan Boer of Wepener writes:**

Jacques Pauw's "Storie van 'n plaaswerker" makes interesting reading. It reminds one of the old Republics prior to a money economy. It also reminds one that journalists must always be on their toes.

The simple acceptance by Pauw that a man could support two wives and 16 children while working without pay or food, is in the realm of believing in virgin births. Presumably this man was employed on some pre-capitalist arrangement such as tenant farming or farming on the halves - which doesn't involve money - but does involve innatura payment. Jacques Pauw owes it to his readers to have enquired - if not to his own curiosity.

As an illustration of the pitfalls when discussing such matters with rural people, I cite out of experience.

I took one of my staff to hospital. He gave his income as R110. In terms of the calculation for Unemployment Insurance this man would be R714 worse off per month if he lost his employment with me. He was not being dishonest - he just is not used to thinking of the other R604 as pay.

## Kry nie genoeg nie

**Roland Cruywagen van Tamboerskloof skryf:**

Ons Kaapse lesers van *Vrye Weekblad* is in groot afwagting op die koms van *Vrye Weekblad* die tydskrif. Want sien, hier in die Kaap in is daar baie meer tyd om te lees en die pas is stadiger as daar bo in die swart noorde. Ons kan doen met 'n intelligente, onafhanklike tydskrif wat 'n hele naweek se lekker lees bied en jou sommer laat voel jy weet weer 'n slag wat in jou land aangaan. Kortweg: ons dink die tydskrif-idee is 'n uitstekende een. Druk net genoeg van die eerste uitgawe, want die meeste van my vriende het die laaste twee weke gekla van die onttrekkingsimptome wat hulle het nadat *Vrye Weekblad* nie Vrydagmiddag beskikbaar was nie.

## Rassistiese staatsdiens

**Staatsmol van Pretoria skryf:**

Ek werk vir die staat. Nie geheel en al onwillig nie, aangesien dit 'n standvastige inkomste beteken en ander vorms van sekuriteit. Ek geniet selfs my werk. En staatsdienste bly maar staatsdienste vol burokratiese gemors. Dit aanvaar ek.

Wat vir my geheel en al onaanvaarbaar is, is die latente rassisme in die tot nou toe nog blank geperpetueerde staatsdiens, dat die ANC nog as die vyand gesien word en dat daar omtrent geen moontlikheid bestaan om griewe te lig nie. Dus gebruik ek *Vrye Weekblad* as my aflaaipunt vir griewe om die waarskuwing te rig dat indien amptenare nie besef wat vir hulle om die draai lê nie en hulle nie daarby aanpas nie, hulle hul werk kwyt sal wees.

In die laaste paar weke moes ek van kollegas aanhoor dat die swartes die toilette laat stink en dat ons 'n plan sal moet beraam om dit teen te werk. Hy het gewis nog nie agtergekom dat almal reuke in die toilet agterlaat nie. My een baas kan nie verstaan dat Carl Niehaus sy kulturele trots totaal en al kan prysgee en hom by die ANC aansluit nie. Sy kyk graag na al die sepies in die luilekker agtermiddag. Een stommerik het nou die dag kwytgeraak dat ons al die "kaffers" moet vrekskiet as hulle nie vir werk opdaag nie.

Wat die liewe broeders en susters nie verstaan nie, is dat ons binnekort 'n beter staatsdiens gaan hê en noodwendig gaan baie blanke koppe waai - miskien myne ook. Baie mense het nodig om wakker te skrik en iets aan hul houdings te doen. 'n Rassis is 'n rassis en daar's min salf aan hom te smeer, nes 'n happy clappy, maar dié wat voorgee hulle is nie rassiste nie, en steeds dink swart en wit poefies ruik verskillend, kan gerus 'n uitgebreide besoek aan die rioolplaas bring. Die goed ruik dieselfde man!

Dank die hemelse vader ek is as 'n kafferboetie grootgemaak en dat ek vandag die woord kaffer mag gebruik in *Vrye Weekblad* en dat min mense geaffronteerd sal wees. Viva die afbreek van persepsies!

## Tokyo's tears



**Jenny Williams of Yeoville writes:**

I just want to point out that Tokyo was voted, not the most sexy, but the most charismatic politician on TV (Brolloks, *Vrye Weekblad* 21-27 May 1993). John Berks asked listeners to tell him who would be likely to capture their vote because of their charisma on TV. This, I would say, is a lot more significant that just being seen as "sexy". What was also interesting was that all the women who phoned said it was his (Tokyo's) tears at Hani's death that had impressed them deeply.

What does that say for the widely held belief that women find "macho" men sexy?

# vrye keuse

★★★★★ VOORTREFLIK

★★★★ STERK AANBEVEEL

★★★ SIEN GERUS

★★ SO-SO

★ VERMY AS JY NUGTER IS

**HIERDIE IS NIE 'N VERGELYKENDE SKAAL NIE; DIT IS ONMOONTLIK OM ROLPRENTE IN VERSKILLENDE GENRES MET MEKAAR TE VERGELYK**

### ★ POISON IVY

Drew Barrymore was die dimpelgesig-, bokstert-dogtertjie in ET. Baie jare later, en met dwelm- en alkoholverslawing agter die rug, skok sy die mense met Poison Ivy. Een sensasie-skrywer verwys na haar as die Lolita uit die hel. Hoekom? 'n Enkele oopmondsoen met haar mede-speler Sara Gilbert. O ja, en sy het tatoeëermerke en verlei haar maatjie se pa. Dié moralistiese uitbarsting ter syde gestel, is Poison Ivy 'n onoortuigende verhaal van 'n wulpse adolessent genaamd Ivy (Barrymore) wat 'n gesin vernietig. Die motivering vir haar optrede is skamel; haar seksuele onweerstaanbaarheid is onverstaanbaar; en Tom Skerritt is grillerig as die wellustige pa. CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

### ★★★ PETER'S FRIENDS

Dié ernstige komedie, met Kenneth Branagh as regisseur, stel teleur. Die karakters is stereotipies: die "oujongnooi" wat as seksbom ontwaak; die oppervlakkige soap-aktrise as fiksheidsmaniak; die paartjie wat hul kind verloor het, die oorblywende een oordrewe beskerm en gevolglik hul huwelik afskeep; die gefrustreerde alko-holis; die onversadigbare nimfomaniak wat nie betrokke wil raak nie. Al vriend wat oorbly, is Peter, en sy "geheim" is geen geheim nie. 'n Paar werklik komiese situasies en Emma Thompson maak die kyk darem die moeite werd. CvdW



**Evan Wright (Robert De Niro) en sy intimiderende minnares (Sheryl Lee Ralph) in Mistress.**

### ★★★ THUNDERHEART

'n Ontstellende kyk na gebeure in Native American-reservate in die sewentigerjare. Die geleidelike oopvlekking van onderduimse geknoeiery boei mens enduit. Die Hollywood-einde pla wel, maar die film wys iets wat selde gesien word: die mitologie van die Amerikaanse Indiane. Val Kilmer is die half-Indiaan wat sy wortels ontdek; Sam Shepard en Fred Ward is die rassistiese macho-manne. CvdW

### ★ MISTRESS

'n Langdradige, droë film oor 'n stowwerige Hollywood-draaiboekskrywer (Robert Wuhl). Eendag stel iemand wel belang om 'n film van een van sy draaiboeke te maak. Die gevolg: vele tonele waartydens 'n klomp mans in te knap pakke en blondines met snaakse stemmetjies/swart vroue met intimiderende boesems sit en kibbel oor hoe die draaiboek aangepas moet word om plek te maak vir nóg 'n finansier se talentlose minnares. The Player het die onderwerp (Hollywood-korrupsie) reeds - en hoogs suksesvol - gehanteer. Robert De Niro speel nie net in die film nie, maar is ook een van die vervaardigers. Niemand weet wat hom besiel het nie... CvdW

### GROUNDHOG DAY

'n Romantiese komedie oor 'n TV-weervoorspeller. Met Bill Murray en Andie McDowell.

### RICH IN LOVE

Die span wat vir Driving Miss Daisy verantwoordelik was, het dié film gemaak oor 'n gesin wat eensklaps moederloos is. Mams het groener weivelde gaan opsoek en paps is diep ongelukkig. Die sewentienjarige Lucille (Kathryn Erbe) ontdek sy is die nuwe vrou in die huis. Sy paai vir paps (Albert Finney) en hou die pot aan die kook.

### ★★★★ WATERLAND

Jeremy Irons speel John Crick, 'n geskiedenisonderwyser wat die gevaar loop om sy werk te verloor. Geskiedenis is nie meer 'n praktiese vak nie omdat dit leerlinge nie op hul loopbane voorberei nie. Om die belangrikheid van die studie van geskiedenis oor te dra, skets Crick sy eie verhaal aan die skeptiese kinders. Sy verlede is donker en getuig van verlatenheid - soos die moerasagtige streek waarin hy grootgeword het. Sy verhaal is deurweef met die dood. 'n Bloedskendige verhouding het tragiese gevolge gehad: 'n moord, selfmoord en aborsie. Geskiedenis is 'n storie wat ons vertel om ons van die gruwels van die lewe te distansieer. Een ding word egter duidelik: dis baie moeiliker om mens van jou eie geskiedenis te distansieer. MARIANNE FOURIE

### ★★★★ GLENGARRY GLEN ROSS

Dié is 'n film oor die toffs en die tarts in die lewe: die toffs het 'n vaste werk en gereelde inkomste; die tarts maak hier en daar 'n sent. Hulle is slinks en gladbekkig: soos die slymerige Ricky Roma (Al Pacino). Hy gee 'n nuwe betekenis aan "to think on your feet" - en praat 'n toff met gemak 'n gat in die kop. Die besigheid is eiendomme en die doelwit is om mense te oorreed om dit te koop - soos die gladde kapitalis (Alec Baldwin) dit stel: "to get them to sign on the line that is dotted". Kapitalisme in volle swang: om aanvraag te skep waar dit nie bestaan nie. Dié film kyk na die lelike gesig van kapitalisme: die uitbuiting, die verontmensliking, die vernedering van mense ter wille van geld. Jack Lemmon is aangrypend as die afgeremde, patetiese Levine. Levine se karakter illustreer sieklik dat desperate mense desperate dinge doen. CvdW




**Robert Redford en Demi Moore in die seks-vir-'n-miljoen-dollar-film Indecent Proposal.**

### ★★★ MAD DOG AND GLORY

Die regisseur John McNaughton het nou wel bitter min aanvoeling vir filmiese ritme en styl, maar hy het dit tog reggekry om 'n vermaaklike film die lig te laat sien. Wayne Dobie is 'n teruggetrokke polisieman met die hoogs ironiese bynaam Mad Dog. Toevallig "red" hy Milo die mobster se lewe. Uit dankbaarheid leen Milo Glory (Uma Thurman) vir Wayne vir een week. Hulle raak verlief - met voorspelbare gevolge. Robert De Niro kwyt hom uitstekend van sy taak as die angstige, introverte antiheld. CvdW


*Orrelmusiek* **IS STEUREND EN OPRUIEND.**



*As Johannes Kerkorrel laat waai, gaan party mense se harte staan. Ander se voete begin jeuk.*

*Afrikaanse musiek is lankal nie meer 'n eentoondeuntjie nie. Want Afrikaanssprekendes dans nie meer almal na dieselfde pype nie. Die klanke het uitgespat in 'n duisternis nuwe rigtings en by Afrikaans Stereo vang ons dit alles op. Ons luister met 'n fyn oor en voer jou die beste terug.*

*In stereo.*

*Simfonieë, nuwe klanke, volkswysies uit 'n verre, vergete verlede, jong stemme, vars stemme, kabaret, musiek uit die stamlande, wysies van oral. Ons lei jou 'n hele nuwe wêreld binne en vertel jou dinge oor musiek, oud en nuut, wat jou ore sal laat tuit.*

*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM: Diepteprogramme, insigprogramme, nuus, musiek, drama, humor. Ons is reg om 'n hele paar nuwe snare te roer.*

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

LINDSAY SMITHERS-FCB 5900/A

# WYNPROE



## *'n Betroubare vonkel*

**DEUR HENRY NOLTE**

NOU die dag kry hulle die etikette - Moët et Chandon en daardie mother of all champagnes, Dom Perignon - uiters professioneel gedruk deur 'n Stellenbosse drukker, nou bankrot. Toe kom die nuus van die colombar en chenin blanc wat in groot maat iewers na Suid-Amerika of Kuba uitgevoer is. Skynbaar afkomstig van 'n Bolandse Koöp... En die storie is nog lank nie klaar nie.

Nou wonder 'n mens: Is dit dalk Suid-Afrikaanse wyn in daardie reusagtige Moët-bottels waarmee die Sennas en die Mansells so mors by grand prix-oorwinnings?

En daardie dosyne bottels Dom Perignon wat Sol so kwistig tydens sy nuwejaar-makietie by Leeukoppie uitdeel? Ons weet almal dit kos by Picardi vandag R335,65 (1985-oesjaar). Maar is dit die ware Dom se borrels in die bottel?

Dit is so dat baie mense nie 'n vals Dom Perignon sal uitken nie. Wie van ons kry tog immers die kans om dit te proe, nevermaaind te drink? Baie sal seker ook nie maklik 'n regte Moët sommer so van 'n vermomming onderskei nie. Weer by Picardi (mededingend met die Solly's en so aan, hoor): R127 per bottel vir 'n NV ("non vintage", wyn wat geen oesjaar dra nie). Die 1988-oesjaar kos R143,95.

Ondanks sy prys - wêreldwyd duur, nes diamante beheer - is Moët et Chandon een van die grootste maatskappye ter wêreld. Deur vernuftige bemarking deur baie jare het Franse sjampanje byna sinoniem geword met die naam.

En 'n mens moet net deur daardie romantiese kalkgrotte onder die dorpie Epernay in Frankryk loop om te besef waarvan ons hier praat: 8 miljoen bottels lê daar op een slag rustig op hul moer en geur trek. Wêreldwyd verkoop daar tans 26 miljoen bottels per jaar.

Wat die vervalsingskandaal so interessant maak, is dat pas berig is dat Moët et Chandon ook deur die internasionale resessie getref en erg bekommerd is: sedert 1985 het verkope met 20 persent gedaal. Tóé was dit 32 miljoen bottels per jaar.

DIS JAMMER dat Suid-Afrikaanse wyn met dié bedrogspul onder verdenking kom, want ons het topwynmakers. En dis veral dié wat so hard probeer om 'n bottelgegiste wyn in die trant van sjampanje te maak wat vandag my heildronk kry. Want teen daardie prys is Moët en sy Franse maatjies buite bereik.

Voortreflike plaaslike Cap Classique wat nie vir hul Franse nefies terug hoef te staan nie vir dié heildronk:

Pongrácz van Distillers. Verbluffend vol en geurig met 'n "Franse smaak". Ek dink dis die bietjie houtgisting en gebrek aan swawel en tikkie "dosage"-suiker - ja goeie sjampanje is nie noodwendig bitterdroog nie. (Die oesjaar is agter op die bottel deur die eitiket sigbaar. 1990 kos R23,90 by Picardi.)

Krone Borealis Brut. Nicky Krone se wonderlike 1988, veral verleidelik met 'n ryp vrugtigheid en fyn skuim. (R37,15.)

Of as jy dit iewers kan bekom, próé Pieter Ferreira se 1991 Brut Royale wat hy vir Graham Beck by Madeba maak. (Prys onbekend.)

Dít wys al sy jare ervaring saam met die baanbreker van Cap Classique, Achim von Arnim. Dis ook duidelik dat daar geen geld gespaar is op wingerd, hout en vernuf nie. Pure elegansie. En byna, byna soos in Epernay!

# ONTDEK 'N EETPLEK



## *Portugese plesier*

**A PALHOTA**

**TROYESTRAAT 59, JOHANNESBURG. TEL 337 6377.**

**DEUR MAX DU PREEZ**

DIE beste hoender peri-peri in die dorp, sê eienaar Louis sonder 'n sweem van twyfel in sy stem van sy beskeie restaurant in Johannesburg se middestad.

Ek het nog nie by elke Portugese restaurant in Johannesburg geëet nie, maar ek moet sê tot sover is Louis se hoender lekkerder as enige wat ek nog in Suid-Afrika, Angola, Mosambiek of Portugal self geëet het. Dit brand nie net nie, dit smáák.

Eintlik is A Palhota (Die Hut) nie 'n Portugese restaurant nie, dis 'n Angolese restaurant. Louis is 'n Angolese vlugteling en so ook al die kokke en kelners en skottelgoedwassers. En as jy baie tyd het, vra vir Louis uit oor sy Angola-dae - hy trek dadelik 'n stoel nader en kan nie ophou vertel nie - sy ma was 'n prominente joernalis, sy pa 'n veearts en hulle het almal alles verloor toe hulle in 1976 moes vlug.

As jy wil weet of 'n etniese restaurant regte etniese kos maak, kyk maar wie die mense is wat daar gaan eet. A Palhota laat my terugdink aan plekke soos Sa da Bandeira in Angola voor die Portugese padgegee het: die plek sit vol Portugese mans met snorre en grys baadjies, meestal sonder das. Die paar keer wat ek daar geëet het, was my vroulike metgesel die enigste vrou in die kafee.

Saans om halfelf skuif almal na die kroeg langsaan, want Louis het 'n satellietskottel op die dak en Luanda-TV kom oor asof dit M-Net is. Ek kan nie veel verstaan van wat aangaan nie, maar dit lyk vir my alteveel soos die SAUK in die dae van PW Botha: omtrent elke mens op die nuus het 'n uniform aan.

Naas die peri-peri hoender het A Palhota nog eg Portugees/Angolese disse soos gekookte stokvis met kool, gekookte aartappels en baie olyfolie wat volgens my tafelgenoot "smaak soos Portugal ruik - lekker en interessant"; Portugese wors met skyfies wat volgens 'n ander tafelgenoot "lekker crisp buite-om is met 'n sagte, effense gekruide paté binne-in"; en 'n bredie van sulke breë boontjies en varkvleis wat ek self baie geurig en smaaklik gevind het. Al dié disse is tussen R18 en R20.

Daar is 'n papperige Portugese koek wat ek een keer vir nagereg geëet het wat só soet was dat ek 'n liter Coke agterna moes drink, maar 'n ander keer het ek Louis se crème caramel probeer en dit was uitstekend. Die espresso is van die beste.

A Palhota is een van die lekkerste eetplekke wat ek vanjaar ontdek het. Maar moenie eens probeer as weelderige dekor en 'n restaurant vol kugels en yuppies jou voorkeur is nie.

# FYNPROE

## MET NETTIE PIKEUR

# Pak 'n paar suurlemoene in die silwerbak en maak 'n tert met die res

VRIND Derek verskyn by die kombuisdeur. Jy sê mos ek moenie die vrugte op Greyton van die bome laat afval nie, seg hy. Well, here they are.

En hy staan met twee enorme sakke vol suurlemoene op die drumpel. Dis een tiende van die boom se drag, verklaar Derek, en hulle is almal tegelyk ryp. Hulle is pragtig - outydse growweskil-suurlemoene, sappig met 'n geur wat die hele huis vul.

Ai, ons is darem lief vir suurlemoene. Ons pak 'n stapel in die ou silwerbak wat ek jare gelede persent gekry het. Die bak, baroklik versier met krulle om die rand en stewige handvatsels, is nie rêrig silwer nie - om die waarheid te sê, dis 'n trofee wat 'n ou pel jare gelede by 'n perdrykampioenskap gekry het, maar as die silwer so by die see aanslaan, kan jy nie die inskripsie op die bak uitmaak nie.

Daar's net een voorwaarde, sê Derek: gee vir my 'n resep vir suurlemoenstroop. Say no more, antwoord ek - en ons gesels verder oor suurlemoene, hoe hulle so 'n onmisbare deel van ons kookkuns is en jy nooit sonder een in die huis is nie, al betaal jy dat jy wurg vir daai nare groen laatsomervruggies in die supermark.

Vyf druppels suurlemoensap tower 'n avokadopeer om tot 'n wonderlike hap op volgraan-toast; 'n repie skil, fyngekap, gee geur aan omtrent enige bredie of sop, en wie kook vis sonder skywe suurlemoen?

DIE VOLGELINGE VAN die ou Amerikaanse sekte die Shakers - wat kommuniste was en geglo het dat die mensdom nie in geslagte verdeel was nie (sowaar, gaan lees dit) - het vir ons tradisionele kos uit die negentiende eeu nagelaat, onder meer 'n suurlemoentert. Hierdie tert word vandag nog voorgesit aan mense in die Shaker-dorpie Pleasant Hill, in Kentucky.

Die Shakers het die tert uitgedink toe hulle moes begin handel dryf met goed soos sade, kruie en snaaks genoeg, appelsous, sodat hulle die karige paar stukkies "wêreldsgoed" wat hulle nie self kon produseer nie, kon koop. Hulle het suurlemoene tereg as noodsaaklik in hul dieet beskou.

Die suurlemoene was van New Orleans en só duur dat die Shakers geglo het dis 'n sonde om enige deel daarvan weg te gooi (ek dink vandag nog dieselfde van suurlemoene én lemoene). Toe bedink hulle dié heerlike resep om die hele suurlemoen te gebruik.

Die tert word tot nou nog in die gerestoureerde kommunale eetkamer van die Trustees' House in Shaker Village voorgesit. Die Shakers is niets meer, maar hul eenvoudige gebruiksgoedere is nog daar te sien. Hier is die tert presies volgens die tradisionele resep.

## SHAKER LEMON PIE

Tertkors: Meng 2 koppies meel met 'n teelepel sout. Sny twee-derdes van 'n koppie plus 4 eetlepels botter of bakvet (moenie sagte margarien gebruik nie, dit gaan nie werk nie) in klein stukkies in die meel en sprinkel water oor terwyl jy die deeg liggies met 'n vurk meng (gebruik altesaam 4 eetlepels water) tot dit in 'n bal gevorm kan word. Moenie die deeg oorwerk nie. Rol uit op 'n bord wat met meel besprinkel is en voer 'n gesmeerde tertpan met die helfte van die deeg; hou die ander vir die kors bo-op.

Vulsel: Sny 2 groot, sappige suurlemoene, skil en al, in papierdun skyfies. Meng met 2 koppies suiker en laat 2 uur of oornag staan - roer af en toe. Voeg 4 goed geklitste eiers by die suurlemoenmengsel, en giet in die tertdeeg. Rangskik die suurlemoenskywe so effens sodat alles plat lê.

Plaas nou die ander stuk uitgerolde deeg bo-oor die tert en knyp die rande mooi vas. Sny 'n paar kepe bo-op die deeg. Bak die tert teen 220 grade vir 15 minute en draai die hitte tot 180. Bak nog 20 minute totdat 'n mes wat jy aan die rand insteek, skoon uitkom. Laat koel word voor jy dit voorsit.

Hier is Derek se beloofde suurlemoenstroop. Jy kook anderhalf pond suiker op elke liter suurlemoensap tot dit 'n dun stroop vorm. Dié stroop meng jy half om half met water vir 'n heerlike suiwer drankie.

Vir my smaak die stroop beter as jy twee of drie suurlemoene se fyngesnipperde skil by die sap gooi om deur te kook, en daarna deursyg sodat die vloeistof mooi skoon is.

Hier is 'n soet suurlemoenbrood wat jy vooruit kan maak vir 'n heerlike souserige poeding.

## SUURLEMOENBROOD MET SOUS

Klits 'n halwe koppie botter met 1 koppie suiker, klits 2 eiers by en roer een en 'n kwart koppie meel, 1 teelepel bakpoeier en 'n knippie sout om die beurt met 'n halfkoppie melk by vir die deeg. Voeg die gerasperde skil van een suurlemoen en 'n halwe koppie gekapte neute, as jy wil, by. Bak in 'n broodblik teen 180 grade vir sowat 'n uur.

Haal die brood uit die oond en plaas in 'n mooi opdienbak. Druk gaatjies oor die hele oppervlak met 'n sosatiepen (of breinaald, why not?). Smelt 1 koppie suiker met 4 eetlepels suurlemoensap - hoeveelhede maak nie saak nie, en dit hoef nie 'n stroop te vorm nie - en gooi die vloeistof stadig oor die warm brood sodat dit deur die gaatjies sypel.

Laat koel word en sit voor met room gegeur met gerasperde suurlemoenskil.

Sou die Shakers nie bly gewees het om te weet suurlemoenblare maak bobotie nóg lekkerder nie?


Sfuzy's

CATCH OF THE WEEK!
VANGS VAN DIE WEEK!

THIS WEEK'S SPECIAL: WATERBLOMMETJIEBREDIE

SEAFOOD RESTAURANT • SEEKOSRESTAURANT
MILPARK GALLERIES, EMPIRE ROAD,
AUCKLAND PARK
TEL: (011) 726 5803/726 8406



# KLIPOOG

## die tragiese held as komediant

KLIPOOG kan ook maar by tye perspektief verloor. Pleks van om die geskiedenis se verloop as noodwendig te aanvaar, raak Klipoog ongeduldig met die spelers wat die drama opvoer. Klipoog weet 'n mens moet die balk in jou eie oog bekyk, maar word moedeloos gefrustreer deur almal wat uit pure verwaandheid (of so lyk dit soms) die tyd van geweld en armoede moedswillig verleng.

Klipoog praat nie politiek nie. Klipoog praat bloot van mense - ook dié wat op televisie verskyn - wat so volstrek meerderwaardig wil wees (of so lyk dit soms) dat hulle weier om te erken hulle het enigiets met hul politieke teenstanders gemeen, al is dit net die begeerte na vrede en voorspoed.

Kom hulle op TV voor mekaar te staan, lyk hulle gewoonlik so bombasties boos vir mekaar dat 'n mens jou hele humorsin verloor. Daarmee verloor jy ook maklik jou hoop vir die mensdom, want as dit vir mense nie polities korrek is om in mekaar se geselskap te lag of selfs te glimlag nie, is daar min kans dat hulle ooit oor enigiets sal saamstem, ofte wel konsensus sal bereik.

As jy nie 'n grap kan deel nie, wat kán jy deel?

'n Bietjie (maar nog nie genoeg nie) van Klipoog se perspektief is herstel met die twee loods-uitsendings van die "opvoedkundige geselsprogram" *Future Imperfect* op TV1. Klipoog meen dié skalkse debatte oor toekoms-scenario's (geskoei op die lees van daardie Amerikaanse "what if"-inkwisisies wat jy soms op TSS raakloop) is baie plesierig en bring boonop sielkundig groot verligting.

As mense begin dink het ons lewe in 'n land van redelose vuurvreters, is dit in groot mate te wyte aan die selektiewe beeld wat van openbare figure geprojekteer word deur die media - die televisie inkluis. 'n Mens sien hulle gewoonlik net as hulle kwaad is vir iemand of iets. *Future Imperfect* is 'n belangrike tonic: byvoorbeeld net om Jay Naidoo vir die eerste keer op TV te sien glimlag, dra sekerlik baie meer tot die bevordering van medemenslike verhoudinge en begrip in die land by as 'n dosyn *Agenda*-argumente.



**Gavin Hood as Charlie Bates en Annette Hartman as sy liewe Amanda in die religieuse program *Game III*.**

NIE DAT AL die smiles disarming is nie. Jy kan immers verwag dat die humor in so 'n opset geniepsig sal wees en selfs moedswillig galgerig - soos ou Koos van der Merwe wat in die debat oor menseregte reken 'n dief het byvoorbeeld nie die reg om sy hande te behou nie, want hy gaan tog net weer steel.

Maar waar die ligsinnigheid nie bloot stuitig absurd is nie (soos Kobus - "Burn the flag, baby!" - van Rooyen se kreet: "People should have the right to publish rubbish!"), kom heelparty van die deelnemers se argumente oor wat in 'n politieke bestel aanvaarbaar is, meer oortuigend oor as wat die geval sou wees in die gewone bitsige bakleiery. 'n Mens luister tog met meer erns na mense as hulle self nie die erns van hul saak te veel oordryf nie.

Klipoog sien uit daarna dat dié program 'n gereelde instelling word, want dit kan almal net goed doen. Daar is nog - ondanks die kameras wat so ronddraf om die gevoel van spontane opwinding te verhoog - 'n effens bestudeerde gevoel (asof die deelnemers 'n teks kry om voor te dra).

Maar al speel die deelnemers rolle, is dit 'n riem onder die hart om te weet hulle het darem vir komedie ook plek in hul repertorium, want as elke politieke teenstander in die land vir ewig daarop aandring om eksklusief die heroïese protagonis te speel, gaan ons so nooit as te nimmer wegkom uit die melodrama nie.

### A LUTA CONTINUA

'n Bietjie humor wat beslis óók iets aan Klipoog se perspektief gedoen het (Klipoog is nog nie heeltemal seker wat nie), was daardie TV-tonele van die "nuwe" NP se saamtrek, ekskuus "rally", in Pietersburg verlede naweek.

Viva, Pik Botha, Transvaal leader of the NP, Viva? Forward, Nationalist Party, Forward?

Iemand wat nie die ironie van dié pikant opgekikkerde aanslag met 'n effens geligde wenkbrou waardeer nie, het 'n korter geheue as Klipoog. Dis asof die TV-nuus vanjaar meer as ooit gevul is met illuminating flashes.

### DIE SPEL

So wat is rugby nou eintlik? Dit hang af na watter program jy kyk.

As jy na prof Piet van der Schyff se droogweg melodramatiese geskiedenis van die spel kyk in *Rugby 100* (TV1, Donderdagaand) is dit 'n soort politieke mag wat verskeurdheid saai en op die een of ander manier selfs verbind kan word met wêreld-oorloë.

As jy *The Game III* kyk (TV1, Woensdagaand), is dit 'n soort godsdiens. Die dienaars van rugby wat meen die spel word nie verafgood nie, vind dit natuurlik doodgewoon dat die jong priester die bal bo die boordjie verkies, dat die aartsbiskop met die togs die ou priester van sy kerk wegsleep om weer langs die rugbyveld besieling te vind.

Die bose magte in dié geval is nie die aanhangers van Hitler of Lucifer nie, maar die sluwe farmaseute wat met proefbuise in hul seekatarms konkel om 'n steroïede te ontwikkel wat g'n toets kan bespeur nie.

Dit kan seker alles baie dramaties wees, maar die held Charlie Bates (Gavin Hood) dink blykbaar nie so nie. Praat van 'n stil en stemmige beeld. Die idee is seker om te wys rugby se ruggraat is nie noodwendig die luidrugtige nartjie-tipe nie, maar 'n mens kan bedeesheid ook oordryf. Dis g'n wonder dié ou se pa kry heeltyd hartaanvalle van pure frustrasie nie.

# sal die bokke kan pronk?

## *Dis nou Suid-Afrika se kans om wraak te neem op die Franse...*

DEUR **LOUIS KIRSTEIN**

OF die Suid-Afrikaanse rugbyspan, of Springbokke soos hulle bekend staan, vanjaar die knoop teen die Franse gaan deurhak ná die vorige toer - wat die keurders, afrigters, spelers en ondersteuners ewe graag wil vergeet - sal sekerlik afhang van die Springbokke se vermoë om die Franse "flair" op die veld aan bande te lê en die los bal te wen.

Die Franse speel onortodokse rugby. Of die span wat hier toer al sy krag en vorm gewys het, moet nog bepaal word. In die paar wedstryde wat gespeel is, het dit gelyk of die Franse geklop kan word. Enige rugbykenner sal egter gou vertel dat die Franse meesters is om hul ware krag weg te steek.

Ian McIntosh, die nuwe ghoeroe van rugby, kan elke beweging vir die Springbokke indril - maar wanneer die span op die veld is, sal dit afhang van die kaptein en sy veertien ander spanlede se vermoë om onder druk te speel. Hopelik het die Springbokke geleer hoe om druk te verwerk. Teen ander internasionale spanne het die Springbokke punte afgestaan wanneer hulle onder druk was. Onnodige foute lei noodwendig tot punte.

Dit kan ook nie toegelaat word dat die bal los lê teen 'n span soos die Hane nie. Hulle voorspelers is vinnig op elke losbal en weet hoe om dit te wen. Daarenteen lyk dit of die voorspelers van die Springbokke dalk net so effens stadiger as hul Franse eweknieë kan wees. Dit kan in elk geval net die span wees wat die bal het, wat 'n drie kan druk.

Is daar diepte in Suid-Afrikaanse rugby, en hoeveel het ons verbeter sedert die vorige seisoen? *Vrye Weekblad* het die menings van 'n paar Springbokke, sportskrywers en afrigters gevra:

"EERS NA DIE toetse sal ons weet of Suid-Afrikaanse rugby terug in Wêreldrugby is," is al voorspelling wat Quintus van Rooyen, senior rugbyskrywer van *Beeld*, wil waag.

"Ek was saam met die Suid-Afrikaanse span op die Franse toer - en ek weet die Franse wat hier toer, het nog nie hulle vorm gewys nie. Hulle steek iets weg. Daar moenie te veel gelees word in die eerste wedstryde van die toer nie. Ons moet onthou ons speel teen die Vyf-nasies kampioen."

Hy sê dit lyk of dieselfde swakheid wat die Springbokke teen die Wallabies, All Blacks, Hane en Engelse geteister het wéér sy kop uitsteek. "Ons het nie die vaste voorspelers wat die spel moet oorheers nie. As ons weer 'n speler moet inspan soos Vleis Visagie van Natal, wat reeds lank rugby speel, het ons nie genoeg diepte onder die voorspelers nie," meen Van Rooyen.

"As die vaste voorspelers die mas opkom in die toetse, gaan daar weer rugby-sterre wees. As dit nie gaan gebeur nie, gaan daar moeilikheid wees."

DIE AGTERSTAND wat Suid-Afrikaanse rugby gehad het, is nie so groot dat dit nie binne 'n seisoen of twee ingehaal kon word nie, meen Gerhard Burger, senior sportskrywer en voormalige hoofredakteur van *Transvaler*.


Hy sê selfs gedurende die isolasiejare het die rugbykrag van die toetsunies vanweë die strawwe mededinging sterk gebly. Met toerspanne soos die Kavaliers en uitsendings van buitelandse rugbywedstryde het afrigters en spelers ook nie heeltemal kontak met die res van die wêreld verloor nie. "Voor die volgende Wêreldbekerreeks sal Springbokrugby weer 'n wêreldkrag wees."

Burger meen die klem in rugby het van skrums en lynstane na die behoud en besit van die bal verskuif, terwyl posisionering in die los en vaste los ook verbeter het.

HARRY VILJOEN, afrigter van Natal en voorheen van Transvaal, sê ná die vorige toer teen Engeland en Frankryk het rugbyafrigters besef daar is baie huiswerk wat gedoen moet word.

"Die afrigters het aan die spelstyl gewerk om groter vloeibaarheid en balvaardighede te bewerkstellig - wat duidelik in vanjaar se wedstryde blyk. Ian McIntosh, afrigter van die Suid-Afrikaanse span en voormalige afrigter van die Curriebekerkampioen, Natal, het baie daarmee te doen.

"Ons provinsiale spanne het beslis diepte," meen Viljoen. "Ek dink hulle is oor die algemeen groter en meer atleties gebou as oorsese spelers. In die komende toetsreeks teen die Franse gaan ons moeilik geklop word. Ek dink die SA span het 'n 60 persent kans om te wen."



**Ian McIntosh... die nuwe ghoeroe.**

As die Franse speel soos hulle kan speel, kan hulle 'n moeilike span wees om te klop, sê Viljoen. "Die Franse se vaste voorspelers is beweegliker as ons spelers en ek beskou dit as die groot gevaar in die toets. Hulle is ook meer atleties en het beter balvaardighede as die Suid-Afrikaanse voorspelers."

HENNIE BEKKER, oud-Springbok van die WP, reken die gereelde spanoefening en oefenkampe het grootliks die probleem uitgeskakel van spelers wat mekaar nie ken nie.

"Daar is 'n besliste verbetering sedert verlede seisoen," sê hy. "Dit kan grotendeels aan die goed gebalanseerde span van Ian McIntosh toegeskryf word.

"Die Franse is egter hier om te wen en daar moenie te veel in die eerste paar wedstryde van die toer gelees word nie," waarsku hy.

DIE SUID-AFRIKAANSE span het genoeg tyd gehad om die nuwe reëls onder die knie te kry voor die toetsreeks teen die Hane begin, sê Gysie Pienaar, oud-Springbok van die Vrystaat.

Veral die twee top-spanne wat aan die Super Tien-reeks deelgeneem het, het baie daartoe bygedra om die diepte van rugby weer te wys.

"Die vorige toetsreeks teen die Franse en die Engelse was beslis nie so 'n rampspoedige toer soos algemeen aanvaar word nie," sê hy. "Ons het nie soveel probleme gehad nie. Wat wel gebeur het, is dat ons kritieke foute onder druk gemaak het. As dit uitgeskakel word, sou die span nou net so goed vaar.

"Hoewel 'n toets nooit maklik is nie, is ek seker ons het vanjaar 'n kans." ■

TENNIS

# die grotes op die gras

*Op wie sit jy jou geld?*


DEUR **NEIL SIMMS**

STEFFI vir die vroue, behalwe as Martina haar klop - dít lyk na 'n uitgemaakte saak.

Maar gaan die mans-enkelspelle op Wimbledon vanjaar weer, soos in die vorige twee toernooie, 'n onverwagte wenner oplewer?

Dié antwoord hang seker af van wat as onverwags beskou word. André Agassi se oorwinning verlede jaar was ietwat van 'n verrassing omdat die Amerikaner, nes die legendariese Björn Borg, eintlik 'n agterbaanspeler is. En in 1991 het niemand van Michael Stich gehoor nie totdat hy die halfeindstryd gehaal het. Só onbekend was dié man dat die kommentator Trevor Quirk daarop aangedring het om hom eers "Stitch" en later "Stick" te noem. In die eindstryd het Quirk ons met ongeloof in sy stem daarop gewys dat die skeidsregter volhou om die Duitser "Stich" (die korrekte uitspraak) te noem.

Stich het toe sy vermaarde landgenoot Boris Boom-Boom Becker, vir die titel ge-outboom. Wie gaan dit vanjaar wees? Einste Stich? Becker op sy beste? Die Supersweed Edberg, stil soos 'n muis en vinnig soos 'n kat? Of Agassi, die Amerikaner wat so anders is dat hy die een toernooi waarin niemand hom 'n kans gegun het nie, kon wen?



Uit dié kwartet van voormalige Wimbledonse wenners - Agassi, Becker, Edberg en Stich - is dit net die huidige kampioen, die Yank, wat die titel maar by voorbaat op sy effe gesette pensie kan skryf en met sy hempie kan skoonvee. Talent, of vermoë, is nie die ding nie. Dit het hy laasjaar met skitterende oorwinnings oor Becker in die halfeind- en die lenige Ivanisevic in die eindstryd bewys. Maar vorm en voorbereiding, dís die dinge. Agassi was tot onlangs toe vir twee maande met gewrigsontsteking buite aksie.

Nee, soek jy 'n Amerikaner om vanjaar te wen, kyk eerder na Samprass of Courier. Lendl en Chang kon maar laasweek al André se hempie geleen het om hul mage mee skoon te vee. Courier eintlik ook. Op gras was die wêreld se nommer twee, en derde gekeurde vir die toernooi, nog nooit veel van 'n faktor nie. Samprass daarenteen, het die gladde, soepele styl en gevraagde, aanvallende arsenaal om op dié oppervlakte te presteer. Snaaks genoeg kon hy nog nooit dié bates in 'n formidabele grasbaan-spel ontwikkel nie. Dis of sy gemaklike, wye, vrye swaai effe gekortwiek word deur die spoed van gras; asof Pete die millimetries-volmaakte bons en ekstra millisekonde van hardebane beter benut.

Eerste gekeur is hy wel. Gunsteling, nee. Maar moet hom nie weggooi nie. As hy die missing link vind, die een skroef wat sy spel stywer kan vasdraai - konsentrasie miskien - sal Samprass, nou ja, daarvan hou om die dansbaan saam met Steffi oop te skoffel.

DIT WAT DIE Amerikaners betref. Die Duitsers se kanse lyk veel beter. Stich het op Queens met Becker afgereken en Suid-Afrika se Wayne Ferreira in die eindstryd oorrompel. Ferreira se nederlaag sê iets. Becker s'n nie. Die rooikop met bo-bene soos boomstompe beskou Wimbledon as persoonlike domein, nes die Pous die Vatikaanstad. Boris was maar 17 jaar en 7 maande oud toe hy in 1985 teen Kevin Curren gewen het. Ongelooflik soos dit mag klink, was hy selfs die volgende jaar, toe hy Lendl in die eindstryd geklop het, steeds jonger as enige ander manskampioen. Maar sedertdien het vier frustrerende jare verbygeglip waar hy die hertogin van Kent se grootste groet uit die rigting van gevallene moes gade slaan.

Wees verseker, dié leemte brand in Boris se siel. Met sy motivering vir tennis skort daar dalk 'n tikkie, maar die bane neffens Church Road skop gewoonlik sy kick-starter aan die brand. En as Boom-Boom eers bloed ruik, sal dit bars om hom van sy vierde titel te weerhou. Laver, in 1969, was die laaste man wat dit kon regkry; Borg, natuurlik, het dit vyf keer vermag.

En die ander Sweed, Edberg, twee keer - tot dusver. Die volmaakte heer met die allerbeste baanbeweging en balans vir die grasbaanspel. Ook 'n beter handrug as enige ander, kontemporêre speler.

Maar hy't drie probleme: Die voorarm (wat weliswaar met die tyd verbeter het); ouderdom; en 'n gepaardgaande wankelrige selfvertroue, 'n swakheid wat Edberg vroeër in sy loopbaan 'n slag of wat onnodig geknou het - veral teen Lendl, die ander "mental moffie" onder die maanhare.

DIT LAAT 'n paar groot slaners onder die gekeurdes: Ferreira (ja, hy moet seker 'n klein buitekansie hê); die Nederlander, Krajicek ('n aansienlik groter klein kansie as Wayne); die Amerikaner, Washington (met 'n kleiner klein kansie); en die kragtige Kroaat, Goran Ivanisevic met die afslane wat wissel tussen verskriklik en vreesaanjaend. Dis nou as dit werk.

Laasjaar, op Wimbledon, hét dit gewerk. Kishoue het soos kanonskote uit die Kroaat se raket ontplof. Goran het, soos Curren in '85 en Stich in '91, die eindstryd op sterkte van 'n skrikwekkende eerste afslaan gehaal.

Miskien is dit vanjaar weer so. Miskien doen Goran vir 'n verskeurde land wat die beseerde Monica Seles nie kans gegun is om te doen nie. ■



TENNIS

# die wortels van wimbledon

*Geniet jy Wimbledon? Dis nie heeltemal wat die Wallieser Walton Clopton Wingfield 119 jaar gelede in gedagte gehad het nie*

DEUR **NEIL SIMMS**

SPHAIRISTIKÉ.
Inderdaad 'n vreemde woord. En nie een wat geredelik met Wimbledon verbind word nie. Maar die verwantskap is, by wyse van spreke, nouer as dié tussen room en aarbeie.

In 1877, toe die eerste All England Championships gehou is, was tennis nog 'n jong sport - hoogstens 18 jaar oud. Minder as 'n dekade het verloop sedert 'n Engelsman genaamd Harry Gem en sy Spaanse vriend Perera in erns begin het met die ontwikkeling van 'n "pelota" (die Spaanse woord vir bal).

Die idee was vir 'n buitemuurse variasie op "ware tennis", oftewel "court" of "Royal tennis". Laasgenoemde was iets van 'n kruis tussen muurbal en tennis soos ons dit vandag ken - 'n spel met raket en bal tussen vier mure, met teenstanders weerskante van 'n net.

Dit was egter die Wallieser, Walton Clopton Wingfield, wat die kommersiële moontlikhede van 'n sport vir die gentry raakgesien het. Op 'n grasperk langs sy huis het hy onverpoos met die hoogte van die net, die grootte, kleur en gewig van die bal, en die dimensies van raket en baan geëksperimenteer.

Vroeg in 1874 het hy aansoek gedoen om Sphairistiké ('n naam afgelei van die Griekse woord vir "balsport") te patenteer. Op 22 Augustus dié jaar is die transaksie afgehandel vir 'n koste van 25 pond.

In die week van 2-9 Julie 1877, het Wimbledon - en tennis - fundamentele beslag gekry. Die vorm en grootte van die baan is bepaal, asook die metode van tellinghou. Henry Jones en sy komitee het voorts besluit die afslaners sou twee kanse op elke punt gegun word.

SO HET DIT dan gekom dat Sphairistiké se gewilde uurglasvormige speelarea met 'n reghoekige een van 78 by 27 voet vervang is - tot vandag toe die afmetings van die enkelspel-baan.

Jones en sy twee komiteelede het ook bepaal dat "ware tennis" se metode van tellinghou (15, 30, 40 en gelykop) ingespan moes word eerder as die metode wat in 1875 deur die MCC aanbeveel is - naamlik dat net die speler wat afslaan sy telling kon verbeter (soos in muurbal). Terloops, die uitroep "love" soos in "40 love" - het sy ontstaan aan l'oeuf, ofte wel eier of sirkel, te danke.

Feitlik al betekenisvolle veranderings wat sedertdien aan die basiese reëls van tennis aangebring is, is die hoogte van die net, wat van 5 voet aan die kante en 3 voet 3 duim in die middel tot 3 voet 6 duim aan die kante en 3 voet in die middel verlaag is; die dienlyn, wat van 26 voet van die net tot 21 voet ingekort is; en die uitklop-pot.

Trek 'n mens die oorlogsjare af - 1915-1918 en 1940-1945 toe Wimbledon opgeskort is - is dit vanjaar die 107e toernooi en soos altyd wag daar in dié tye van "waarskynlik snerpende koue" vele ure van breë leunstoele, dik komberse en warm drinkgoedjies op fêns van die eertydse spel genaamd Sphairistiké. ■

FORMULE EEN

## PROST SE PERDE

**VOLGENDE SONDAG,** 4 Julie, vind die Wimbledonse eindstryd vir mans plaas. Op dieselfde dag word die Franse Formule Een Grand Prix op Magny-Cours beslis. Sedert die Kanadese Grand Prix het dit gegons oor FISA se beslissing dat aktiewe suspensie en wieltol-beheer onwettig is. Gaan die Formule Een-spanne hulle by die nuwe reëls neerlê? Indien wel, wat sal die gevolge wees?
VWB hoop en bid vir kleiner verskille tussen veral die Williams-Renaults en die res. Dis 'n skande dat Alain Prost elke tweede Sondag soveel meer pêre kan opsaal. En 'n nog groter skande, dat Ayrton Senna hom so dikwels ore aansit, selfs met 'n agterstand van bykans 'n 100 hingste. Wat sou Ayrton nie in die Williams gedoen het nie? 'n Donington elke keer?

# Oor skuimbekke, kruisvaarders en lapelvreters

## FREDERIK VAN ZYL SLABBERT

*sê aan* HENNIE SERFONTEIN *waar hy staan met die SAUK-Raad*



**Waarom die noodvergadering van die SAUK-Raad wat vir Donderdag 24 Junie belê is?**

Al het die Raad tans wel met 'n geloofwaardigheidsprobleem te doen vanweë probleme wat ontstaan het met sy aanstelling en samestelling, is die Raad nietemin wetlik gekonstitueer. In dié verband is daar eintlik net twee keuses waaroor die Raad enige beheer het: óf om vrywillig te ontbind, óf om voort te gaan soos aangestel en die beste te maak van 'n moeilike situasie. Om te sê die Raad moet slegs uit 18 of 32 lede bestaan, of dat dit sy eie voorsitter/ondervoorsitter moet aanstel, lê statutêr buite die Raad se bevoegdheid. Met sy eerste vergadering het die Raad besluit om voort te gaan soos saamgestel. Dit was my voorneme om op dié vergadering as voorsitter te bedank omdat ek nie die wyse aanvaar waarop ek voorsitter geword het nie. Die Raad het my egter eenparig gevra of ek sal aanbly tot einde Julie om te help met 'n moeilike aanvangsperiode. Ek het ingestem. Intussen was daar sekere ontwikkelings wat sowel die raad se besluit as my tydelike posisie as voorsitter moontlik kan ondermyn. Daarom het ek die spesiale vergadering byeengeroep.

**'n "Geheime" byeenkoms tussen lede van die Campaign for Independent Broadcasting (CIB) en sekere raadslede waar omstrede besluite geneem is, het glo 'n rol in dié verband gespeel.**

Dit is so. Dit is moeilik om vas te stel presies wat die status en betekenis van dié vergadering was.

**Jy sê dis dringend belangrik dat die Raad se legitimiteit gevestig word. Wat bedoel jy?**

Sover moontlik moet die Raad bó politieke kontroversie geplaas word. Met ander woorde dit moet redelik aanvaarbaar wees dat die aanstelling en samestelling daarvan openlik en onpartydig geskied het. Sodoende sal die Raad meer vrymoedig en doeltreffend kan werk.

**Hoe kan die Raad sy legitimiteit vestig in die lig van die storms daar rondom?**

In 'n sekere sin is die koeël deur die kerk. Die huidige Raad sit met 'n legitimiteitskrisis waarvoor dit nie verantwoordelik is nie. Die werklike krisis het buite die Raad ontstaan en dit kan slegs dáár opgelos word. Al wat die huidige Raad in dié verband kan doen, is om óf te ontbind en die krisis terug te gooi waar dit hoort, óf om voort te gaan soos aangestel en deur sy optrede te wys dit kan onder moeilike omstandighede tog 'n redelike taak verrig. Dit is 'n skrale kans, veral as daar vanuit die Raad self of daarbuite nie so 'n kans gegun word nie.

**Is daar 'n kans dat jy kan aanbly as voorsitter?**

Ek is onder geen omstandighede bereid om aan te bly as voorsitter in die huidige situasie nie. Ek het dit van die af begin duidelik gestel. Trouens, ek sal selfs my lidmaatskap as raadslid heroorweeg as dié onverkwiklike situasie voortduur. Dit was van die begin af my oortuiging dat die voorsitter/ondervoorsitter deur die Raad self gekies moet word en daarna bekragtig, maar nie verander mag word nie. Ek staan nog daarby. Die voorsitter/ondervoorsitter mag nie die prerogatief van die NP, die ANC, die CIB of selfs 'n paneel van regters wees nie. Sou die Raad, vir sover moontlik gestroop van die huidige politieke kontroversie, my vra om voorsitter te wees, sal ek dit aanvaar, mits daar redelikerwys ooreengekom is oor die werklas. Ek sou met vrymoedigheid dien onder enige ander persoon wat tot dié posisie verkies is. Dit het ek byvoorbeeld persoonlik aan prof Ndebele gesê.

**Jy is sterk gekritiseer uit die CIB- en ANC-kringe omdat jou tydelike aanbly as voorsitter na bewering vir FW de Klerk uit 'n politieke verleentheid gered het. Uit ANC-kringe word beweer jou politieke geloofwaardigheid is erg geskaad.**

Ek verwerp dié aantygings. Ek het aangebly omdat die Raad my gevra het - oor niks anders nie. Daar is niks wat enige lid van die Raad verhoed om te bedank nie. As meer as vyf sou bedank, is daar statutêr geen Raad nie en is De Klerk in elk geval in die verleentheid. Dit is nie buite die vermoë van die CIB en die ANC om ten minste vyf lede sover te kry om te bedank nie. Hoekom doen hulle dit nie? 'n Mens sou kon argumenteer omdat hulle dit nie doen nie, is húlle besig om De Klerk uit 'n verleentheid te help. Ek glo dit nie. Ek dink eerder hulle wil hê die geloofwaardigheidskrisis moet voortsleep sodat hulle mekaar kan bykom. In die proses ly die Raad daaronder.

**Hoe sien jy die SAUK vorentoe? Stem jy met die CIB saam daar moet 'n radikale vernuwing kom om die SAUK onmiddellik as 'n openbare uitsaaier te vestig?**

Die SAUK is 'n groot en komplekse organisasie - meer as 5 000 personeellede met 'n jaarlikse begroting van 'n miljard rand. Enigiemand wat dink jy kan "uitskop", "radikaal vernuwe", "skoonmaak" en "uitvee", lewe in 'n droomwêreld en sal die land 'n onguns bewys. Die SAUK moet 'n kritieke rol speel in die oorgang, die verkiesing en vernuwing. Daarvoor sal dit ingrypend, stelselmatig en planmatig aangepas moet word. Daar is geen kwessie dat daar 'n behoefte is nie en dit is een rede waarom 'n Raad tot stand moet kom wat nie polities gekniehalter is nie.

**Jy word gekritiseer as synde 'n professionele voorsitter.**

Dis nie ongeldige kritiek nie. Ek raak betrokke by dinge waarin ek belangstel en voor ek weet, sit ek voor. Ek sal moet verminder en inkort. Maar die SAUK-petalje is die eerste keer dat ek voorsitter word sonder dat ek wou, iets daarvan geweet het, of gevra is.

**Jy is onverwags die sentrale figuur in een van die mees bisarre en unieke politieke krisisse. Met jou persoonlike integriteit in gedrang, hoe ervaar jy dit?**

My eie sin van persoonlike integriteit het nog nooit afgehang van skuimbekke, politici, kruisvaarders en lapelvreters nie. Ek slaap nog goed. ■

# NOU KAN JY JOU PRYSREEKS VERLAAG SONDER OM JOU STANDAARDE TE VERLAAG.



## ONS STEL DIE HP LASERJET 4L BEKEND.

As jy nog altyd na 'n HP LaserJet gehunker het, maar afgeskrik is deur die prys, het ons 'n paar goeie redes waarom jy een kan besit.

Dis die kleinste, ligste laserdrukker wat nog ooit vervaardig is.

Die HP LaserJet 4L is gebruikersvriendelik met eensleutel beheer. Dit kan onmiddellik saam met al jou bestaande druklêers, gunsteling woordverwerking, grafiese en spreitabelprogrammatuur gebruik word.

Unieke Resolusie Versterkingstegnologie en mikrofyn toner versterk sy 300 kolletjies per duim om duidelike letters, soliede vuller en gladde lyne wat duidelik op die bladsy vertoon, te verseker.

Daar is 'n slaapmodus wat krag bespaar, 'n ekono-modus wat jou in staat stel om met minder toner te druk en genoeg geheue vir egte, volblad kpd grafiese drukwerk.

Daarbenewens verseker 26 lettertipes dat jou memo's, kaarte en al jou dokumente so professioneel moontlik lyk.

Wat nog meer is, dit hou aan werk, gerugsteun deur HP se legendariese reputasie vir betroubaarheid en gehalte.

Die nuwe HP LaserJet 4L voldoen presies aan al jou verwagtinge van 'n HP LaserJet teen 'n prys wat nie jou sak sal skud nie.

Vir meer inligting skakel jou naaste goedgekeurde handelaar of vir Ros Pribut (011) 806 1000, Steve Cruickshank (021) 685 7922 of Silvana Angelosante (031) 207 2073.

*Lewer ons beste. Om die beste te wees.*

HiPerformance Systems

ALLEENGEMAGTIGDE VERSPREIDER

**DIE HEWLETT-PACKARD LASERJET 4L.**

HEWLETT PACKARD

THE JUPITER DRAWING ROOM


"My brandy, like my clothes, must have a Superior label."
Connoisseur
V.O. Superior Brandy.
For those who know.
A classic blend of style and taste.
Consistently smooth. Distinctive. Discerning.
CONNOISSEUR
THE WHITE HOUSE 2100/E